



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

2012

FAKULTEIT **NATUURWETENSAPPE** JAARVERSLAG
FACULTY OF **SCIENCE** ANNUAL REPORT



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

2012

FAKULTEIT **NATUURWETENSAPPE** JAARVERSLAG
FACULTY OF **SCIENCE** ANNUAL REPORT

© 2012 Universiteit Stellenbosch | Stellenbosch University

Gedrukte weergawe | Printed copy
ISBN 978-0-7972-1456-9

Elektroniese weergawe | Electronic copy
ISBN 978-0-7972-1457-6

Redaksionele span | Editorial team
Wiida Fourie-Basson, Comari Schoeman en Engela Duvenage

Uitleg en Ontwerp | Layout and Design
Carina Myburgh, Sublime Design

Drukwerk | Printing
Boland Drukkers, Wellington

Voorbladfoto

'Quiver trees by night 2' deur Prof Florian Breuer

Hierdie panoramiese en surrealistiese foto van kokerbome en die Melkweg het in April 2013 die kortlys gehaal in die oop kategorie van die Wêreldfotografie-toekennings. Met meer as 122 000 inskrywings vanuit 170 lande, word die wedstryd gereken as een van die wêreld se voorste fotografie-toekenningsprogramme.

Cover photo

'Quiver trees by night 2', courtesy of Prof Florian Breuer

In April 2013, this panoramic and surrealistic picture of quiver trees and the Milky Way was shortlisted in the open category for the World Photography Awards. With over 122 000 entries from 170 countries, the competition is regarded as one of the world's leading global photographic awards programmes.

Inhoud | Content

4	Verslag uit die Dekaan se kantoor
6	Report from the Dean's office
	Departementele Verslae
9	Aardwetenskappe
13	Biochemie
17	Chemie en Polimeerwetenskap
23	Fisika
29	Fisiologiese Wetenskappe
33	Mikrobiologie
37	Plant- en Dierkunde
45	Wiskundige Wetenskappe (<i>Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap</i>)
	Departmental Reports
55	Earth Sciences
59	Biochemistry
63	Chemistry and Polymer Science
69	Physics
75	Physiological Sciences
79	Microbiology
83	Botany and Zoology
91	Mathematical Sciences (<i>Mathematics, Applied Mathematics, Computer Science</i>)
100	Publikasielyst Publication List
115	Kontak Ons Contact Us

Verslag uit die **Dekaan se kantoor**

As ons terugkyk op 2012 is daar baie om op trots te wees: ons vakkundigheid en vaardighede is uitgebrei met verskeie uitstekende personeelaanstellings; die getal publikasies wat subsidies verdien het, het 'n nuwe rekordhoogte bereik, en so ook die getal wetenskaplikes wat deur die Nasionale Navorsingstigting geëvalueer is.

Verskeie van ons wetenskaplikes het nasionale en internasionale erkenning vir hul werk ontvang en ons akademiese departemente het die hoogste getal doktorsale graduandi in ons geskiedenis opgelewer.

Die fakulteit het, gemeet aan sy wetenskapsuitsette, volgens die Quacquarelli Symonds (QS) World University Rankings van die 331ste plek in 2001, opgeskuif na die 288ste plek in 2012. Dit is in ooreenstemming met die universiteit se visie dat die US 'n navorsingsgedrewe instelling van uitnemendheid moet wees en terselfdertyd ook 'n gerespekteerde kennisvennoot in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld. Die getal akademici wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) geëvalueer is, het van 84 in 2009 tot 100 in 2012 gegroei.

Twee bykomende SARChI-leerstoele is aan die fakulteit toegeken, sowel as een wat met die Universiteit van Venda gedeel word. Prof Jacky Snoep is die leerstoelhouer in Meganistiese Modelling van Gesondheid en Epidemiologie. Hierdie leerstoel is gekoppel aan die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Analise (SACEMA). Die nuwe SARChI-leerstoel in Wiskundige en Teoretiese Fisiese Biowetenskappe word gedeel met die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) en sal binnekort gevul word.

Verskeie van ons wetenskaplikes het nasionale en internasionale erkenning ontvang. Dit sluit in prof Leon Dicks, wat 'n toekenning van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum (NSTF) ontvang het; prof Dave Richardson, wat die John FW Herschel-medalje van die Koninklike Vereniging van Suid-Afrika ontvang het; en prof Jannie Hofmeyr, wat 'n genootskap van die Berlynse Instituut vir Gevorderde Navorsing ontvang het. Prof Liz Bressan is aangestel as lid van 'n kommissie van die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO) en prof Kathy Myburgh is genooi om deel te wees van die paneel deskundiges van die Gatorade Sportwetenskapinstituut in Amerika.

Gedurende 2012 het verskeie personeellede lidmaatskap ontvang van die Suid-Afrikaanse Wetenskapakademie: hulle is prof Michael Cherry van die Departement Plant- en Dierkunde; prof Alf Botha van die Departement Mikrobiologie; en prof Klaus Koch, uitvoerende hoof van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap. Prof Eric Strauss van die Departement Biochemie het lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Jong Wetenskaplikes (SAYAS) ontvang.

Ons voormalige dekaan, prof Eugene Cloete, is nou 'n genoot van die Koninklike Vereniging van Suid-Afrika. Hy is ook aangestel as die Universiteit Stellenbosch se nuwe Viserektor: Navorsing en Innovasie met ingang September 2012. Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om prof Cloete te bedank vir die uitsonderlike energie, kreatiwiteit en passie waarmee hy die fakulteit vanaf 2009 tot Augustus 2012 bestuur het.

Teen die einde van 2012 het die fakulteit 'n Natuurwetenskappe Onderrig en Leer-besprekingsforum gestig onder leiding van prof Ingrid Rewitzky, Visedekaan: Onderrig, saam met dr Hanelie Adendorff van die Sentrum vir Onderrig en Leer en dr Margaret Blackie van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap. Die doel van die forum is om die onderrig- en leerfunksie in die fakulteit te ondersteun, sowel as om navorsing oor hierdie onderwerp aan te moedig.

'n Meer interaktiewe benadering tot onderrig in lesings en tutoriale vir sommige modules het bygedra tot 'n leerervaring vir studente wat meer aktiewe

Verskeie van ons wetenskaplikes het nasionale en internasionale erkenning vir hul werk ontvang en ons akademiese departemente het die hoogste getal doktorsale graduandi in ons geskiedenis opgelewer.

betrokkenheid van hulle vereis. Alhoewel die impak van hierdie benadering nog nie ten volle meetbaar is nie, het dit beter en meer langdurige begrip ten doel. Ten einde soortgelyke inisiatiewe aan te moedig, het die fakulteit Onderrigontwikkelingsfondse van die Departement van Hoër Onderwys bekom. Hierdie geld sal gebruik word vir projekte om voorgraadse studente se slaagsyfer te verbeter en om terselfdertyd die interaktiewe onderrigvaardighede van dosente te verbeter.

Ná 'n kritiese hersiening van al die programme se finalejaarkurrikulum, is twee hoofvakke vir finalejaars in die meeste van die programme heringestel. Hierdie programverandering stel die fakulteit in staat om studente met diepgaande kennis toe te rus vir nagraadse studies en hulle twee moontlike opsies vir honneurstudies te bied.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe het in 2012 soos die res van die universiteit 'n afname in nuwe studente-inskrywings ervaar. Dit lyk egter of dit net 'n tydelike probleem was. Ons is egter besorg oor die klein afname in die diversiteit van ons voorgraadse studente-inname. 'n Ondersoek na moontlike redes hiervoor het getoon dat gebrekkige finansies die belangrikste rede vir lae registrasiegetalle was. Die fakulteit het derhalwe die getal werwingsbeurse van 46 in 2012 na 149 in 2013 vermeerder.

Ongeveer 35% van ons nagraadse studente is afkomstig uit benoemde groepe. Die herstel van 'n diverse studentekorps, sowel as groter diversiteit in ons personeelsamestelling, bly belangrike doelwitte vir die toekoms.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe se personeel is ons belangrikste bate. Daarom is ons trots op die voortreflike verslae van ons agt akademiese departemente, en blyk dit duidelik dat ons steeds 'n beduidende bydrae lewer tot die welwees en volhoubaarheid van die universiteit en die Suid-Afrikaanse samelewing oor die algemeen.



Prof Doug Rawlings
Dekaan (waarnemend):
Fakulteit Natuurwetenskappe,
Universiteit Stellenbosch



Prof Terry Robinson
Visedekaan: Navorsing,
Fakulteit Natuurwetenskappe,
Universiteit Stellenbosch



Prof Ingrid Rewitzky
Visedekaan: Onderrig,
Fakulteit Natuurwetenskappe,
Universiteit Stellenbosch

Report from the **Dean's office**

There are many things to be proud of for 2012: we expanded our expertise and skills base with some excellent appointments; the number of subsidy earning publications reached a new record, as did the number of our NRF-rated scientists.

Several of our scientists have received national and international recognition for their work and our academic departments delivered the highest number of PhD graduates in our history.

Based on its scientific outputs, the faculty moved from position 331 in 2011 to 288 in 2012 in the Quacquarelli Symonds (QS) World University Rankings of faculties in the natural sciences. This is in line with the university's vision to be a research-led academic institution of excellence and a respected knowledge partner in South Africa, Africa and the world. The number of academics who have been rated by the National Research Foundation (NRF) increased from 84 in 2009 to 100 in 2012.

The faculty was awarded two additional SARChI chairs, as well as one shared with the University of Venda. Prof Jacky Snoep was awarded the research chair in Mechanistic Modelling of Health and Epidemiology which is linked to the South African Centre for Epidemiological Modelling and Analysis (SACEMA). The new SARChI chair in Mathematical and Theoretical Physical Biosciences, which the faculty shares with the African Institute for Mathematical Sciences (AIMS), is in the process of being filled.

Many of our scientists received national and international recognition. This includes Prof Leon Dicks, who received an award from the National Science and Technology Forum; Prof Dave Richardson, who was awarded the John FW Herschel Medal of the Royal Society of South Africa; and Prof Jannie Hofmeyr, who received a fellowship at the Berlin Institute for Advanced Study. Prof Liz Bressan was appointed as a member of a commission of the United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) and Prof Kathy Myburgh was invited to partake in the expert panel of the Gatorade Sport Science Institute in America.

During 2012 several of our staff members were accepted as members of the Academy of Science of South Africa: they are Prof Michael Cherry from the Department of Botany and Zoology, Prof Alf Botha from the Department of Microbiology and Prof Klaus Koch, executive head of the Department of Chemistry and Polymer Science. Prof Eric Strauss, from the Department of Biochemistry, became a member of the South African Young Academy of Science.

Our former dean, Prof Eugene Cloete, was made a Fellow of the Royal Society of South Africa, and appointed as Stellenbosch University's new Vice-rector: Research and Innovation, from September 2012. We would like to make use of this opportunity to thank Prof Cloete, who was dean from 2009 until August 2012, for the exceptional energy, creativity and passion with which he managed this faculty.

At the end of 2012 the faculty established a Science Teaching and Learning Discussion Forum under the guidance of Prof Ingrid Rewitzky, Vice-Dean: Teaching, together with Dr Hanelie Adendorff from the Centre for Teaching and Learning and Dr Margaret Blackie from the Department of Chemistry and Polymer Science. The aim of the forum is to support the teaching and learning function in the faculty, as well as promoting research on this topic.

“
**Several of our scientists
 have received national and
 international recognition for
 their work and our academic
 departments delivered the
 highest number of PhD
 graduates in our history.**”

Interactive teaching approaches in lectures and tutorials for some modules have contributed towards a more active and engaging learning experience for students. Although the impact of this approach is not fully measurable yet, it is creating an opportunity for deeper and enduring understanding. As a step towards encouraging more such initiatives, the faculty successfully secured Teaching Development Grants from the Department of Higher Education with the aim of improving the pass rate of undergraduate students, while also developing the interactive teaching skills of lecturers.

After a critical review of the undergraduate final year curricula of all programmes, a double major was reinstated in most of the programmes. This programme renewal enables the faculty to equip students with more in-depth knowledge for postgraduate studies and allows them two possible options for honours studies.

Like the university as a whole, the Faculty of Science recorded a decrease in new student enrolment in 2012. Fortunately, the latter concern appears to be temporary. However, we are concerned about the small decrease in the diversity of our undergraduate student intake. An investigation into the reasons suggested that a lack of finance was the single most important contributor to low registration. The number of recruitment bursary offers from the faculty was therefore increased from 46 in 2012 to 149 in 2013.

Approximately 35% of our postgraduate students are from designated groups. The recovery of student diversity on all levels, and an increase in staff diversity, remains a major focus for the future.

The Faculty of Science values its people as its most important asset. We are proud of the excellent reports of our eight academic departments, and it is evident that the faculty continues to be a major contributor to the wellbeing and sustainability of this university and South African society in general.



Prof Doug Rawlings

Dean (acting):
 Faculty of Science,
 Stellenbosch University



Prof Terry Robinson


Vice-Dean: Research,
 Faculty of Science,
 Stellenbosch University



Prof Ingrid Rewitzky

Vice-Dean: Teaching,
 Faculty of Science,
 Stellenbosch University

Departement Aardwetenskappe



Navorsers bestudeer die chemiese en minerale samestelling van ysterpartikels in die osean tussen Kaapstad en Antarktika. Hierdie navorsing dra by tot beter begrip van hoe spoorvoedingstowwe die produktiwiteit van oseane beïnvloed en sodoende die globale koolstofkringloop, die aansuring van die oseane en klimaatsverandering raak. Die kaart en sirkeldiagramme hierbo beskryf die relatiewe verspreiding van ysterspesies volgens hul spektrale eienskappe. Die navorsingsbevindings is gepubliseer in *Science*, 'n toonaangewende internasionale vaktydskrif.

Departement **Aardwetenskappe**

Navorsingsbelange

Tektoniek en orogeniese prosesse; sedimentologie van die Karoo-kom; petroleumgeologie; petrogenese van granitiese gesteentes; metamorfe petrologie; spoorelement- en isotopiese geochemie; eksperimentele petrologie; skuifskurdraende goudafsettings; massiewe sulfiedafsettings; swaarmineraal-plaserafsettings; metaalgenese van mobiele stroke; omgewings-, water- en grondgeochemie.

Navorsingsuitsette

Artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte	19
Boeke	1
Konferensieverrigtinge	1
Redaksionele aktiwiteite (boeke en vaktydskrifte)	4
MSc-studente in 2012 gegradueer	8
PhD-studente in 2012 gegradueer	5

Navorsingshoogtepunte

Prof Gary Stevens se leerstoel binne die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief (SARChI) is hernu en is tot 'n Vlak I-leerstoel met verhoogde befondsing opgegradeer. Sy NNS-navorsingsgradering is ook verhoog. Verder het hy 'n programrede getiteld "From Anatexis to Granite: an Examination of How Melt Chemistry and Peritectic Assemblage Entrainment Shape Granite Compositions" by die 34ste Internasionale Geologiese Kongres in Australië gelewer.

Prof Abraham Rozendaal het in November as voorsitter by die Raad vir Geowetenskap se Namakwa-landinisiatief-werkswinkel opgetree, waar hy ook 'n lesing gegee het.

Prof Alex Kisters se NNS-gradering is opgegradeer en hy het beduidende befondsing vir 'n omvangryke navorsingsprojek van drie jaar met AngloGold Ashanti in Tanzanië bekom.

Prof Ian Buick het as Spesiale Besoekende Navorser drie jaar se befondsing as deel van die Brazilian Science Without Borders-program verkry.

Die PhD-student Bjorn von der Heyden, sy promotor prof Alakendra Roychoudhury, en 'n aantal ander bydraers het gesamentlik 'n hoëprofielreferaat in die tydskrif *Science* gepubliseer. Die titel van die referaat is: "Chemically and Geographically Distinct Solid-Phase Iron Pools in the Southern Ocean".

Kontakinligting

Tel 021 808 3124

Faks 021 808 3129

E-pos roy@sun.ac.za

Web www.sun.ac.za/earthSci

Akademie sake

Die honneurskohort vir 2012 behels 'n rekordgetal van 34 studente en dui die jaartot-jaar-styging aan wat ons sedert 2007 kon volhou, toe ons die helfte van die getal gehad het. Gegewe die aard van ons projekgedrewe honneursprogram, word dit moeiliker om groter getalle te hanteer. Dit het egter geen impak op die departement se vermoë om leiding aan MSc- en PhD-studente te gee nie, aangesien hulle uit eksterne bronne, sowel as uit die beste kandidate onder ons honneursgegradueerdes gewerf word.

Die departement het as gasheer vir 18 MSc- en 7 PhD-studente opgetree, 'n beduidende kohort gewee ons personeelsterkte.

Diens aan die wetenskaplike gemeenskap

Prof John Clemens is die voorsitter van die Aardwetenskappegraderingspaneel van die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Hy is die stigterpresident van die Stolling- en Metamorfe-studiegroep (geaffilieer by die Geologiese Vereniging van SA) en 'n lid van die PostNOMAD-boorprogram se reëlingskomitee.

Prof Alakendra Roychoudhury is 'n mederedakteur van die internasionale tydskrif *Applied Geochemistry*, 'n raadslid van die Internasionale Vereniging van Geochemie (IAGC), 'n lid van die Meriete-toekenningskomitee van die IAGC en die Geochemiese Vereniging, en 'n stigterslid van die Afrika-aardwaarnemingsnetwerk (AEON). Daarbenewens is hy 'n raadslid van die Mariene Navorsingsinstituut (MARE) aan die Universiteit van Kaapstad, 'n reëlingskomiteelid van die NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Klimaat- en Aardsisteemwetenskap (ACCESS) en die Internasionale Geotraces-program, asook 'n lid van die Nasionale Oseanografiese toerusting- en beplanningskomitee.

Prof Gary Stevens is 'n komiteelid van die Wes-Kaapse streeksprogram vir die aankoop van duur toerusting (REEP). Hy lewer 'n belangrike bydrae in sy posisie as direkteur van die Sentrale Analitiese Fasiliteit (SAF) aan die Universiteit Stellenbosch, en as bekleër van die SARChI-leerstool in Eksperimentele Petrologie in die Departement Aardwetenskappe, wat deur die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoolinisiatief (SARChI) ondersteun word. Hy is 'n lid van die redaksionele rade van *Lithos*, *Terra Nova* en die *Journal of Metamorphic Geology*.

Prof Alex Kisters dien op die redaksionele raad van die *South African Journal of Geology* en is 'n paneellid van die NNS se nasionale Antarktiese program, SANAP.

Prof Ian Buick is 'n lid van die redaksionele rade van *Lithos* en *Gondwana Research*.

Dr Jodie Miller is die voorsitter van die Wes-Kaapse tak van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika (GSSA).

Prof Dirk Frei is 'n permanente lid van die Europese Wetenskapstigting se groep beoordelaars van navorsingsvoorstelle.

Die akademiese personeel in die departement dien gereeld as beoordelaars van wetenskaplike referate, navorsingsvoorstelle en graderingsaansoeke (nasionaal en internasionaal). Hulle tree ook as eksterne eksaminatore vir MSc- en PhD-kandidate op.

Toekennings aan personeel en studente

Me Taryn-Kim Rudnick het die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika se Haughtonprys vir die beste BSc-honneurstesis in die aardwetenskappe aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit ontvang. Haar tesis handel oor aspekte rakende die oorsprong van die Swartberg-Cu-Pb-Zn-Ag-afsettings in die noordweste van Suid-Afrika.

Personeelsake

Dr Catherine Clarke (omgewings- en grondgeochemie) het as dosent van die Departement Aardwetenskappe na Grondwetenskap oorgeskuif. Haar plaasvervanger, dr Susanne Fietz, het op 1 Januarie 2013 haar pos aanvaar.

Prof Axel Gerdes van die Goethe Universiteit (Duitsland) is gedurende 2012 as buitengewone professor aangestel.

Prof Gerdes is 'n vermaarde navorser in geochemie en isotopiese geowetenskap.

Samewerking

SUID-AFRIKA

Landbou Navorsingsraad, Nietvoorbij
iThemba Labs

Raad op Geowetenskappe
Rhodes Universiteit

Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie (NECSA)

Universiteit van Kaapstad

Universiteit van Pretoria

Universiteit van die Wes-Kaap

Universiteit van die Witwatersrand

Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

AFRIKA

Geologiese Opname van Namibië
Universiteit van Namibië

INTERNASIONAAL

Algemeen

Geotraces Internasionaal (Australië, Verenigde Koninkryk, VSA)

Australië

Australiese Nasionale Universiteit
Curtin Universiteit van Tegnologie
James Cook Universiteit
Museum Victoria
Universiteit van Adelaide
Universiteit van Monash

Brasilië

Federale Universiteit van Ouro Preto

China

Chinese Universiteit van Geowetenskappe, Wuhan

Denemarke

Geologiese Opname van Denemarke en Groenland

Duitsland

Aachen Universiteit van Tegnologie
Freiburg Universiteit
Memorial Universiteit
Universiteit van Hamburg

Finland

Universiteit van Helsinki

Frankryk

Universiteit van Blaise-Pascal, Clermont-Ferrand
Universiteit van Brest
Universiteit van Parys VII
Universiteit van Rennes
Universiteit van St Etienne

Ierland

Universiteitskollege van Dublin

Indië

Indiese Instituut van Tegnologie-Kharagpur
Universiteit van Rajasthan

Italië

Universiteit van Padova

Japan

Shizuoka Universiteit

Kanada

McGill Universiteit
Universiteit van Ottawa

Nederland

Delft Universiteit van Tegnologie
Rijksuniversiteit Groningen
Universiteit van Utrecht

Spanje

Universiteit van Grenada

Swede

Linköping Universiteit

Switserland

Universiteit van Lausanne

Foto: Engela Duvenage



Mnr Bjorn von der Heyden en sy studieleier, prof Alakendra Roychoudhury.

Doktorale student publiseer in Science

'n Doktorale student in Aardwetenskappe het geskiedenis gemaak toe hy die eerste doktorale student in die fakulteit geword het om 'n artikel in die toonaangewende internasionale vaktydskrif Science te publiseer.

Die artikel, deur **mnr Bjorn von der Heyden** en sy studieleier, **Prof Alakendra Roychoudhury** van die Departement Aardwetenskappe, is in November 2012 gepubliseer in samewerking met Princeton Universiteit en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad.

Die studie – van ysterpartikels in die seewater tussen Kaapstad en Antarktika – is die eerste van sy soort en die monsters is tydens drie navorsingsreise oor die Suidelike Yssee ingesamel. Die navorsers het die chemiese en minerale samestelling van die partikels in die oppervlakwatermonsters geanaliseer en vyf verskillende soorte ysterpartikels geïdentifiseer.

Die bevindinge dra by tot beter begrip van hoe spoorvoedingstowwe die produktiwiteit van oseane beïnvloed en sodoende die globale koolstofkringloop, die aansuring van die oseane en klimaatsverandering raak.

Mnr Von der Heyden het 'n nuwe tegniek ontwikkel om die chemie van die ysterpartikels te verstaan en het 'n X-straalgebaseerde metode gebruik om nanogrootte ysterpartikels in seewater op te spoor, te ontleed en te karteer. Hiervoor moes hy siklotron-toerusting by die Lawrence Berkeley nasionale laboratorium gebruik, aangesien soortgelyke partikelversnellers nog nêrens in Afrika beskikbaar is nie.

Verenigde Koninkryk

Leeds Universiteit
Liverpool Universiteit
Universiteit van Durham
Universiteit van Edinburgh
Universiteit van Newcastle

Verenigde State van Amerika

Colorado Skool van Mynbou
Lehigh Universiteit
Princeton Universiteit
Woods Hole Oseanografiese Instituut

Befondsing

Anglo Base Metals
AngloGold
AngloGold Ashanti
AngloPlatinum
Australiese Navorsingsraad
BHP Billiton
Chevron Texaco
ConocoPhillips
Europese Unie
ExxonMobil
Geologiese Vereniging van Suid-Afrika
Inkaba ye Africa
Kumba Hulpbronne
Namaqua Sands
Nasionale Navorsingstigting
Regering van Gaboen
Schlumberger
StatoilHydro
TransHex
Waternavorsingskommissie
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

Personeel

Doserend

Prof JD Clemens
Prof IS Buick
Dr R Heyn
Prof A Kisters
Dr M Klausen
Dr D Mikes
Dr J Miller
Prof A Roychoudhury (departementshoof sedert Oktober 2012)
Prof A Rozendaal
Prof G Stevens

Buitengewone professore

Prof A Gerdes
Prof N Phillips
Prof W Verwoerd

Buitengewone medeprofessor

Prof D Frei

Buitengewone senior lektor

Dr I Basson

Ondersteuningspersoneel

L Conradie
G Olivier
F Timmey

Navorsers met NNS-graderings

Internasionaal erkende navorser

Prof John Clemens
(stollings- en eksperimentele petrologie)
Prof Ian Buick
(metamorfe petrologie, geochemie en isotopiese geochemie)
Prof Gary Stevens
(SARCh-leerstoel in eksperimentele petrologie)
Prof Alex Kisters
(strukturele geologie en tektoniek)




Gevestigde navorser

Prof Alakendra Roychoudhury
(omgewingsgeochemie en hidrologie)

Wetenskaplikes bestudeer die beheer en regulasie van sellulêre prosesse deur middel van teorie, rekenaarmodellering en eksperimentele benaderings. In hierdie voorbeeld (onderstaande grafiek) het hulle 'n gedetailleerde wiskundige model vir glikolitiese ossilasies van gis geskonstrueer; ten einde die sinkronisasie van ongelykfasige gispopulasies in meng-eksperimente te bestudeer. Dieselfde model is daarna gebruik om die eksperimentele voorwaardes vir metaboliese ossilasies in geïsoleerde gisselle te bepaal. In samewerking met navorsers van die Universiteit van Gothenburg was hulle die eerste om standhoudende glikolitiese ossilasies in geïsoleerde gisselle te kan waarneem. 'n Optiese pinset is gebruik om selle te posisioneer en 'n mikrofluidiese kamer om omgewingsbeheer toe te pas (sien kunstenaarsvoorstelling).

Grafiese voorstelling: Prof Jacky Snoep

Departement **Biochemie**



Departement **Biochemie**

Navorsingsbelange

Aanwending van bio-aktiewe peptiede in landbou, aartappelvirus sistematiek en deteksie; antibiotika en membraan aktiewe peptiede; biowerking van rooibos en *Sutherlandia frutescens*; ensiem-inhibitor-ontwikkeling; malariametabolisme en antimalariamiddelnavorsing; molekuleêre plantsistematiek; meganistiese ensimologie; membraan-affiniteitsuiwering; natuurprodukte; rekenaarmatige en eksperimentele sisteembioologie; steroïedhormoon-biosintese en metabolisme in die bynier en prostaat, steroïed-reseptore en steroïedbindende proteïene; volstruispatologie en -entstofontwikkeling.

Navorsingsuitsette

Artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte	31
Redaksionele aktiwiteite (boeke en vaktydskrifte)	6
Boeke, konferensieverrigtinge, hoofstukke in boeke	3
MSc-studente in 2012 gegradueer	9
PhD-studente in 2012 gegradueer	5

Navorsingshoogtepunte

Die Departement Biochemie is goed verteenwoordig by die 23ste Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Biochemie en Molekulêre Biologie wat in Januarie 2012 in die Drakensberge gehou is, in samewerking met die Federasie van Verenigings vir Biochemie en Molekulêre Biologie in Afrika. Prof Erick Strauss het die Beckman Coulter/SASBMB silwermedalje-lesing aangebied, as die 2010-ontvanger van hierdie toekenning. Prof Ann Louw en vyf van haar studente het twee referate en drie plakkaatvoordragte gelewer. Prof Marina Rautenbach en ses van haar studente het twee referate en vyf plakkaatvoordragte gelewer.

Dr Donita Africander het die Cold Spring Harbor Laboratory se vergadering oor Kernreseptore en Siektes in New York (VSA) bygewoon en 'n plakkaatvoordrag oor haar navorsing aangebied. Prof Dirk Bellstedt en een van sy studente het twee lesings gegee by die 5de PVYWide Organization Meeting in Edinburgh (Skotland) en ook besoek afgelê by die Edinburgse Koninklike Botaniese Tuine.

Prof Ann Louw het in Oktober 2012 'n gaslesing gegee by 'n simposium oor die bioaktiewe beginsels van medisinale plante en dieet wat by die Technische Universität Dresden (Duitsland) gehou is. Sy het 'n plakkaat voorgedra by die gesamentlike kongres wat in September 2012 in Seville (Spanje) gehou is deur die Federasie van Europese Verenigings

vir Biochemie (FEBS) en die Internasionale Unie vir Biochemie en Molekulêre Biologie (IUBMB).

Prof Marina Rautenbach was gedurende Julie 2012 'n besoekende wetenskaplike by die Leipzig Instituut vir Molekulêre Farmakologie in Berlyn (Duitsland). Sy het ook drie plakkaatvoordragte by die 3de Internasionale Konferensie oor Antimikrobiële Peptiede (AMP2012) te Villeneuve d'AscQ (Frankryk) gelewer. Prof Johann Rohwer het 'n lesing gegee by die 5de jaarlikse kongres oor die programmeringstaal, Python (EuroSciPy 2012), wat in Brussels (België) gehou is.

Prof Jacky Snoep se navorsingsgroep het in samewerking met Sweedse wetenskaplikes drie opeenvolgende artikels oor glikolitiese ossilasies in die *Federation of European Biochemical Societies Journal* (FEBSJ) gepubliseer. Hierdie artikels is ook in die virtuele uitgawe van die vaktydskrif opgeneem as uitstekende voorbeelde van sisteembioologie. Dr Anna-Karin Gustavsson ('n Sweedse wetenskaplike en deel van die groep) het die toekenning vir die beste bydrae deur 'n jong wetenskaplike gekry.

Prof Erick Strauss het in Februarie 2012 'n gaslesing by die konferensie oor Zing Natuurlike Produkte in Lanzarote (Spanje) gegee. Prof Pieter Swart het in Desember 2012 'n hooflesing by die konferensie oor Molekulêre Medisyne 2012 (MMC2012) in Bangkok (Thailand) gegee.

Kontakinligting

Tel 021 808 5862

Faks 021 808 5863

E-pos biochair@sun.ac.za

Web www.sun.ac.za/biochem

Akademie sake

Die Departement Biochemie is trots op die groot aantal nagraadse studente in sy geledere: in 2012 was daar 20 Honneurs-studente, 34 MSc-studente en 23 PhD-studente.

Diens aan die wetenskaplike gemeenskap

Dr Donita Africander het as tesourier van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Biochemie en Molekulêre Biologie gedien.

Prof Johann Rohwer was 'n lid van die internasionale kommissie wat standarde vasstel vir die rapportering van ensiemologiese data (STRENDIA). Hy het ook gedien as mederedakteur van *BMC Systems Biology* en is verkies tot die redaksie van *Frontiers in Plant Systems Biology*.

Prof Jacky Snoep was die redakteur van die volgende vaktydskrifte: *Federation of European Biochemical Society Journal* (FEBSJ), *Microbiology*, *IET Systems Biology*, en *Metabolomics*.

Toekennings aan personeel en studente

Twee akademiese personeellede was suksesvol met hulle aansoeke by die NNS vir herevaluering. Prof Jacky Snoep se gradering het van B3 na B2 verbeter en Prof Ann Louw se gradering het van C3 na C2 verbeter.

Dr Karl Storbeck en Me Lindie Schloms het in Junie 2012 toekennings as uitnemende jong navorsers ontvang by die 15de Konferensie oor die Adrenale Korteks in Texas (VSA).

'n SARChI-leerstoel in die meganistiese modellering van gesondheid en epidemiologie is aan Prof Jacky Snoep toegeken. Hy doen navorsing oor 'n meganistiese begrip en wiskundige modellering van die toestand van die geïnfekteerde liggaam tydens malaria en MIV-infeksies, asook oor die ontwikkeling van tipe II-diabetes. Hy sal nou met die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA) saamwerk in die modellering van die MIV-epidemiologie.

Personeelsake

Dr Karl Storbeck is aangestel as lektor met ingang 1 Junie 2012. Mnr Charlton Jansen is aangestel as 'n assistent met ingang 1 Julie 2012.

Gemeenskapsinteraksie

Prof Rautenbach het twee praatjies vir Bollandse wynboere aangebied om die rol van Biochemie in die landbou ten toon te stel. Die praatjies het gehandel oor proteïene en aminosure in natuurlike bemestingstowwe. Sy dien ook as konsultant vir maatskappye soos SABMiller, Rhodes Food Group, Diasorin en EcoFert.

Samewerking

SUID-AFRIKA

Aartappels Suid-Afrika
Afdeling vir Na-oes en Wyntegnologie, Landbounavorsingsraad, Infruitec-Nietvoorbij
BBI Enzymes
Diasorin
EcoFert
Elsenburg Landboukollege
Grootfontein Landbou-ontwikkelingsinstituut
Klein-Karoo Groep
Noordwes-Universiteit
Research Solutions
Rhodes Food Group
SABMiller
Suid-Afrikaanse Rooibosraad
SurePure
Sybokhaar Suid-Afrika
Universiteit van die Witwatersrand
Universiteit van KwaZulu-Natal
Departement Biochemie, Universiteit van Pretoria
Departemente van Chemie en Molekulêre en Selbiologie, Universiteit van Kaapstad
Departement van Mediese Biowetenskap, Universiteit van die Wes-Kaap
Instituut van Farmakologie, Universiteit van Kaapstad
Mediese Skool van Biochemie, Genetika en Mikrobiologie, Universiteit KwaZulu-Natal
Skool vir Chemie en Metallurgiese Ingenieurswese, Universiteit van die Witwatersrand
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Biowetenskappe
Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling, Noordwes-Universiteit

INTERNASIONAAL

Australië

Australiese Nasionale Universiteit
La Trobe Universiteit

Duitsland

Leibniz Instituut vir Molekulêre Farmakologie
Max Planck Instituut vir Chemiese Ekologie
Max Planck Instituut vir Molekulêre Plantfisiologie

Hongarye

Departement van Anorganiese en Analitiese Chemie, Universiteit van Debrecen

Italië

Italiaanse Nasionale Navorsingsraad (CNR), Instituut vir Proteïen Biochemie

Nederland

Vrije Universiteit van Amsterdam

Spanje

Universitat Autònoma de Barcelona

Sweden

Universiteit van Gothenburg

Switserland

Universiteit van Zürich

Verenigde Koninkryk

Koninklike Botaniese Tuin Edinburgh
Universiteit van Aberdeen
Universiteit van Edinburgh
Universiteit van Manchester

Verenigde State van Amerika

Departement Chemie, University of Wisconsin
Departement Dermatologie en Urologie, Feinberg Skool vir Medisyne, Northwestern Universiteit, Chicago
Departemente Molekulêre en Geïntegreerde Fisiologie en Interne Medisyne, Universiteit van Michigan
Departement Fisiologie, Mediese Kollege van Georgia

Befondsing

Aartappels Suid-Afrika
BBI Enzymes
Bioep navorsingsfonds
Duits/Suid-Afrikaanse Bilaterale Fonds
Ernst Oppenheimer Genootskap Trustfonds
Hongaars/Suid-Afrikaanse Bilaterale Fonds
Kankervereniging van Suid-Afrika
Klein-Karoo Groep
Mediese Navorsingsraad
Nasionale Navorsingstigting
Program vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne vir die Nywerheid (THRIP)
Research Solutions
Sybokhaar Suid-Afrika
SAB-Miller
Suid-Afrikaanse Malaria-inisiatief
Suid-Afrikaanse Platform vir Navorsing en Innovasie oor MIV/VIGS
Suid-Afrikaanse Rooibosraad
SurePure
Universiteit Stellenbosch
Waternavorsingskommissie

Biochemikus ontvang verdere befondsing vir rooibosnavorsing

Prof Amanda Swart is een van 'n handjievol Suid-Afrikaanse wetenskaplikes wie se navorsing voordeel trek uit 'n navorsingstoekenning van R2 miljoen van die Suid-Afrikaanse Rooibosraad (SARC).

Prof Swart is 'n biochemikus en medeprofessor aan US se Departement Biochemie. Sy ontvang reeds vir die afgelope vier jaar SARC-befondsing vir haar werk oor rooibostee se unieke vermoë om stresvlakke te verlaag.

Sy het onder meer wetenskaplike bewyse gepubliseer dat rooibostee die produksie van kortisol, die sogenaamde “streshormoon”, verlaag. Kortisol word deur die biniere in die liggaam vervaardig. Alhoewel kortisol deel van die mens se metabolisme uitmaak, kan stresvolle lewenstyle hoë vlakke van die steroïedhormoon tot gevolg hê. Die oorproduksie van kortisol as gevolg van stres kan tot 'n verskeidenheid lewenstelsiesktes lei, waaronder hoë bloeddruk, metaboliese sindroom, hartsiektes, insulienweerstandigheid en tipe 2 diabetes.

Prof Swart se navorsingspan het twee seldsame komponente in rooibos noukeurig aangedui – die twee flavonoïede bekend as aspalatien en notofagien. Hierdie flavonoïede het 'n invloed op die biosintese van kortisol. Aspalatien is nog in geen ander plantmateriaal aangetref nie, terwyl notofagien 'n baie beperkte verspreiding in die natuur het.

Personeel

Doserend

Prof P Swart (departementele voorsitter)
 Dr DJ Africander
 Prof DU Bellstedt
 Dr A Botes
 Prof J-HS Hofmeyr
 Prof A Louw
 Prof M Rautenbach
 Prof JM Rohwer
 Prof JL Snoep
 Dr K Storbeck
 Prof E Strauss
 Prof AC Swart

Buitengewone professore

Prof WCA Gelderblom

Ondersteuningspersoneel

W Maart (sekretaresse)
 AP Arends
 KD Botha
 R Brandt
 CA de Villiers
 L du Toit
 A Februarie
 LL Foster
 GD Gerstner
 CR Jansen
 C Langeveldt
 RP Louw
 Dr MA Stander

Navorsers met NNS-graderings

Toonaangewende internasionale navorser

Prof Jannie Hofmeyr
(sisteembioëologie en kompleksiteitsstudies)

Internasionaal erkende navorser

Prof Johann Rohwer
(sisteembioëologie)

Prof Jacky Snoep
(sisteembioëologie)

Prof Pieter Swart
(adrenale steroïedogenese, affiniteitssuiwering en proteïen immobilisering)

Gevestigde navorser


Prof Dirk Bellstedt
(molekulêre plantsistematiek en immunologie)

Prof Ann Louw
(steroïed-reseptore, biowerking van rooibos)

Prof Amanda Swart
(biowerking van rooibos en Sutherlandia frutescens)

Ontvanger van NNS prestige-toekenning


Prof Erick Strauss
(meganistiese ensimologie en inhibitor ontwikkeling)



Departement **Chemie en Polimeerwetenskap**

As ons kan verstaan hoe molekules kristalliseer, kan ons die proses begin beheer en dus materiale met spesifieke eienskappe ontwerp. Wetenskaplikes het onlangs navorsing oor sistematiese analise van die vastetoestand strukture van organiese karboksilaatsoute gedoen. Die studie het bevind dat organiese soute gebruik kan word vir die vorming van poreuse materiale. Een van die materiale (sien grafiese voorstelling) kan die oplosmiddel wat in die kanale in die kristal voorkom, uitruil vir verskeie ander oplosmiddels wanneer dit blootgestel word aan die damp van die tweede oplosmiddel. Dit vind plaas op 'n enkelkristal-tot-enkelkristal-basis. Die integriteit van die kristal word dus behou gedurende die uitruilproses. Hierdie navorsing is gepubliseer in *Chemical Communications* en was in Augustus 2012 een van die toptien mees gelese artikels.

Foto: Dr Delia Haynes



BEGIN



12 URE



24 URE



Departement **Chemie en Polimeerwetenskap**

Navorsingsbelange

Sintetiese metodologie gemik op bruikbare nuwe verbindings en materiale (katalisatore, polimere, ander supramolekulêre netwerke met toepassingspotensiaal, membrane en biologies-aktiewe verbindings); skeidingstegnologie en gevorderde analise (GC-MS, HDVC-MS, GPC, elektroanalise, KMR, polimeerskeidings, atoomkrag-mikroskopie, IGP-MS, CRYSTAF en diffraksietegnologie); chemiese struktuurmodellering; platinum-metaalchemie-navorsing in die konteks van affinerings en suiwerings; medisinale chemie

Navorsingsuitsette

Artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte	90
Artikels in nie-geakkrediteerde vaktydskrifte	8
Konferensieverrigtinge	2
Hoofstukke in boeke	4
MSc-studente in 2012 gegradueer	18
PhD-studente in 2012 gegradueer	13
DSc-studente in 2012 gegradueer	1

Navorsingshoogtepunte

Die departement was aktief besig met navorsing en het in 2012 'n rekord aantal navorsingspublikasies opgelewer: 82 eweknie-beoordeelde artikels, vier hoofstukke in boeke en tien simposium- en konferensievoordragte is gepubliseer. Daarbenewens is een DSc-, agt PhD- en drie MSc- grade (een *cum laude*) in Desember 2012 toegeken. Addisioneel hiertoe is ook vyf PhD- en tien MSc- grade (een *cum laude*) by die Maart 2013 gradeplegtigheid toegeken. 'n DSc-graad is aan Prof Bert Klumperman toegeken, die enigste een in meer as 'n dekade, dit terwyl hy ook as studieleier vir vier PhD-studente opgetree het.

Die hoë-impak vaktydskrif van die Koninklike Vereniging vir Chemie (RSC), *Chemical Communications*, het 'n artikel getiteld "Interconversion between different stoichiometric forms of a three-component crystal via liquid-assisted grinding" deur Dr Delia Haynes en medewerkers op sy voorblad gedra.

Dr Katharine de Villiers-Chen, dr Tanya Le Roux en PhD-student Kalifi Gil-denhuis het 'n vollengte artikel getiteld "The Single Crystal X-ray Structure of β -Hematin DMSO Solvate Grown in the Presence of Chloroquine, a β -Hematin Growth-Rate Inhibitor" in die *Journal of the American Chemical Society*, die hoogs aangeskrewe vlagskipvaktydskrif van die Amerikaanse Vereniging vir Chemie, gepubliseer.

Die Nasionale Navorsingstigting (NNS) het hoër navorsingsgraderings toegeken aan prof Bert Klumperman (A2) en (Emeritus) prof Helgard Raubenheimer (B1), medeprofessore Catharine Esterhuysen en Albert van Reenen (C2). Dr Stephen Pelly het 'n Y2-gradering ontvang.

Verskeie akademiese navorsers het die departement besoek om saam met ons personeellede te werk en ook seminare aan te bied. Hulle sluit in: prof Ebbe Nordlander, Universiteit van Lund (Swede); dr Alan Kenwright, Durham Universiteit (VK); prof Alan Rowan, Radboud Universiteit (Nederland); prof Tom Simpson, Universiteit van Bristol (VK); prof David Wright, Vanderbilt Universiteit (USA); prof Jonathan Steed, Durham Universiteit (VK); dr Graeme Day, Universiteit van Southampton (VK); prof Kevin Naidoo, Universiteit van Kaapstad (SA); en prof Tadeusz Gorecki, Universiteit van Waterloo (Kanada).

Akademiese personeellede en studente het die departement op verskeie nasionale en internasionale konferensies verteenwoordig. Prof Klaus Koch het 'n hooflesing gegee by die 21ste Sloweense-Kroatische Kristallografie Byeenkoms (Slowenië), 'n gaslesing by die 40ste Internasionale Konferensie oor Koördinasiechemie (ICCC) (Spanje), en was 'n hoofspreker by die Platinum Konferensie: 'n Katalis vir Verandering, wat gereël is deur die Suid-Afrikaanse

Kontakinligting

Tel 021 808 3020

Faks 021 808 3342

E-pos hodchemie@sun.ac.za

Web www.sun.ac.za/chemistry

Instituut vir Mynbou en Metallurgie (Suid-Afrika).

Prof Harald Pasch is genooi om hooflesings te gee by die Internasionale Simposium oor Hoëverrigting Vloeistoffase Skeidings (HPLC 2012) (VSA), en by die eerste Werkswinkel oor Makromolekulêre Skeidings-deur-ontwerp (VSA), wat aangebied is deur die Nasionale Instituut vir Standaarde en Tegnologie (NIST). Hy het ook gaslesings gegee by die Gesprekke oor Toegepaste Polimeerchemie (APC), (Duitsland); by ANALYTIX-2012 (China); die Internasionale Unie van Suiwer en Toegepaste Chemie (PAC) se Makro 2012 Polimeer Wêreldkongres (VSA); by die 4de Internasionale Konferensie oor Poliölefin Karakterisering (VSA); en by die Polimeerwetenskap Lesingreeks (China).

Prof Bert Klumperman is genooi om lesings te gee by die 33ste Australiese Polimeer Simposium (Australië), die Makro Groep VK Internasionale Konferensie oor Polimeersintese (VK), en die Nasionale Vergadering van die Amerikaanse Vereniging vir Chemie (VSA).

Prof Selwyn Mapolie het die departement verteenwoordig by die XXVde Internasionale Konferensie oor Organometaalchemie (Portugal); en die 40ste Internasionale Konferensie oor Koördinasiechemie (ICCC) (Spanje). Prof Peter Mallon het die POLYCHAR 20 (Wêreldforum oor Polimere en Gevorderde Materiale) in Kroasië bygewoon. Dr Delia Haynes het op die reëlingskomitee van Indaba 7 (Suid-Afrika) gedien en deelgeneem aan die Gordon Navorsingskonferensie oor Kristalmanipulasie (VSA). Dr Katherine de Villiers-Chen het deelgeneem aan die Gordon Navorsingskonferensie oor die Chemie en Biologie van Tetrapiroole (VSA); en dr Robbie Luckay het die 40ste Internasionale Konferensie oor Koördinasiechemie (ICCC) (Spanje) bygewoon.

Prof André de Villiers was 'n genooide hoofspreker by die 12de Internasionale Simposium oor Gekoppelde Tegnieke in Chromatografie (HTC-12) (België), by Skeidingswetenskap Asië 2012 (Maleisië), en by ChromSAAMS 2012 (Suid-Afrika).

Diens aan die wetenskaplike gemeenskap

Die personeelle van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap was betrokke by die aktiwiteite van verskeie nasionale rade en verenigings, in besonder die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut (SACI), die Vereniging van Biologiese Anorganiese Chemie, die Suid-Afrikaanse Kristallografiese Vereniging (SACryst), die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en die Koninklike Vereniging van Suid Afrika.

Personeelle is ook lede van verskeie internasionale verenigings wat die Koninklike Vereniging vir Chemie (VK), die Amerikaanse Chemiese Vereniging, die Amerikaanse Vereniging vir Kristallografie, die Koninklike Nederlandse Chemiese Vereniging en die Internasionale Vereniging vir Biomediese Polimere en Polimeriese Biomateriale insluit.

Prof Catharine Esterhuysen het in die Suid-Afrikaanse komitee van die Internasionale Unie vir Kristallografie (IUCr) gedien. Sy was ook president van die Suid-Afrikaanse Kristallografiese Vereniging (SACrS).

Prof Peter Mallon was die voorsitter van die Wes-Kaapse tak van SACI en 'n lid van die SACI-raad. Dr Gareth Arnott was 'n raadslid van SACI Wes-Kaap, terwyl Dr Margaret Blackie as tesourier gedien het. Dr Arnott is ook lid van die 2014 Frank Warren reëlingskomitee wat verantwoordelik is vir die volgende Suid-Afrikaanse Kongres oor Organiese Chemie wat elke twee jaar plaasvind.

Prof Klaus Koch en Prof Harald Pasch was deel van die uitvoerende komitee van die Internasionale Konferensie oor Koördinasiechemie.

Prof Mallon dien in die wetenskapkomitee van die Wêreldforum vir Gevorderde Materiale (POLYCHAR) en is die voorsitter van die reëlingskomitee van POLYCHAR 22 wat gedurende April 2014 in Stellenbosch plaasvind.

Prof Bert Klumperman was betrokke by verskeie internasionale komitees. Hy was 'n lid van die Internasionale Unie vir Suiwer en Toegepaste Chemie (IUPAC); 'n lid van die IUPAC-werksgroep oor die kinetika van RAFT-polimerisasie en lid van IUPAC se Internasionale Adviesraad vir die 2012 konferensie in Warwick (VK). Hy dien ook in die Internasionale Advieskomitee vir die IUPAC MACRO 2012 Wêreldkongres oor Polimere in Virginia (VSA); in die Internasionale Advieskomitee vir die Europese Federasie vir Polimeernavorsing se 2013-kongres

in Italië, en die Wetenskap-adviesraad vir die internasionale kongres oor Industriële Biotegnologie (IBIO) wat gedurende 2013 in Nanjing (China) plaasvind.

Prof Mallon was lid van die Nasionale Navorsingstigting se keuringspaneel vir die Thutuka-program, gerig op nadoktorale navorsers in Chemie, asook navorsers wat nog aan die begin van hul loopbane staan. Dr Katherine de Villiers-Chen het as beoordeelaar opgetree by die streeksuitdunne van die Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes.

Personeelle het in redaksies van verskeie nasionale en internasionale vaktydskrifte gedien. Prof Catherine Esterhuysen was 'n redaksielid van die Namibiese vaktydskrif *International Science & Technology Journal*, en Prof Willem van Otterlo was die wetenskapsredakteur (Organiese Chemie) van die *South African Journal of Chemistry*. Prof Len Barbour het in die redaksie van die *New Journal of Chemistry* gedien, sowel as in die redaksionele advieskomitee vir *Crystal Engineering Communications* (beide vaktydskrifte word deur die Koninklike Vereniging vir Chemie uitgegee). Hy is genooi om as redakteur van spesiale vaktydskrifuitgawes op te tree: naamlik *Chemical Communications* (oor die vasvang van CO₂) en *Crystal Engineering Communications* (oor Makrosikliese Chemie). Prof Bert Klumperman was lid van *ChemZA* se redaksionele raad en van die redaksionele adviesraad vir *Transactions of the Royal Society of South Africa*. Hy was ook die redakteur van die *European Polymer Journal*.

Toekennings aan personeel en studente

Dr André de Villiers is deur die Chromatografiese Vereniging van Suid-Afrika (ChromSA) aangewys as die Chromatografis van die Jaar. Hierdie toekenning is tydens die ChromSAAMS Konferensie (Suid-Afrika) gemaak.

Al die toekennings vir uitnemende studenteprestasies het in 2012 aan ons vroulike studente gegaan. Me Leandi van der Westhuizen het die SMM-prys vir die beste BSc-honneursstudent in Chemie gekry. Me Alet van der Westhuizen, me Leanne Brits en me Nicola Steyn het almal Element Six DWT/NNS Sentrum vir Uitnemendheid-toekennings vir hulle prestasie in Polimeerwetenskap gekry, en me Carla Egen het die Jooste Nagraadse Toekenning vir Tekstielwetenskap gekry.

Personeelsake

Die Universiteit se glasblaser, mnr Eric Ward, moes ongelukkig in 2012 aftree. Gelukkig

US skeikundiges ontwikkel nuwe skeidingstegniek

Skeikundiges van die Universiteit Stellenbosch is deur navorsing uit die jare vyftig geïnspireer om 'n nuwe proses te ontwikkel wat die skeiding van xileen ('n chemiese stof afkomstig van ruolie) vinniger en meer energiedoeltreffend te maak.

Die proses kan aangewend word in die vervaardiging van pigment vir die verfindustrie, die vervaardiging van swamdoders, polimere en verskillende tipes plastiek wat vandag gebruik word.

Dr Matteo Lusi, wat tot onlangs 'n postdoktorale genoot in die Departement Chemie en Polimeerwetenskap was, het die navorsing gedoen in samewerking met prof Len Barbour, houer van die Suid-Afrikaanse navorsingsleerstoelinisiatief (ook bekend as SARChI) in nanogestruktureerde funksionele materiale aan die US.

Die navorsing is in die top skeikundetydskrif, Angewandte Chemie, gepubliseer en het ook erkenning geniet in nuusartikels in Chemistry World, die nuustydskrif van die Koninklike Vereniging vir Skeikunde, asook in Chemical and Engineering News, wat deur die Amerikaanse Chemiese Vereniging uitgegee word.

kon ons mnr Malcolm McLean as plaasvervanger in hierdie belangrike pos aanstel. Mnr Ward, 'n meesterklasblaser, sal egter steeds help totdat die nuutaangestelde persoon ook meesterklasblaser-status binne die volgende twee jaar verkry.

Dr Rehana Malgas-Enus is as lektor aangestel na die bedanking van dr Alpheus Mautjana, wat na die VSA verhuis het.

Gemeenskapsinteraksie

Die departement en prof Harald Pasch van Polimeerwetenskap, het deur hulle finansiële ondersteuning twee leerders van die Kaya-mandi Hoërskool in staat gestel om aan 'n wetenskapskou in China deel te neem.

Samewerking

SUID-AFRIKA

Departement van Wetenskap en Tegnologie, Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel Program (SARChI)
 Durban Universiteit van Tegnologie
 Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie
 Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
 Universiteit van die Witwatersrand
 Universiteit van Fort Hare
 Universiteit van Johannesburg
 Universiteit van Kaapstad
 Universiteit van KwaZulu-Natal
 Universiteit van Pretoria
 Universiteit van Suid-Afrika
 Universiteit van die Wes-Kaap
 Walter Sisulu Universiteit

INTERNASIONAAL

Australië

Universiteit van Monash
 Universiteit van Wes-Australië

België

Katolieke Universiteit Leuven
 Universiteit Gent
 Vrije Universiteit Brussel

Duitsland

Bergische Universität GH Wuppertal
 Deutsches Kunststoff Institut
 Heraeus Holding GmbH
 Max Planck Institute for Colloids and Interfaces
 Tegniese Universiteit van München
 Universiteit van Duisburg
 Universiteit van Erlangen-Nuremberg
 Universiteit van Leipzig
 Universiteit van Münster
 Universiteit van Ulm

Indië

Indiese Instituut van Tegnologie Kanpur

Kanada

Universiteit van Waterloo

Mauritius

Universiteit van Mauritius

Nederland

Delft Universiteit van Tegnologie
 Eindhoven Universiteit van Tegnologie
 Universiteit van Leiden-Gorleus Laboratorium
 Universiteit Utrecht

Oostenryk

Borealis
 Mondi

Pole

Poolse Akademie van Wetenskappe

Swede

Chalmers Instituut van Tegnologie
 Lund Universiteit
 Sweedse Koninklike Instituut van Tegnologie

Tsjeggiese Republiek

Tegniese Universiteit van Liberec

Verenigde Koninkryk

Cardiff Universiteit
 Durham Universiteit
 Universiteit van Cambridge
 Universiteit van Leeds
 Universiteit van St Andrews, Skotland

Verenigde State van Amerika

Cornell Universiteit
 Universiteit van Kalifornië, Berkeley
 Universiteit van Missouri-Kansas City
 Universiteit van North Carolina
 Universiteit van Southern Mississippi
 Universiteit van Wisconsin-Madison

Befondsing

Anglo Platinum
 BASF
 BioPAD
 Borealis
 Deutsches Kunststoff Institut
 ESKOM
 Harmony Gold
 Heraeus Holding GmbH, Duitsland
 Ikkusa Chemicals
 KWW
 Mintek
 Mondi
 Nasionale Navorsingstigting
 Nasionale Toerustingprogram
 Nederlandse Polimeer Instituut
 NNS Thuthuka
 Plascon
 Program vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne vir die Nywerheid (THRIP)
 Sasol
 Sastech
 Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel Inisiatief (SARChI)
 Watervorsingskommissie

Personeel**Doserend**

Prof KR Koch (*departementele hoof*)
 Dr GE Arnott
 Prof LJ Barbour
 Dr MAL Blackie
 Dr L Cronje
 Prof AJ de Villiers
 Dr K De Villiers-Chen
 Prof JLM Dillen
 Prof C Esterhuysen
 Dr WJ Gerber
 A Gericke
 Dr DA Haynes
 Prof EP Jacobs
 Prof L Klumperman
 Dr T le Roex
 Dr M le Roux
 Dr RC Luckay
 Dr M Lutz
 Prof PE Mallon
 Prof SF Mapolie
 Dr N Mautjana
 Prof H Pasch
 Dr SC Pelly
 Prof WAL van Otterlo
 Prof AJ van Reenen
 Dr PFM Verhoeven

Buitengewone professore

Prof W Hiller
 Prof WM Mackenroth
 Prof PJF Sandra

Buitengewone navorser

Dr JB McLeary

Emeritus professore

Prof BV Burger
 Prof PS Steyn
 Prof HG Raubenheimer
 Prof R Sanderson

Ondersteuningspersoneel

JG Goldie (*departementele bestuurder*)
 JE Joubert
 SG May
 D Davids
 Dr MJ Hurndall
 MMG Cooper
 AE Fourie
 WJ Adonis
 LD Bailey
 M Bickerstaff
 MC de Jongh
 JD Groenewald
 Dr GW Harding

D Isaacs
 MC Johnson
 DJ Koen
 R Lawrence
 CW Maart
 MG Marupula
 S Mohamed
 JS Motshweni
 J Smit
 PJ Steyn
 M Taylor
 A van Zaal
 U Wanza
 E Ward
 D Wenn
 GR Willemse

Navorsers met NNS-graderings**Toonaangewende internasionale navorser**

Prof Len Barbour
(funksionele nanogestruktureerde materiale)
 Prof Bert Klumperman
(polimerisasie van lewende radikale en gevorderde makromolekulêre argitektuur)

Internasionaal erkende navorser

Prof Ben Burger
(chemiese kommunikasie in lewende organismes)
 Prof Harald Pasch
(analitiese polimeerwetenskap, multidimensionele chromatografie)
 Prof Helgard Raubenheimer
(ligand-ontwerp gerig op toepassings in homogene katalise; goudchemie)
 Prof David McLachlan
(elektriese en magnetiese eienskappe van komposiete)
 Prof Klaus Koch
(platinumgroepmetale)
 Prof Willem van Otterlo
(organiese sintese en medisinale chemie)

Gevestigde navorser

Prof Ron Sanderson
(polimeriese materiale)
 Prof Catharine Esterhuysen
(intermolekulêre interaksies)
 Prof Ed Jacobs
(membrane en prosesontwikkeling)



Dr Njabu Gule, dr Rueben Pfkwa, dr Nathalie Bailly en dr Osama Bshena met hul studieieier, prof Bert Klumperman.

Polimeerprofessor trots op sy vier nuwe doktore

Vier doktorale studente wat almal dieselfde studieieier gedeel het, was onder die stewige oes van nuwe doktore wat gedurende 2012 van die Fakulteit Natuurwetenskappe hulle grade ontvang het.

Prof Bert Klumperman was die studieieier van **dr Njabu Gule**, **dr Rueben Pfkwa**, **dr Nathalie Bailly** en **dr Osama Bshena**. Prof Klumperman beklee die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstool (SARChI) in Gevorderde Makromolekulêre Argitektuur in die Departement Chemie en Polimeerwetenskappe.

Dr Bailly se nvaorsing het gefokus op die aflewering van anti-gewas geneesmiddels. Dr Gule het gehelp om die nanovesels te ontwikkel wat gebruik is om die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut se teesakkiefilter te ontwikkel. Antimikrobiese polimeernanoveseltegnologie wat ontwikkel is deur dr Bshena en prof Klumperman kan gebruik word om die verspreiding van bakterieë in die lugfilters van hospitale te bekamp.

Die titel van dr Pfkwa se verhandeling is "Hiërargiese self-samevoeging van nuwe para-atriasool spiraal voumere".

Foto: Engela Duvenage



Khumbulani Ntshidi en Abongile Hlaleleni het hulle plakkaat by die Departement Chemie en Polimeerwetenskap voorgedra.

Kayamandi-leerders vertel US chemici meer oor hulle Ekspo-projek

Twee leerders van Kayamandi Hoërskool, wat aan 'n wetenskapskou in China deelgeneem het as gevolg van hulle betrokkenheid by die Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes, was die gaste van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch.

Abongile Hlaleleni en **Khumbulani Ntshidi** het 'n kort aanbieding oor hulle navorsingsprojek gedoen en ook 'n oorsig oor hulle ondervindings in China gegee.

Dit volg op die ondersteuning wat hierdie twee graad 11-leerders van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap ontvang het. Laasgenoemde het tesame met ander plaaslike organisasies gehelp om die oorsese besoek te borg.

Prof Peter Mallon
(komplekse polimeriese materiale en polimeriese nano-komposiete)

Prof Selwyn Mapolie
(homogene katalise via dendrimeriese komplekse)

Prof Albert van Reenen
(poliolefiene)

Dr Robbie Luckay
(ligand-ontwerp vir metaalioon-koördinasie in industriële en mediese toepassings)

Ontvanger van NNS prestige-toekening

Dr James McLeary
(omgewingsvriendelike polimere vir belaging-toepassings)

Belowende jong navorser

Dr André de Villiers
(skeidingswetenskap beginsels en toepassings)

Dr Delia Haynes
(kristalmanipulasie van nie-metaalbevattende materiale)


Dr Gareth Arnott
(inherent chirale kaliksarene; asimmetriese metodologie)

Dr Stephen Pelly
(medisinale chemie-geneesmiddel ontwerp en sintese)

Departement
Fisika

Dit het drie jaar geneem om die femtosekund elektron diffraksie-aparaat te voltooi en dit word steeds voortdurend opgegradeer. Weens die Ultravinnige-wetenskapnavorsingspan se sukses met dié apparaat, is hulle nou besig om nóg 'n stelsel te ontwikkel wat die vermoë sal hê om eksperimente teen kriogeniese temperature – gewoonlik laer as minus 200 grade Celsius – uit te voer.

Foto: Prof Heinrich Schwoerer



Departement Fisika

Navorsingsbelange

Laserfisika (spektroskopie en ultravinnige wetenskap); kernfisika (reaksiekansvlak van proton met atoomkerne); teoretiese fisika (komplekse sisteme en gekondenseerde materie)

Navorsingsuitsette

Artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte	48
Redaksionele aktiwiteit (boeke en vaktydskrifte)	11
Boeke, konferensieverrigtinge, hoofstukke in boeke	1
MSc-studente in 2012 gegradueer	11
PhD-studente in 2012 gegradueer	5

Navorsingshoogtepunte

Die nuwe energienavorsingsprojek by die Lasernavorsingsinstituut het afgekom op fundamentele lig-geïnduseerde ladingsdinamika in sonkragselle wat met kleurstof gesensitiseer is. Hierdie aktiwiteit – wat internasionale samewerking tussen prof Heinrich Schwoerer (SARChI-leerstoel in Fotonika) en prof Derck Schlettwein van die Instituut vir Toegepaste Fisika aan die Universiteit van Giessen (Duitsland), dr Christian Litwinski van PicoQuant in Berlyn (Duitsland) en prof Tebello Nyokong van die Departement Chemie aan Rhodes Universiteit (Suid-Afrika) behels – is daarop toegespits om nuwe toestelle vir die opvang van sonlig doeltreffender en toepasliker te maak.

Die Ultravinnige-wetenskapnavorsingsgroep, onder leiding van prof Heinrich Schwoerer, het 'n wêreldklasapparaat vir femtosekonde-elektronendiffraksie ontwikkel, waarmee strukturele dinamika met temporele en ruimtelike atoomresolusie ondersoek kan word. Een van die hoogtepunte in 2012 wat molekulêre elektronika betref, was die waarneming van 'n strukturele en elektroniese faseoorgang in 'n sterk gekorreleerde kristal.

PhD-student me Zikona Ndlovu het deelgeneem aan 'n proefneming by die Gesamentlike Instituut vir Kernnavorsing (JINR) (Rusland), waar daar deur middel van neutronaktivering gemeet is watter spoorelemente van besoedelende stowwe voorkom in

mos- en ligenmonsters wat in die omgewing van Stellenbosch ingesamel is. Me Ndlovu het die prys vir die beste mondelinge aanbieding in kernfisika van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika ontvang vir haar werk oor die gebruik van mos en ligene om lugbesoedeling in die Wes-Kaap te monitor.

Dr Paul Papka was gemoeid met die reëlings vir die werksessie "Nuclear Spectroscopy Frontiers", wat by iThemba LABS plaasgevind het. Proff Shaun Wyngaardt en Richard Newman het die 3de Suid-Afrika/JINR-simposium op Stellenbosch sowel as die 2de Suid-Afrika/China-simposium op Somerset-Wes gereël.

PhD-student mnr Cobus Swartz het die Universiteit van Birmingham besoek om saam met prof Martin Freer aan teoretiese berekeninge te werk vir sy navorsing oor die soeke na die Hoyle-agtige toestand deur middel van die reaksie $^{22}\text{Ne}(p,t)^{20}\text{Ne}$. Mnr JJ van Zyl het 'n referaat getiteld "Angular distributions of the analysing power in the excitation of low lying states of ^{56}Co " by die 13de internasionale konferensie oor kernreaksiemeganismes in Varenna (Italië) aangebied. Daarbenewens het hy ook 'n voorlegging getiteld "Incident-energy dependence of the analysing power in the $^{58}\text{Ni}(p,^3\text{He})^{56}\text{Co}$ reaction between 80 and 120 MeV" by die internasionale konferensie oor kernstruktuur en verwante onderwerpe in Dubna (Rusland) gedoen.

Me Elsje Opperman en mnre Erasmus

Kontakinligting

Tel 021 808 3391

Faks 021 808 3385

E-pos physoffice@sun.ac.za

Web www.sun.ac.za/physics

du Toit en Wiggert Brummer – ál drie honneursstudente in Kernfisika – het deelgeneem aan die SA/JINR-somerskool. Gaste by die somerskool het verskeie internasionale navorsers ingesluit, waaronder prof Fedor Simkovic van die Comenius Universiteit (Slowakye), prof Ivan Stekl van die Tsjeggiese Tegniese Universiteit (Praag), prof Phil Woods van die Universiteit van Edinburg (Skotland), prof Marina Frontasyeva van die JINR (Rusland), sowel as proff Peiwen Ji en Men Pu van die Nasionale Wetenskapstigting van China.

Die Lasernavorsingsinstituut was gasheer vir 'n aantal internasionale laserwetenskaplikes. Onder dié gaste was prof Herbert Stafast van die Jena-instituut vir Fotoniese Tegnologie (Duitsland), wat reeds vir meer as tien jaar betrokke is by vakuum-ultraviolet-spektroskopie en nie-linéêre optika.

Ander navorsers wat die Instituut besoek het, was proff Regina de Vivie-Riedle en Eberhard Riedle van die Ludwig-Maximiliaanse Universiteit van München (Duitsland), prof Tony Parker van Rutherford Appleton Laboratories (VK), prof Thomas Feuerer van die Universiteit van Bern (Switserland), dr Alexander Heidt van die Sentrum vir Navorsing oor Opto-elektronika aan die Universiteit van Southampton (VK), en prof Markus Schwoerer as medewerker aan 'n projek oor faseoorgang in organiese vastestowwe, wat deur die Duitse Navorsingstigting (DFG) gefinansier is.

Prof Heinrich Schwoerer (SARCH-leerstoel in Fotonika) het 'n werksessie oor ultravinnige strukturele dinamika by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing, oftewel STIAS, gelei. Tutoriaallesing-reeks is aangebied deur prof Konrad Samwer (Göttingen), prof Dwayne Miller (Hamburg/Toronto), prof Dieter Vollhardt (Augsburg), prof Steve Johnson (Zürich), prof Markus Schwoerer (Bayreuth), dr Marcus Kollar (Augsburg) en dr Günther Kassier (Hamburg).

Die Optiese Vereniging van Amerika (OSA) se studenteafdeling aan die Universiteit Stellenbosch (US) het prof Tom Birks van die Universiteit van Bath vir 'n werksessie genooi. Die studente

van die OSA se US-afdeling, tesame met nagraadse studente in Teoretiese Fisika, het gedurende 'n week lange uitreikprogram tien hoërskole in die Wes-Kaap besoek.

PhD-student mnr Nicolas Erasmus het 'n gaslesing oor die ladingsdigtheidsdinamika in tantaaldiseleniet by die tweede Banff-byeenkoms oor strukturele dinamika in materie (Kanada) gelewer. Dr Günther Kassier het by dieselfde geleentheid 'n deelnemerpraatjie gelewer en 'n plakkaat aangebied.

PhD-student mnr Egmont Rohwer het 'n plakkaat oor sy sonkragselprojek getiteld "Photoinduced charge transfer between Indoline D149 and porous ZnO" by die 18de Internasionale Konferensie oor Ultravinnige Fenomene (Switserland) aangebied, terwyl prof Heinrich Schwoerer by dieselfde geleentheid 'n mondelinge voorlegging oor die strukturele dinamika projek gedoen het.

Alle senior lede van die Lasernavorsingsinstituut het aktief deelgeneem aan die 5de studentewerksessie van die Afrika-lasersentrum, wat in Namibië gehou is. Prof Piet Walters het weer as administratiewe organiseerder van die geleentheid opgetree. PhD-student mnr Wilfrid Ndebeka en MSc-studente mnre Raphael Okoye en Farooq Kyeyune het mondelinge aanbiedings oor hul navorsingsprojekte gedoen. Mnr Ndebeka, PhD-student mnr Dirk Spangenberg sowel as honneursstudent me Thandeka Mhlanga het die eerste Afrika-konferensie van die Internasionale Studentenetwerk van die Optiese Vereniging van Amerika (IONS), bygewoon.

Verskeie lede van die Universiteit Stellenbosch se Instituut vir Teoretiese Fisika (ITF) het hul werk by internasionale konferensies en werksessies aangebied, sowel as by die jaarkonferensie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika in Pretoria. Die meeste lede van die ITF was ook aktief betrokke by die een of ander navorsingsaktiwiteit van die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP) en het ook as medestudieleiers vir studente opgetree. ITF-studente het deurlopend bygedra tot uitreikprojekte van die Departement

Fisika, onder meer 'n toer in September 2012 na skole in die Overberg-streek as deel van 'n uitreikaktiwiteit deur studente van die Lasernavorsingsinstituut.

Nóg 'n navorsingshoogtepunt was toe proff Herbert Weigel (Stellenbosch) en Hugo Reinhardt (Universiteit van Tübingen, Duitsland) opnuut ondersoek ingestel het na die aard van sterk wisselwerking kondensate, en onlangse bewerings weerlê het dat dié kondensate hadronies eerder as vakuum-aardig van aard is. Die artikel wat daaruit gespruit het, het in April 2012 in *Physical Review D* verskyn.

Prof Hans Eggers het die 8ste werksessie oor deeltjiekorrelasies en femtoskopie, oftewel die WPCF12, by die Frankfurtse Instituut vir Gevorderde Navorsing bygewoon, gevolg deur navorsingsbesoeke aan die Instituut vir Hoë-energiefisika in Wene (Oostenryk) en die Max Planck Instituut vir Fisika in München (Duitsland).

Prof Kristian Müller-Nedebock het met kollegas van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap saamgespan as medeskrywers van 'n navorsingstuk oor sorpsie in poreuse materiaal wat in *Angewandte Chemie* gepubliseer is.

Ander navorsingsaktiwiteite het onder meer oor verskeie aspekte van gekondenseerde materiestelsels gehandel, sowel as werk op die gebied van nie-kommuteerbare formalisme in kwantumeganika deur dr Hannes Kriel en prof Frederik Scholtz.

Akademiese sake

Die Departement Fisika was bevoorreg om saam met die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) as gasheer op te tree vir die hoog aangeskrewe fisikus prof Eric Mazur van Harvard Universiteit, sowel as me Angelica Natera, mededirekteur vir akademiese innovasie by LASPAU, 'n organisasie sonder winsbejag wat by Harvard geaffilieer is. Personeel van alle fakulteite het na prof Mazur se aanbieding, "Confessions of a converted lecturer", geluister, waarna me Natera 'n werksessie oor die bevordering en handhawing van onderrig-innovasie gefasiliteer het.

MSc-student me Andrea von Flotow en PhD-student mnr Egmont Rohwer het na



Prof Eric Mazur

Toonaangewende fisikus besoek US

Die Universiteit Stellenbosch se Fisika Departement het op 28 Mei 2012 as gasheer opgetree vir die leidinggewende fisikus van Harvard Universiteit, **prof Eric Mazur**. Behalwe vir verskeie toekennings vir sy werk in Fisika, het prof Mazur 'n besondere belangstelling in onderrig, en word hy as wêreldleier op die gebied van innovasie in onderrig gereken.

Gedurende sy aanbieding het prof Mazur verduidelik hoe hy tot die verstommende gevolgtrekking gekom het dat sy manier van klasgee veroorsaak het dat studente faal, omdat hulle slegs inligting gememoriseer het en nie geleer het hoe om die materiaal te verstaan nie. Hy het getoon, met ondersteunende data, hoe studente se prestasie aansienlik verbeter het nadat hy sy onderrigmetodes aangepas het.

Amerika gereis om die Stellenbosse studenteafdeling vir laserstudies by onderskeidelik die jaarbyeenkoms van die Internasionale Vereniging vir Optika en Fotonika en dié van OSA te verteenwoordig.

Diens aan die wetenskaplike gemeenskap

Personeellede het nou met verskeie nasionale rade, organisasies en skole saamgewerk en ook internasionale konferensies help reël.

Prof Frederik Scholtz dien as direkteur van die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP), terwyl prof Hendrik Geyer die direkteur van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) is.

Prof Frederik Scholtz het ook in die direksie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika gedien. Hy is boonop voorsitter van die Instituut se Afdeling Teoretiese Fisika. Prof Erich Rohwer dien as voorsitter van die Instituut se Afdeling Fotonika.

Prof Rohwer dien voorts in die beheerkomitee van PISA, die Suid-Afrikaanse fotonika-inisiatief, terwyl prof Hubertus van Bergmann 'n direkteur van die Afrika-lasersentrum (ALC) is.

Die Instituut vir Lasernavorsings het die 5de ALC-studentewerksessie aangebied, en prof Piet Walters het die reëlings behartig. Altesaam 60 studente en navorsers van 17 instellings uit 19 lande het die geleentheid bygewoon. Die gassprekers was prof Thomas Feurer van die Universiteit van Bern (Switserland), dr Alexander Heidt van die Universiteit van Southampton (VK) en prof Mourad Zghal van die Universiteit van Kartago (Tunisië).

Dr Paul Papka is voorsitter van die Fisika Advieskomitee vir die Oopsektorsiklotron Fasiliteit by iThemba LABS, sowel as 'n lid van die Fisika Advieskomitee van hulle Departement Materiaalnavorsing.

Die Departement Fisika het ook weer sy jaarlikse, week lange inleidende kursus oor induktief gekoppelde plasmas (ICP) aangebied.

Toekennings aan personeel en studente

Prof Heinrich Schwoerer kon daarin slaag om vir 'n verdere vyf jaar finansiering vir die SARChI-leerstoel in Fotonika te bekom.

'n Toppresteerder-eerstejaar het prof Richard Newman benoem as die dosent wat die grootste bydrae tot dié student se sukses in sy eerste akademiese jaar gelever het.

Honneursstudent mnr Erasmus du Toit het die Fakulteit Natuurwetenskappe se Meiring Naudé-medalje vir die beste kandidaat in 'n BSc-honneursprogram in Fisika ontvang. By die 3de Asië-konferensie van IONS in China is mnr Nagla Numan-Ali se plakkaat as die beste aangewys.

Nagraadse studente van die Departement Fisika het ook verskeie pryse ontvang by die jaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika, wat by die Universiteit van Pretoria gehou is. Die prysweners was me Melanie McLaren (vir die beste mondelinge voorlegging deur 'n PhD-student op die gebied van fotonika), me Zikhona Ndlovu (vir die beste mondelinge voorlegging deur 'n PhD-student op die gebied van kernfisika), mnr Wayne Koen (vir die beste werk in toegepaste fotonika), mnr Darryl Naidoo (vir die beste PhD-voorlegging op grond van 'n publikasie), me Andrea von Flotow (vir die beste plakkaat deur 'n MSc-student op die gebied van fotonika), mnr Riaan Coetzee (vir die beste mondelinge voorlegging deur 'n MSc-student op die gebied van fotonika) en me Thandeka Mhlanga (vir die beste plakkaataanbieding deur 'n honneursstudent in fotonika). By 'n konferensie vir nagraadse beursstudente van die radioteleskoop-projek SKA Africa het me Marissa Geyer die prys vir die beste voorlegging deur 'n MSc-student ontvang. Me Chrishelle Hanekom is met 'n Rektorstoekening vir uitnemende prestasie in leierskap beloon.

Die Universiteit het ook die werk van die departement se personeel beloon. Me Heleen Randall, mnr Stanley February, prof Erich Rohwer, dr Paul Papka, mnr JJ van Zyl en mnr Gerhard Louwrens het almal Rektorstoekennings vir uitnemende prestasie ontvang.

Personeelsake

Prof Richard Newman het van iThemba LABS geskuif om hom as medeprofessor by die Kernfisika-groep aan te sluit.

Dr Pieter Neethling is as dosent in die Laser-groep aangestel.

Proff Brandon van der Ventel en Shaun Wyngaardt is tot medeprofessors en dr Lee Boonzaaier tot senior dosent bevorder.

Prof Hubertus von Bergmann is as buitengewone professor in Laserfisika aangestel.

Dr Pieter van der Westhuizen het in Maart ná 33 jaar by die departement afgetree.

Gemeenskapsinteraksie

Die uitreikomitee van die departement was weer baie aktief. Personeel én nagraadse studente het tot Maties Natuurwetenskappe Winterweek, die jaarlikse Universiteit Stellenbosch Opedag sowel as die Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes bygedra.

Nagraadse studente van die Stellenbosch Studenteafdeling van die Optiese Vereniging van Amerika (OSA), wat deel uitmaak van die Instituut vir Lasernavorsing sowel as die Instituut vir Teoretiese Fisika, het gedurende 'n week lange uitreiktoer tien skole in die Overberg-distrik besoek. Die toergroep het finansiële ondersteuning van OSA, die Internasionale Vereniging vir Optika en Fotonika (SPIE), NITheP en die Universiteit Stellenbosch ontvang.

Die departement het finansiering van die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Wetenskap en Tegnologiebevordering (SAASTA) bekom om geleentheid te reël om studente aan te spoor om aan die wetenskap deel te neem. Voorgraadse studente het iThemba LABS, die Suid-Afrikaanse Nasionale Ruimteagentskap (SANRA) op Hermanus en die Instituut vir Mariene Tegnologie (IMT) in Simonstad besoek. Die departement het ook leerders van die Sekondêre Skool Oscar Mpetha ontvang en hulle met behulp van 'n eenvoudige tikkerlint-proefneming aan die basiese tegnieke van dataverkryging en -ontleding blootgestel. Die medeborg van die geleentheid was iThemba LABS.

Proff Richard Newman en Shaun Wyn-gaardt het in samewerking met personeel van iThemba LABS 'n uitreikprojek na die sekondêre skole Cloeteville, Kayamandi, Kylemore en Lückhoff sowel as Paul Roos Gimnasium onderneem om leerders aan kern- en omgewingswetenskap bekend te stel deur die radonvlakke in hul huise te meet.

Samewerking

SUID-AFRIKA

iThemba LABS
Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP)
Rhodes Universiteit
Square Kilometre Array
Universiteit van die Vrystaat
Universiteit van die Wes-Kaap
Universiteit van Kaapstad
Universiteit van Pretoria
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Nasionale Lasersentrum

AFRIKA

Afrika Instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS)
Afrika Lasersentrum
Afrika Teoretiese Fisika-program by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS)

INTERNASIONAAL

China

Skool vir Fisika, Beijing Universiteit

Duitsland

Institut für Photonische Technologien Jena e.V.
Instituut vir Toegepaste Fisika, Universiteit van Giessen
PicoQuant
Universiteit van Tübingen

Indië

S.N. Bose Nasionale Sentrum vir Basiese Wetenskappe
Wetenskaplike Navorsingslaboratorium (PRL),
Ahmedabad

Rusland

Gesamentlike Instituut vir Kernkragnavorsing (JINR)

Verenigde Koninkryk
Rutherford Appleton Laboratorium (RAL)
Universiteit van Bristol

Verenigde State van Amerika

Syracuse Universiteit

Befondsing

Deutsche Forschungsgemeinschaft
Deutscher Akademischer Austauschdienst (DAAD)
Earth Anti-Neutrino Tomograph (EARTH) Stigting
Innovasiefonds van die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT)
iThemba LABS
Korrelbed Modulêre Reaktor (KBMR)
Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP)
Nasionale Navorsingstigting (NNS)
Optiese Vereniging van Amerika (OSA)
Scientific Development and Integration
Square Kilometre Array (SKA)
Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel Inisiatief (SARChI)
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad se program vir Verdediging, Vrede, Veiligheid en Sekerheid (DPSS)
WNNR Nasionale Lasersentrum (NLS)

Personeel

Doserend

Prof EG Rohwer (*uitvoerende hoof*)
Dr L Boonzaaier
C Dreyer
Dr A du Plessis
Prof HC Eggers
Prof HB Geyer
Dr H Kriel
Prof KK Müller-Nedebock
Dr PH Neethling
Prof RT Newman
Dr P Papka
Prof FG Scholtz
Prof HPH Schwoerer
Dr JA Stander
Dr CM Steenkamp
Prof BIS van der Ventel
Dr P van der Westhuizen
JJ van Zyl
Prof H Weigel
Prof SM Wyngaardt

Buitengewone professore

Dr A Avdeenkov
Dr LR Botha
Prof AA Cowley
Prof T Dlamini
Prof CA Dominguez
Prof A Forbes
Prof WD Heiss
Prof M Kastner
Prof J Meng
Prof T Parker
Dr I Snyman
Prof H Stafast
Prof HM von Bergmann

Emeritus professore

Prof PR de Kock
Prof PE Walters

Ondersteuningspersoneel

C April
DC Beukman
AS Botha
MC Botha
J Burns
SH February
JM Germishuizen
GJ Louwrens
CD Pool
DP Pool
H Randall
CJ Ruperti
EJ Shields

Teoretiese fisici bevestig die vakuum-aard van sterk wisselwerking kondensate

US fisikus prof **Herbert Weigel** en prof **Hugo Reinhardt** van Tübingen Universiteit (Duitsland) het die aard van sterk wisselwerking kondensate herondersoek en onlangse bewerings dat hierdie kondensate hadronies eerder as vakuum-aardig van aard is, verkeer bewys. Hierdie bevinding het in 'n artikel in die April 2012 uitgawe van Physical Review D verskyn.

Prof Weigel het die volgende populêre opsomming van hul werk voorsien:

In Fisika word daar onderskei tussen vier fundamentele wisselwerkings: gravitasie, elektromagnetisme en die sterk en swak kernkragte. Gravitasie en elektromagnetisme is goed bekend vanuit alledaagse ervaring. Die twee kernkragte is egter veel minder sigbaar, maar speel 'n sentrale rol op mikroskopiese vlak waar hulle vir die vorming van atoomkerne vanuit protone en neutrone, die sogenaamde nukleone, verantwoordelik is. Nukleone is egter nie self elementêre deeltjies nie, maar is uit meer elementêre kwarke en gluone opgebou. Laasgenoemde word beskryf deur kwantumchromodinamika (KCD), die fundamentele teorie van die sterk wisselwerking. Deeltjies wat hierdie krag ervaar staan gesamentlik as hadrone bekend. Nukleone vorm deel van hierdie breër klas.

KCD is egter 'n uiters gekompliseerde teorie waarvoor direkte oplossings nie verkrygbaar is nie. Eenvoudige modelle moet dus ingespan word om die vorming van die nukleone, en sodoende ook van atoomkerne, te ondersoek.

Hierdie modelle word gekonstrueer om soveel eienskappe as moontlik van KCD te beskryf. 'n Sentrale eienskap van KCD is chirale simmetrie. Dit behels die intrinsieke hoekmomentum ('n eienskap van rotasiebeweging) van deeltjies wat gevoelig is vir die sterk wisselwerking. 'n Gevolg van hierdie simmetrie is dat deeltjies waarvan die hoekmomenta in dieselfde of teenoorgestelde rigting as die bewegingsrigting georiënteer is, nie met mekaar in wisselwerking is nie.

Dit is egter bekend dat hierdie gevolg van chirale simmetrie nie versoenbaar is met die massas van deeltjies wat eksperimenteel gemeet word nie. Hierdie klaarblyklike teenstrydigheid kan egter omseil word indien die laagste energiekonfigurasie, bekend as die vakuumtoestand, nie chirale simmetrie openbaar nie. Hierdie simmetrieverbreking sal dan aanleiding gee tot sogenaamde kondensate wat met nie-nul kwark en gluon waarneembare geassosieer is, maar nogtans nie 'n deeltjie-aard het nie.

Binne hierdie verklaring van die massas van deeltjies is kondensate universeel en word dit nie deur die teenwoordigheid van nukleone geaffekteer nie. Hierdie beeld is egter onlangs bevestig. Indien sulke kondensate nie universeel is nie, sou dit ons beskrywing van energie in die heelal – wat nog in 'n baie vroeë stadium is – radikaal verander.

Onlangs het die idee dat kondensate dalk eerder nukleonies van aard as vakuum-aardig is, heelwat aandag geniet. As antwoord hierop het Reinhardt en Weigel 'n model ondersoek wat ondubbelsinnig uitspraak lewer oor of daar nukleoniese of vakuum-aardige konfigurasies by 'n gegewe punt in die ruimte teenwoordig is. Binne hierdie model berekening is gevind dat die kondensaat verseker vakuum-aardig is en ook buite nukleone kan bestaan. Die eienskappe van die kondensaat kan egter deur die teenwoordigheid van nukleone geaffekteer word.

Navorsers met NNS-graderings

Internasionaal erkende navorser

Dr Alexander Avdeenkov
(teoretiese fisika)

Prof Anthony Cowley
(kernfisika)

Prof Hendrik Geyer
(teoretiese fisika)

Prof Dieter Heiss
(teoretiese fisika)

Prof Michael Kastner
(teoretiese fisika)

Prof Frederick Scholtz
(teoretiese fisika)

Prof Heinrich Schwoerer
(laserfisika)

Prof Herbert Weigel
(teoretiese fisika)

Gevestigde navorser

Prof Hans Eggers
(teoretiese fisika)

Prof Kristian Müller-Nedebock
(teoretiese fisika)

Prof Erich Rohwer
(laserfisika)

Dr Christene Steenkamp
(laserfisika)

Prof Brandon van der Ventel
(kernfisika)

Prof Hubertus von Bergmann
(laserfisika)

Prof Shaun Wyngaardt
(kernfisika)

Belowende jong navorser

Dr Paul Papka
(kernfisika)



Departement **Fisiologiese Wetenskappe**

Op hierdie foto is 'n soogdiersel met 'n gedetailleerde mitochondriale struktuur (rooi) en 'n tubulin-netwerkbou (groen) duidelik sigbaar. Dit is geneem deur die ultramoderne konfokale LSM 780 mikroskoop wat gekoppel is aan 'n hoë-resolusie ELYRA SI platform. Hierdie beeld is verkry deur die gebruik van 'n gespesialiseerde metode, bekend as super-resolusie gestruktureerde illuminasie. Beide die mitochondria en die tubulin-netwerk word met verskeie siektes geassosieer. Die mikroskoop het R8 miljoen gekos en is uit Duitsland ingevoer. Dit is een van enkele mikroskope in die wêreld wat vir die eerste keer die grense van resolusie in ligmikroskopie verskuif het.

Foto: Dr Ben Loos

Departement **Fisiologiese Wetenskappe**

Navorsingsbelange

Metaboliese sindroom, diabetes en hartsiektes (miokardiale iskemie, diabetiese kardiomiopatie); metaboliese sindroom en HIV/Vigs; spierfisiologie en biologie; skeletspieratrofie en -hipertrofie; satelliet-selle en mioblaste; hartmetabolisme, hipoksie en iskemie; multidissiplinêre stresbiologie; kanker en meganismes van seldood; oefenwetenskap

Navorsingsuitsette

Artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte	16
Boeke, konferensieverrigtinge, hoofstukke in boeke	4
MSc-studente in 2012 gegradueer	8
PhD-studente in 2012 gegradueer	4

Navorsingshoogtepunte

Verskeie personeellede het internasionale en nasionale konferensies bygewoon en voordragte gelewer. Plaaslik is prof Faadiel Essop uitgenooi om voordragte te lewer tydens die Pre-Landelike Navorsingsdag se spitskonferensie oor prioriteite in vigsnavorsing. Hy het ook opgetree as genooide spreker by die navorsingsimposium van die Mediese Navorsingsraad (MNR) se Diabetes Ontdekkingsplatform; die derde Kaapse Wynland ANOVA Konferensie; en die tweede VK-SA Kardiovaskulêre Werskwinkel by die Universiteit van Kaapstad. Prof Essop was die gasspreker by die 40ste Jaarkongres van die Fisiologiese Vereniging van Suider-Afrika wat deur die US se Departement Fisiologiese Wetenskappe aangebied is. Prof Essop het ook na Egipte gereis om as gasspreker deel te neem aan die 6de Internasionale Kongres van die Afrika Vereniging van Fisiologiese Wetenskappe.

Prof Kathy Myburgh het 'n sessie aangebied by die 2012 Eksperimentele Biologie Jaarvergadering in San Diego (VSA) en het 'n simposium by die Amerikaanse Kollege vir Sportmedisyne in San Francisco (VSA) bygewoon. Sy was ook 'n simposiumspreker by die 41ste Europese Spierkongres in Rhodos (Griekeland).

Dr Ben Loos het 'n voordrag met die titel "Die membraanfusie proses van outofagosome en lisosome" gelewer tydens die 50ste jaarlikse konferensie van die Mikroskopie Vereniging van

Suider-Afrika in Kaapstad. By die 40ste Jaarkongres van die Fisiologie Vereniging van Suider-Afrika wat in Stellenbosch gehou is, het hy 'n voordrag met die titel "Super resolusie gestruktureerde illuminasie mikroskopie in sellulêre fisiologie" gelewer.

Die departement publiseer verskeie eweknie-geëvalueerde publikasies in 2012, en 'n rekordgetal nagraadse studente verwerf grade in 2012, waaronder agt MSc- en vier PhD-grade.

Op uitnodiging van Prof Anna-Mart Engelbrecht, spandeer prof Anne Jonassen van die Universiteit van Bergen (Noorweë) een jaar in die departement as deel van haar sabbatsverlof en verstewig sy samewerkingsbande tussen die twee departemente. Sy het saam met dr Bali Sishi en dr Ben Loos aan 'n projek gewerk waar 'n nuwe proteïen met beduidende beskermende eienskappe vir die hart, *in vitro* en *in vivo* getoets is.

Dr Ben Loos het 'n nuwe navorsingsveld, gefokus op seldoodvatbaarheid in neurodegeneratiewe siektes, gevestig. Dit sluit in, onder andere, 'n klassieke selfisiologie-benadering wat neuronale seldood en neuronale migrasie ondersoek; 'n (nano)-biofisiese benadering deur gebruik te maak van super-resolusie illuminasiemikroskopie (in samewerking met prof Kristian Müller-Nedebock en dr Leandro Boonzaier van die Departement Fisika), en 'n sisteembioologie-benadering (in samewerking met prof Jannie Hofmeyr van die Departement Biochemie). Dr

Kontakinligting

Tel 021 808 3146

Faks 021 808 3145

E-pos gas@sun.ac.za

Web www.sun.ac.za/physiologicalsci

Loos het 'n navorsingsbesoek gebring aan Queens College (VSA) waar hy in prof Zarah Zakeri se laboratorium op seldood-meganismes gewerk het. Met behulp van fondse van die Nasionale Nanotegnologie-toerustingprogram het die departement 'n Elyra Super-resolusie-mikroskoop aangekoop. Dié unieke mikroskoop kan superresolusie en konfokale mikroskopie verrig en word in die Selskanderingseenheid van die US se Sentrale Analitiese Fasiliteit gehuisves.

Akademie sake

'n Rekordgetal nagraadse studente het in die departement geregistreer: 15 Hon-neurs-, 17 MSc- en 12 PhD-studente – dit is in lyn met die strategiese beplanning om meer PhD-studente te lewer.

Me Gina Leisching, me Rudo Mapanga, mnr Jamie Imbriolo en me Marie van der Vyver gradueer met doktorsgrade. Vier van die agt MSc-graduandi het hul grade met lof verwerf. Hulle is me Heloise le Roux, mnr Justin Mills, me Lize Engelbrecht en me Clare Springhorn.

Dr Ben Loos het befondsing van die US se Fonds vir Innovasie en Navorsing ontvang om 'n Historiese handboek vir studente te skryf.

Diens aan die wetenskaplike gemeenskap

Prof Faadiel Essop is gekies as raadslid vir die Afrika Vereniging van Fisiologiese Wetenskappe. Hy dien op die redaksionele rade van die *American Journal of Physiology* en die *Open Obesity Journal*, en is 'n lid van die internasionale komitee van die Amerikaanse Fisiologiese Vereniging.

Prof Kathy Myburgh dien as internasionale lid op die organiseringskomitee van die Europese Spierkongres; sy is hooforganiseerder van die 2de Suid-Afrikaanse Stamsel Indaba op Stellenbosch; en tree op as voorsitter van 'n sessie tydens die NNS/SAASTA se Kritiese Denkersforum oor stamselle in Johannesburg. Prof Myburgh is afdelings-redakteur vir die vaktidskrif *Bio Med Central Physiology* en dien op die redaksionele raad *Medicine and Science in Sports and Exercise*.

Prof Anna-Mart Engelbrecht is verkies tot die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kardiovaskulêre Navorsing (SASCAR). Sy dien ook op die redaksie van die *International Journal of Biomedical Sciences*. Prof Engelbrecht was voor-

sitter van die reëlingskomitee vir die jaarlikse Fisiologie Kongres van die Fisiologiese Vereniging van Suider-Afrika. Sy is ondersteun deur Prof Anna-Mart Engelbrecht, Ms Grazelda Simon, Dr Theo Nell, Dr Ben Loos, Prof Kathy Myburgh en Prof Carine Smith.

Dr Theo Nell en Prof Anna-Mart Engelbrecht is lede van die Nasionale Navorsingstigting se evalueringspaneel vir die toekenning van NNS-beurse en nadoktorale navorsingsgenootskappe.

Dr Ben Loos het bedank as bestuurder van die Selskanderingseenheid by die US se Sentrale Analitiese Fasiliteit (SAF). Hy bly egter betrokke in 'n raadgevende hoedanigheid ten opsigte van eksperimentele uitdaginge in mikroskopie. Dit sluit die bevordering van voortdurende interaksie tussen die Elektronmikrostralingseenheid en die Selskanderingseenheid in. Dr Loos is ook betrokke by die SAF se opleidingsprogramme in fluoresserende mikroskopie.

Die jaarlikse navorsingsdag vir derdejaarstudente in die natuurwetenskappe is onder meer deur dr Loos georganiseer. Tydens hierdie geleentheid het nagraadse studente kort praatjies oor hul navorsing aangebied ten einde kennis te deel en om voorgraadse studente aan te moedig om nagraadse studies in die Fisiologiese wetenskappe te oorweeg.

Toekennings aan personeel en studente

Die universiteit het weer die uitstekende pogings van ons personeel erken en prof Faadiel Essop, Prof Kathy Myburgh, prof Anna-Mart Engelbrecht en dr De Wet Strauss ontvang prestasietoekennings uit die Rektor se kantoor.

Prof Kathy Myburgh het 'n toekenning van die Amerikaanse Kollege van Sportmedisyne vir 25 jaar se lidmaatskap ontvang.

Verskeie van ons navorsers en studente het toekennings ontvang tydens die 40ste Jaarkongres van die Fisiologiese Vereniging van Suider-Afrika (PSSA). Hulle is dr Lydia Lacerda (beste aanbieding deur 'n gevestigde navorser); me Gina Leisching (Wyndham-toekenning vir die beste voordrag deur 'n student); me Clare Springhorn (Johnny van der Walt-toekenning vir die beste plakkaat); me Yogeshni Govender (beste MSc-voordrag); en me Megan Mitchell (beste voordrag deur 'n honneursstudent).

Doktorale kandidaat Kathleen Reyskens verower die eerste prys met haar aanbieding tydens die tweede VK-SA Kardiovaskulêre Werkwinkel wat deur die Universiteit van

Kaapstad aangebied is.

Verskeie van ons personelede het nuwe navorsingsfondse ontvang. Dr Ben Loos het befondsing van die Mediese Navorsingsraad, die Nasionale Navorsingstigting en Subkom B ontvang. Dr Balindiwe Sishi het navorsingsfondse van die Mediese Navorsingsraad ontvang, terwyl dr Theo Nell, dr Annadie Krygsman en prof Anna-Mart Engelbrecht geld vanaf die Kankervereniging van Suid-Afrika ontvang het.

Personeelsake

Dr Theo Nell het sy MSc-grad in Mediese Wetenskappe (Kliniese Epidemiologie) ontvang.

Gemeenskapsinteraksie

Dr Ben Loos en dr Balindiwe Sishi het as beoordelaars tydens die jaarlikse Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes opgetree. Die meeste van die personeel was betrokke by die jaarlikse Universiteit Stellenbosch Opedag, sowel as die Maties Natuurwetenskappe Winterweek.

Die departement het weer eens 'n baie suksesvolle winterweek met die tema "Fisiologie is cool" vir leerders vanuit voorheen benadeelde hoërskole aangebied. Dr De Wet Strauss het ook weer sy jaarlikse opknappingskursusse vir Biologie-onderwysers aangebied.

Samewerking

SUID-AFRIKA

Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
Universiteit van Kaapstad

AFRIKA

Kenyatta Universiteit (Kenia)
Universiteit van Botswana (Gaborone)

INTERNASIONAAL

Australië

Griffith Universiteit
Universiteit van Sydney

Kanada

Carleton Universiteit

Frankryk

Universiteit van La Réunion

Griekeland

Universiteit van Thessalië (Trikala)

Hongarye

Biologiese Navorsingsentrum, Hongaarse Akademie vir Wetenskap

Noorweë

Universiteit van Bergen



Kathleen Reyskens

Student geprys vir navorsing oor verband tussen ARB en hartsiekte

Me Kathleen Reyskens, 'n PhD-student in fisiologiese wetenskappe, is geprys vir haar navorsing oor die verband tussen antiretrovirale behandeling (ARB) en hartsiekte in MIV-positiewe mense.

Sy het die eerste plek behaal vir haar aanbieding by die 2de VK-SA Werksessie oor Kardiovaskulêre Navorsing in Kaapstad, 2012. Die doel van die werksessie was om die kollig te plaas op die werk van jong navorsers in die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika, en om vrugbare medewerking in kardiovaskulêre navorsing te bevorder. Die geleentheid is georganiseer deur die Europese Vereniging van Kardiologie (ESC), die Universiteit van Kaapstad en die Suid-Afrikaanse Genootskap vir Kardiovaskulêre Navorsing (SASCAR).

Sy het in 2011 begin met haar PhD-studie onder leiding van **Prof Faadiel Essop**, leier van die kardiometaboliese navorsingsgroep in die Departement Fisiologiese Wetenskappe aan US. In haar navorsing ondersoek sy die nuwe-effekte wat een spesifieke antiretrovirale middel moontlik kan hê, spesifiek in die bevordering van hartsiekte in spesifieke MIV-positiewe pasiënte.

“Ons moet vasstel wat die meganismes onderliggend aan die nuwe-effekte is en hoe die middel moontlik 'n pasiënt se risiko vir die opdoen van spesifieke hartsiektes kan verhoog,” sê Me Reyskens, wat 'n beurs van die Harry Crossley-stigting ontvang het. “Uiteindelik, indien ons kan uitvind hoe dit werk, kan ons moontlik die middel aanpas om die nuwe-effekte te elimineer.”

Volgens Prof Essop is die navorsing belangrik omdat dit blyk dat ARB die toenemende las van kardiometaboliese siektes verder aanwakker.

Verenigde State van Amerika

Universiteit van North Carolina
Pepperdine Universiteit

Befondsing

Amerikaanse Nasionale Gesondheidsinstitute
Europese Unie (HEAIDS)
Kankervereniging van Suid-Afrika
Mediese Navorsingsraad
Nestlé Voedingsinstituut Afrika
Noorweegse Program vir Ontwikkeling, Navorsing en Onderrig (NUFU)
PepsiCo Internasionaal
Suid-Afrika Noorweë samewerkingseinisiatief
Stellenbosch Universiteit

Personeel

Doserend

Prof MF Essop (departementele voorsitter)
Prof KH Myburgh
Prof A-M Engelbrecht
Prof C Smith
Dr JA de Wet Strauss
Dr T Nell
Dr B Loos
Dr B Sishi

Ondersteuningspersoneel

Dr A Krygsman
Dr L Lacerda
Mnr A Isaacs
Me G Simon

Navorsers met NNS-graderings

Internasionaal erkende navorser

Prof Kathy Myburgh
(spierbiologie)

Gevestigde navorser

Prof Faadiel Essop
(hartmetabolisme)

Belowende jong navorser

Prof Anna-Mart Engelbrecht
(seldood en seinweë)

A grayscale micrograph showing numerous rod-shaped bacteria, likely Lactobacillus and Enterococcus, against a dark background. The bacteria are arranged in various orientations, some in chains and some individually. The lighting highlights their smooth, slightly curved surfaces.

Departement **Mikrobiologie**

Melksuurbakterieë van die genera *Lactobacillus* en *Enterococcus*, wat uitgebeeld word, is soortgelyk aan die organismes *Lactobacillus plantarum* en *Enterococcus mundtii* wat in die probiotika entiro™ gebruik word. Dié probiotika bestaan uit lewende, sogenaamde vriendelike melksuurbakterieë wat peptiede produseer en patogene aanval. Prof Leon Dicks se navorsingsgroep in die Departement Mikrobiologie by die Universiteit Stellenbosch was die eerste in Suid-Afrika om antimikrobiese peptiede uit melksuurbakterieë in 'n mediese produk te inkorporeer.

Departement **Mikrobiologie**

Navorsingsbelange

Bioprosessering van landbou-produkte; bioprospektering vir wat plantpoli-sakkariede afbreek; genetiese manipulasie van giste vir die omskakeling van plantmateriaal na bioetanol en die produksie van ensieme/farmaseutiese proteïene in giste en fungi vir gebruik in die vervaardiging van entstowwe; mikrobiologie van bio-ontginning van ertse, arseenweerstandigheid en die skep van bepaalde mutasies en plasmiede van bio-ontginningsbakterieë; taksonomie van melksuurbakterieë; karakterisering van antimikrobiële peptiede (insluitend bakteriosiene) wat deur melksuurbakterieë geproduseer word en die industriële gebruik hiervan; fungus-gemeenskappe van fynbosgrond; biologie van grondfungi, spesifiek *Penicillium* en *Mucor*; die interaksies van giste met hulle biologiese, chemiese en fisiese omgewings; taksonomie van askomisete (fungi); ontwikkeling van probiotiese melksuurbakterieë vir mens en dier; antibiotika-weerstandigheid van waterpatogene; monitering en optimalisering van huishoudelike reënwaterente

Navorsingsuitsette

Artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte	31
Boeke, konferensieverrigtinge, hoofstukke in boeke	2
MSc-studente in 2012 gegradueer	5
PhD-studente in 2012 gegradueer	4

Navorsingshoogtepunte

Prof Leon Dicks het baanbrekersnavorsing oor melksuurbakterieë onderneem, waarvoor hy die gesogte TW Kambule-prys by die prysuitdeling van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum en BHP Billiton ontvang het. Hy het twee bakteriële stamme met antimikrobiële peptiede ontdek wat sommige van die belangrikste patogene in lokale infeksies en spysverteringsprobleme hoogs doeltreffend bestry. Sy navorsing het ook uitgeloop op 'n produk wat Cipla Medpro as entiro™ bemark. Hierdie produk word deur 25 navorsingsreferate ondersteun, is in 65 lande geregistreer, en is sedert 2013 by alle groot Suid-Afrikaanse apteke verkrygbaar.

Daarbenewens het prof Dicks 'n referaat by die 3de internasionale simposium oor antimikrobiële peptiede in Lille (Frankryk) gelewer. Mnr Tiaan Heunis en Du Preez van Staden het by dieselfde geleentheid plakkaataanbiedings gedoen.

Prof Emile van Zyl het 'n voorlegging oor die ontwikkeling van sellulolitiese gis by die 13de internasionale giskongres in Madison, Wisconsin (VSA) gedoen. Hy het ook 'n voordrag gelewer oor gevorderde biotegnologieë vir die produksie van vliegtuigbiobrandstof by die 7de werksessie van SABB, die Brasiliaanse inisiatief vir volhoubare vliegtuigbiobrandstof, in São José dos Campos (Brasilië).

Dr Riaan den Haan het 'n referaat gelewer oor sellulolitiese gis by die 34ste simposium oor biotegnologie vir brandstof en chemikalieë in New Orleans, Louisiana (VSA).

Me Kim Trollope van dr Heinrich Vol-schenk se laboratorium het 'n plakkaat aangebied by die 6de internasionale kongres oor biokatalise (Biocat2012) in Hamburg (Duitsland). Op sy beurt het mnr Ferdinand Postma van prof Alf Botha se laboratorium 'n plakkaat aangebied by die 7de kongres van die Internasionale Simbiosevereniging in Krakow (Pole).

Kontakinligting

Tel 021 808 5847

Faks 021 808 5846

E-pos whzv@sun.ac.za

Web www.sun.ac.za/microbiology

Akademie sake

Nadat die Departement Mikrobiologie in 2011 sy 50ste bestaansjaar gevier het, het die departement sy vere reggeskud en 'n selfbeoordelingsproses onderneem, wat 'n geleentheid vir selfondersoek en toekomsbeplanning gebied het. Die uiteindelige verslag, wat met behulp van eksterne moderators opgestel is, het klem gelê op die departement se goeie navorsingsprofiel en hoë voorgraadse suksessyfers wat ondersteun word deur 'n sterk personeelkomponent met 'n kenmerkende gees van kollegialiteit en onderlinge ondersteuning. Groot uitdagings waarvoor die departement te staan kom, sluit in die stygende voorgraadse studentegetalle, 'n afname in PhD-studente, en volhoubaarheidskewessies met betrekking tot wisselvallige eksterne finansiering om navorsing te ondersteun en verouderde toerusting in stand te hou en te vervang.

Dosente handhaaf 'n hoë onderrigstandaard in alle voorgraadse kursusse en het 'n gemiddelde indrukspunt van 77% behaal. Onderriginhoud word voortdurend bygewerk om op hoogte van die jongste ontwikkelings op die gebied van mikrobiologie te bly en om kursushoud prakties op werklike voorbeelde toe te pas. Baie studente bevestig dan ook dat juis dit onderrig relevant maak. Tog bly die immer stygende voorgraadse studentegetalle en swak toegeruste skoolverlaters beduidende struikelblokke vir onderrig van gehalte.

Die departement het in 2012 aan 'n programwye kurrikulumhershikking deelgeneem om die twee hoofvak-model weer op derdejaarsvlak bekend te stel. Die gevolglike veranderinge aan die kurrikulum, wat gedurende 2014 ingefaseer sal word, sal finalejaaronderrig in mikrobiologie verdiep met vier volledige modules wat oor twee semesters versprei is, en sal studente beter toerus vir 'n nagraadse kwalifikasie.

Die departement het steeds 'n groot getal nagraadse studente (11 honneurs-, 23 magister- en 10 PhD-studente) in verhouding tot die getal akademiese personelede. Ons dosente publiseer getrou hul navorsingsresultate wat gelei het tot sowat drie artikels per dosent.

Diens aan die wetenskaplike gemeenskap

Prof Leon Dicks dien in die redaksionele raad van die vaktydskrifte *International Journal of Food Microbiology* (sedert 1999), *Journal of Applied Microbiology* (2005-2012), *Letters in Applied Microbiology* (2005-2012), *Probiotics and Antimicrobial Proteins* (sedert 2008), *Beneficial*

Microbes (sedert 2008) en *Bioscience of Microbiota, Food and Health* (sedert 2011). Hy is ook hoofredakteur van die *South African Journal of Enology and Viticulture*.

Prof Karin Jacobs dien as ondervoorsitter van die Mikologiese Vereniging van Afrika, en is ook in die redaksionele raad van die vaktydskrif *Mycology*.

Prof Alf Botha is tot lid van die Wetenskap-akademie van Suid-Afrika verkies, en sluit hom daarmee by medeleders proff Doug Rawlings, Bernard Prior, Emile van Zyl en Leon Dicks – almal van die Departement Mikrobiologie – aan. Prof Botha dien ook in die redaksionele raad van die *Canadian Journal of Microbiology* en *FEMS Yeast Research*, en is 'n lid van die Materiaalnavorsingsgroep se gebruikersadvieskomitee by iThemba LABS.

Prof Emile van Zyl is steeds lid van die adviesraad van die Bioimprove-program in Swede, en dr Heinrich Volschenk dien as raadslid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie.

Toekennings aan personeel en studente

Prof Leon Dicks se baanbrekersnavorsing oor melksuurbakterieë het hom die gesogte TW Kambule-prys by die prysuitdeling van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieseforum en BHP Billiton besorg.

Prof Emile van Zyl was naaswenner van die Suid-Afrikaanse Nasionale Energievereniging se energieprys vir 2012. Prof Alf Botha en mede-outeurs het die Douw Greeff-prys ontvang vir die beste referaat wat in 2011 in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* verskyn het. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ken jaarliks hierdie prys vir 'n navorsings- of ondersoekende artikel van uitstekende wetenskaplike gehalte toe.

Personeelsake

Prof Emile van Zyl het die vyfde voorsitter van die Departement Mikrobiologie geword terwyl prof Doug Rawlings vir ses maande as Viserektor (Navorsing) waargeneem het. Met die verkiesing van prof Eugene Cloete, voormalige Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en ook lid van die departement, tot die nuwe Viserektor (Navorsing en Innovasie), het prof Rawlings die pos van waarnemende Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe aanvaar.

Gemeenskapsdiens

Prof Emile van Zyl, bekleër van die senior leerstoel oor biobrandstowwe, het ver-

skeie wetenskaplike en informele seminare aangebied, onder meer 'n voorlegging aan U3A Helderberg oor die geleentheid en uitdagings van volhoubare biobrandstofproduksie in Suider-Afrika. U3A staan vir "University of the Third Age" en is 'n wêreldwye netwerk leergemeenskappe vir ouer mense.

Die departement het aan inisiatiewe by die Kleinmond-behuisingsprojek deelgeneem om kennis oor die gehalte van opgevangre reënwater in Suid-Afrika uit te brei. Die Kleinmond-behuisingsprojek is die geesteskind van die Wetenskaplike Nywerheid- en Navorsingsraad (WNNR) en die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT). Met finansiering van die Waternavorsingskommissie, het me Penelope Dobrowsky en drr Michele de Kwaadsteniet en Wesaal Khan onder leiding van prof Eugene Cloete bevind dat, hoewel die chemikalie-inhoud van die reënwater oor die algemeen laer was as die maksimum voorgeskrewe perke vir drinkwater; die water in huishoudelike reënwaterentks volgens die mikrobiiese ontleding nie vir drinkwater- en sekere huishoudelike doeleindes gebruik behoort te word nie. Me Dominique Mannel van die Departement Sosiologie, wat ook as navorsingsassistent by die US Waterinstituut werk, het op haar beurt met 68 huishoudings in die Kleinmond-behuisingsprojek onderhoude gevoer om ondersoek in te stel na hul aanvaarding van, en opvattinge oor, die gebruik van huishoudelike reënwaterentks. Navorsing duur voort om die mikrobiiese gehalte van opgevangre reënwater aan drinkwaterstandaarde te laat voldoen deur behandelingstegnologieë soos filtreer- of sonontsmettingstelsels in werking te stel daar waar die water gebruik word.

MSc-student me Veronique Meyer het leerders by haar voormalige hoërskool, Lückhoff Sekondêre Skool op Stellenbosch, bygestaan om praktiese ervaring in watertoetsing op te doen.

Dr Michele de Kwaadsteniet en me Louisa van der Westhuizen het as streeksbeoordeelaars by die Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes van 2012 gedien, terwyl me Jenade Lynch en dr Wesaal Khan tegniesse bystand gebied het aan leerders wat vir hierdie geleentheid voorberei het.

Drr Wesaal Khan en Heinrich Volschenk het die departement se betrokkenheid by opedae van die Universiteit, die Maties Natuurwetenskappe Winterweek en ander ad hoc-besoeke deur hoërskoolleerders gekoördineer. Hierdie goed gekoördineerde interaksies het leerders se belangstelling in mikrobiologie verhoog en is deels verantwoordelik vir die toename in inskrywings die afgelope paar jaar.

US-wetenskaplikes ontwerp hoëtegnologiesfilter vir skoner water

Toe mikrobioloog **prof Eugene Cloete** in Januarie 2009 die Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) geword het, het hy nie toegelaat dat sy uitgebreide administratiewe pligte sy passie vir die wetenskap oorheers nie.

Inteendeel, sy blootstelling aan toepaslike navorsing buite sy eie spesialisgebied het gelei tot die uitvinding van 'n hoëtegnologie wegdoenbare filter wat soos 'n teesakkie lyk en besoedelde water suiwer.

Hy het in 2012 saam met navorsers van die Departement Mikrobiologie en US se polimeerwetenskaplikes dié innoverende uitvindsel gepatenteer. Dit is 'n gebruik- en omgewingsvriendelike watersuiweringstelsel wat in die nek van 'n bottel pas.

“Die water word gesuiwer net daar waar jy dit uit die bottel drink,” verduidelik Cloete.

Die sakkie kombineer jare se fundamentele navorsing in watersuiwering, nanotegnologie en voedselmikrobiologie op 'n praktiese wyse. Dit beloof om maklike toegang tot skoon drinkwater aan kwesbare gemeenskappe te bied, byvoorbeeld dié wat naby besoedelde waterstrome woon.

Prof Cloete, voorsitter van die US Waterinstituut, vertel dat hy die idee vir die filter tydens 'n bekendstellingsbesoek aan InnovUS, die Universiteit se tegnologie-oordragmaatskappy, gekry het.

“Ek het gekyk na die elektrospintegniek wat dr Eugene Smit van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap ontwikkel het en waarmee ultradun vesels op 'n nanoskaal gespin word,” onthou hy.

'n Navorsingspan is saamgestel en ná verskeie proeflopies en eksperimente is 'n filtersakkie ontwikkel wat nie alleen soos 'n teesakkie lyk nie, maar ook gemaak is van bioafbreekbare materiaal soos dié van gewone rooibosteesakkies.

Die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut en sy “teesakkie”-filter maak deel uit van die US se HOOP Projek, 'n stel ontwikkelingsdoelwitte wat daarop gemik is om lewensgehalte in Suid-Afrika en op die res van die vasteland te verbeter.

Samewerking

SUID-AFRIKA

Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie
Landbounavorsingsraad, Nietvoorbij
Mediese Navorsingsraad
Polytechnic van Namibië
Rhodes Universiteit
Universiteit van die Wes-Kaap
Waternavorsingskommissie
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

INTERNASIONAAL

Chili

Andrés Bello University

Duitsland

Karlsruhe Instituut van Tegnologie

Frankryk

Muséum National d'Histoire Naturelle

Finland

Universiteit van Turku

Italië

Universiteit van Padova
Universiteit van Verona

Japan

Kyushu Universiteit
Tokio Universiteit van Landbou
Universiteit van Tokio

Nederland

Centraal Bureau voor Schimmelcultures

Swede

Umeå Universiteit

Verenigde State van Amerika

Dartmouth Kollege
Rutgers, Staatuniversiteit van New Jersey

Wallis

Bangor Universiteit

Befondsing

Agentskap vir Tegnologiese Innovasie
Cipla Medpro
Departement van Wetenskap en Tegnologie
Mascoma Corporation
Nasionale Navorsingstigting
Polytechnic van Namibië
Program vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne vir die Nywerheid (THRIP)
RAPS GmbH & Co
Sloan Trust
Suid-Afrikaanse Nasionale Instituut vir Energie-navorsing (SANERI)
Waternavorsingskommissie

Personeel

Doserend

Prof WH van Zyl (*departementele voorsitter*)
Prof M Bloom
Prof A Botha
Prof TE Cloete (*viserektor: navorsing & innovasie*)
Prof LMT Dicks
Prof K Jacobs
T Jansen
Dr W Kahn
Prof DE Rawlings (*waarnemende dekaan*)
Dr H Volschenk

Buitengewone professore

Prof B Axcell
Prof L Lynd
Prof BA Prior
Prof J Thevelein
Prof D Toerien

Ondersteuningspersoneel

L J Daniels
M Gey van Pittius
MH Koopman
J Lynch
LA Malherbe
R Robyn
M Stuurman
T van der Merwe
L van der Westhuizen
W Wentzel

Navorsers met NNS-graderings

Toonaangewende internasionale navorser

Prof Doug Rawlings
(*molekulêre biologie van bio-ontginningsbakterieë en hul plasmiede*)

Internasionaal erkende navorser

Prof Alf Botha
(*mikrobiële ekologie*)
Prof Eugene Cloete
(*waterbiotegnologie*)
Prof Leon Dicks
(*melksuurbakterieë, probiotika en bakteriosiene*)
Prof Emile van Zyl
(*bio-etanol uit plantmateriaal en produksie van proteïene in gis en fungi*)

Gevestigde navorser

Prof Marinda Bloom
(*swambioprosessering*)
Prof Karin Jacobs
(*mikrobiële ekologie*)
Dr Heinrich Volschenk
(*bioprospektering vir ensieme en produksie van proteïene in gis*)



Departement **Plant- en Dierkunde**

Die kewermadeliefie (*Gorteria diffusa*) kom algemeen in die suide van Namibië, Namakwaland en die Klein-Karoo voor. Wat dié madelifiespesie merkwaardig maak, is dat 'n mens tot 14 verskillende blomvorms of 'blomtipes' daarvan aantref. Die tipes wissel in kleur, van helderoranje tot liggeel, met verskillende insekagtige swart kolle op. Navorsers van die Departement Plant- en Dierkunde wat die wisselwerking tussen bestuiwers en plante in die Kaapse planteryk bestudeer, het gevind dat die manlike en vroulike byvlieg (*Megapalpus capensis*) verskillende voorkeure vir hul gunsteling madelifies het. Dié navorsing is in die internasionale vaktydskrif *Functional Ecology* gepubliseer.

Foto: Dr Marinus de Jager en Ethan Newman

Departement **Plant- en Dierkunde**

Navorsingsbelange

Dierebiodiversiteit; Antarktiese en suidelike-eilandnavorsing; gedragsekologie van gewerweldiere; Kaapse flora; klimaatsverandering; gemeenskapsekologie; ekonomiese plantkunde; bewaringsgenetika en filogeografie; ekotoksikologie; ekotoksikogenomika; endokriene verstuurings; evolusionêre genomika van diere; evolusionêre fisiologie van diere; fynbos-ekologie en -genomika; herpetologie; die gebruik van inheemse en medisinale plante; insekgedrag en -fisiologie; ekofisiologie; indringer-biologie; makro-ekologie; molekulêre sistematiek; paleontologie; plant-dier wisselwerkings; plantbiodiversiteit; plantbiochemie; plantbiotegnologie; plant-ekologie; plant-ekofisiologie; plantfisiologie en -fotosintese; funksionele plantgenomika; mikorrise-swamme by plante; plantsistematiek; stres-ekologie; funksionele biologie van gewerweldiere.

Navorsingsuitsette

Artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte	133
Redaksionele bedrywighede (boeke en vaktydskrifte)	54
Boeke, konferensieverrigtinge, hoofstukke in boeke	14
MSc-studente in 2012 gegradueer	12
PhD-studente in 2012 gegradueer	11

Navorsingshoogtepunte

Die departementele en verwante personeel is trots daarop dat die meeste van ons navorsingsreferate in vaktydskrifte met akkreditasie by die Instituut vir Wetenskaplike Inligting (ISI) verskyn het. Lede van die Departement Plant- en Dierkunde het meer as R10 miljoen in die vorm van navorsingsfinansiering ontvang.

Meer as 70% van die akademiese personeel beskik nou oor 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) (A = 3; B = 1; C = 6; Y = 9). As gevolg van die aktiewe navorsingsprogramme van die departement en die Sentrum vir Indringerbiologie (SIB), het 37 nuwe studente vir nagraadse studie in Plant- en Dierkunde geregistreer (15 honneurs, 15 MSc en sewe PhD). Ons het ook heelwat vooraanstaande nasionale en internasionale besoekers ontvang en as akademiese tuiste vir 13 nadoktorale genote van vier verskillende lande gedien.

Deur hierdie aktiewe samewerking het ons besoek ontvang van dr Robert Barclay van die Universiteit van Calgary (Kanada), prof Jaimie Dick en Mhairi Alexander van Queens Universiteit (Ierland), prof Susan Mazer van die Universiteit van Kalifornië (VSA), prof Eric Imbert van die Instituut vir Evolusionêre Wetenskap aan die Universiteit van Montpellier (Frankryk), dr Heather Whitney van die Universiteit van Bristol (VK) en dr Andrea Cosocov van die Universiteit van Cordoba (Argentinië).

Ander besoekers was onder meer dr Sara Aguado de la Paz van die Universiteit van Oviedo (Spanje), dr Michelle Greve van die Universiteit van Aarhus (Denemarke), prof Steven Karl van die Hawaise Instituut vir Mariene Biologie (VSA), dr Christine Meynard van die Sentrum vir Plantbiotegnologie en -genomika (Frankryk) en prof Michael Udvardi van die Noble-stigting in Oklahoma (VSA).

Ons seminaarprogram het met verskeie nasionale navorsingsaanbieders gespog, soos dr Woody Cotterill van AEON (die Afrika-aardwaarnemingsnetwerk), dr Lara Atkinson van SAEON (die Suid-Afrikaanse omgewingswaarnemingsnetwerk), dr Lara van Niekerk van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se vleiland- en nasionale biodiversiteitsasseringsprojek, mnr Saberi Marais van InnovUS, en dr Laura Blamey van die Mariene Instituut van die Universiteit van Kaapstad.

Akademiese personeel van die departement en die Sentrum vir Indringerbiologie (SIB) was teenwoordig én het navorsing aangebied by verskeie nasionale en internasionale konferensies. Internasionale bydraes sluit in dr Alex Valentine, wat die Nasionale Universiteit van Meksiko en die Noble-stigting in Oklahoma (VSA) besoek het; dr Sophie von der Heyden, wat die Nasionale Sentrum vir Evolusionêre Sintese aan Duke Universiteit (VSA) besoek het, en dr Susana Clusella-

Kontakinligting

Tel 021 808 3236

Faks 021 808 2405

E-pos botzoo@sun.ac.za

Web www.sun.ac.za/botzoo

Trullas, wat as gasspreker opgetree het by 'n seminar van die Departement Soöfisiologie aan die Universiteit van Aarhus (Denemarke).

Dr Tammy Robinson het navorsing voorgelê by die eerste internasionale konferensie oor die regulering van indringerspesies van Suid-Afrika en Duitsland by die Justus Liebig Universiteit (Duitsland). Prof Dave Richardson en drs John Wilson en Cang Hui het 'n werksessie oor boomindringing in Bariloche (Argentinië) bygewoon, en proff Conrad Matthee en Terry Robinson het medewerkers aan die Universiteit van Montpellier (Frankryk) vir voortgesette navorsing besoek. Dr Cang Hui het ook medewerkers by CSIRO (die Statebondorganisasie vir wetenskaplike en nywerheidsnavorsing) en Monash Universiteit (Australië) besoek, terwyl prof Dave Richardson die NEOBIOTA-konferensie in Pontevedra (Spanje) bygewoon het.

Die Departement Plant- en Dierkunde is die voorkeurtuiste vir 'n aantal navorsingsgenote, wat tot navorsingsproduktiwiteit bygedra het. Dit sluit in proff Jan Nel, Eddie van Dijk, Jan Giliomee, Dan Baird, Sophie Reinecke en Koot Reinecke, sowel as drs Ted Oliver, Edmund Pool, Willie Sirgel, Krystal Tolley, John Wilson en Colin Tillbury.

Akademiese sake

Die departement is op voorgraadse vlak verantwoordelik vir ses modules in Biologie (eerste jaar) en 12 modules in Biodiversiteit en Ekologie (tweede en derde jaar). Van die eerstejaarmodules word as dienskursusse vir groot getalle studente van ander fakulteite aangebied. In dié opsig het drs Juri van den Heever, Marnel Mouton, Jaco le Roux, Sjirk Geerts en Kenneth Oberlander; mnr Marinus de Jager, Hannibal Musarurwa, Christoff Truter, Edward Archer en Bernard Coetzee, sowel as me Janine Colling en Natasha Mothapo onderrigbystand gebied.

Die hersiene program in Biodiversiteit en Ekologie is in 2012 in werking gestel. Die nuwe program sal die getal beskikbare voorgraadse modules gedurende 2013 van 18 tot 20 verhoog, en twee nuwe modules (Indringerbiologie en Bioom-ekologie) sal in 2014 as derdejaarmodules bekend gestel word. Die gewysigde program sal voor-

graadse studente meer blootstelling op die gebied van biodiversiteit en ekologie bied. Die inhoud van die voorgraadse program is bepaald ontwerp om 'n stewige platform vir nagraadse studie in Plant- en Dierkunde te bied, met die klem op biodiversiteit, evolusie en ekologie. Die nuwe derdejaarmodules vir 2013 sluit in 'n veldkursus in Ekologie, Angiospermdiversiteit en -evolusie, Wêreldwyeveranderingsbiologie, Evolusionêre Ekologie, Evolusionêre Patrone en Prosesse, en Bewaringsbiologie.

Die departement het voortgegaan met die interaktiewe tutoriaalstelsel vir klein groepe eerstejaarstudente met verskillende bevoegdheidsvlakke. Volgens hierdie stelsel bied 11 toegewyde nagraadse studente een maal per week bykomende onderrig in die vorm van formele tutoriaalklasse. Dieselfde tutors is beskikbaar vir gereelde konsultasies met individuele studente. Die program, wat deur prof Theresa Wossler gekoördineer word, blyk uiters suksesvol te wees. Ondanks die groter klasgroottes, het eerstejaars se slaagsyfer in die meeste kursusse beduidend toegeneem sedert die program bekend gestel is.

Sewe-en-dertig nagraadse studente het hul grade suksesvol in die departement verwerf (14 honneurs, 12 MSc en 11 PhD). Tans is 39 magister- en 33 PhD-studente in die departement geregistreer. Vyftien MSc- en ses PhD-studente het in 2012 hul projekvoorstelle met welslae voorgelê. Die akademiese komitees van die departement het drie voorstelle vir die opgradering van MSc-studie na PhD-studie beoordeel en goedgekeur.

Diens aan die wetenskaplike gemeenskap

Verskeie personeellede het as eksterne eksamineerders vir kursusse opgetree of in adviespanele vir verskillende bewarings- en staatsliggame gedien.

Die personeellede van die Departement Plant- en Dierkunde wat as eksterne eksamineerders opgetree het, sluit in dr Carol Simon (Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie), dr Nokwanda Makunga (universiteite van die Vrystaat en Kaapstad), prof Le Fras Mouton (universiteite van die Vrystaat en die Wes-Kaap), prof Theresa Wossler (Rhodes Universiteit), prof Hannes van Wyk (universiteite van die Wes-Kaap en Kaapstad), dr Alex Flemming (universiteite van die Wes-Kaap en Kaapstad) en prof Valdon Smith (Universiteit van die Wes-Kaap).

Prof Michael Cherry het as paneellid van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir

die toekenning van toelae in Dierkunde en Ekologie gedien, en ook as 'n trustee vir die Kalahari Navorsingstrust. Dr Allan Ellis het as raadsekretaris van die Suid-Afrikaanse Genootskap van Plantkundiges (SAGP) gedien en oor twee NNS-interns toesig gehou. Dr Carol Simon het as konsultant opgetree vir 'n perlemoenplaas, en as verteenwoordiger in die Internasionale Vereniging oor Borselwurms gedien.

Dr Nokwanda Makunga het as voorsitter van SAGP en as lid van die wetenskaplike komitee vir die Mediese Navorsingsraad se navorsingsdag gedien. Sy was ook 'n gasspreker by SciFest 2012 as deel van die Wetenskap- en Tegnologieforum se promosietoer na Grahamstad, en is genooi as lid van die afvaardiging wat die Departement van Wetenskap en Tegnologie (die inheemse kennisstelselsplatform) na Indië vergesel het. Sy is boonop die hoofnavorsor in 'n navorsingsprojek saam met Footprint Management Solutions wat deur THRIP (die program vir die ontwikkeling van tegnologie en menslike hulpbronne vir die nywerheid) gefinansier word.

Dr Alex Valentine was in die adviesraad van JS Marais-park, terwyl daar gereelde onderhoud met prof Le Fras Mouton gevoer is vir die Afrikaanse radioprogram *Hoe verklaar jy dit?* op RSG. Prof Terry Robinson het as evalueerder van die NNS opgetree, as raadslid van die Internasionale Sitemogenetika- en Genoomvereniging gedien, en was ook uitvoerende en stigtersraadslid van die Internasionale Lagomorf Vereniging. Prof Theresa Wossler was 'n aktiewe lid van die Helderberg Advieskomitee, wat die bestuurskomitee van die Helderberg Natuurreservaat in Somerset-Wes oor aangeleenthede soos brandbestuur, dierverskuiwings en openbare kwessies adviseer.

Prof Hannes van Wyk het in die programkomitee vir die internasionale Berlyn 10-konferensie, die reëlingskomitee van die internasionale simposium oor toksisiteits-assessering, sowel as die bestuurskomitee van die Waternavorsingskommissie gedien. Hy was ook 'n lid van die beoordelaars-paneel vir die Junior Kaptein Scott-medalje. Prof Conrad Matthee was 'n lid van die bestuurskomitee van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe se werksgroep oor oewerkonynne. Dr Anton Pauw het as trustee van die Veldblombewaringstrust en as 'n lid van die Red Hill Bewaringsgroep gedien, en is ook om bydraes vir die BBC-reeks *Wonders of Life* genader. Dr Sophie von der Heyden se boek *Southern African Sea Life – A Guide for Young Explorers* is deur STRUIK uitgegee.

Prof Leanne Dreyer het as wetenskapskon-

Foto: Engela Duvenage



Hier wys S•I•B tegniese beampte Thembile Khoza vir Minister Naledi Pandor van die miere wat al ingesamel is as deel van die limbavane Uitreikprogram.

Minister van Wetenskap en Tegnologie besoek S•I•B

Met haar besoek aan die Universiteit Stellenbosch-kampus op 21 Februarie 2012 het die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, 'n indrukwekkende oorsig van die werksaamhede en projekte van die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie (S•I•B) ontvang.

Die Minister is vergesel deur dr Albert van Jaarsveld, Voorsitter en Uitvoerende Hoof; Nasionale Navorsingstigting (NNS), en ander sleutelamptenare van die NNS. Hulle is ontvang deur US se Rektor, prof Russel Botman; die US se waarnemende Viserektor (Navorsing), prof Douglas Rawlings; die Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, prof Eugene Cloete, en personeellede van die S•I•B.

Die S•I•B is een van sewe Sentrums van Uitnemendheid wat die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) en die NNS sedert 2004 tot stand gebring het. Lede van dié sentra onderneem navorsing oor die impak van indringerspesies op biodiversiteit en ekologiese dienste soos watervoorsiening.

Indringerspesies is organismes wat per abuis of doelbewus na buite hul oorspronklike tuistes versprei het en nou biodiversiteits- en/ of ekonomiese skade aanrig. Die ekonomiese koste van die impak van indringerspesies word op 5% van die wêreldwye bruto binnelandse produk (BBP) geraam.

sultant vir die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) en as lid van die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Boomgesondheidsbiotegnologie gedien. Prof Savel Daniels was 'n lid van die NNS se nadoktorale keuringspaneel, terwyl dr Victor Rambau in die komitee van die Dierkundige Vereniging van Suider-Afrika (DVSA) gedien het. Dr Tammy Robinson het in die raad gedien vir die keuring van aansoeke om finansiering uit die NNS se Thuthuka-fonds.

Personeellede was ook aktief betrokke by redaksionele bedrywighede vir etlike toonaangewende vaktydskrifte. Dit sluit in prof Michael Cherry (*Behavioral Processes; Folia Zoologica en Emu*, en hoofredakteur van *SA Journal of Science*), dr Allan Ellis (mederedakteur van die *Botanical Journal of the Linnaen Society*), dr Carol Simon (redakteur van die nuusbrieff van die DVSA), dr Makwanda Makunga (mederedakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Plantkunde*), dr Alex Valentine (*African Journal of Herpetology* en mederedakteur van *African Zoology*), prof Terry Robinson (*Chromosome Research, Cytogenetics and Genome Research en Heredity*, en mederedakteur saam met dr F Yang van 'n spesiale uitgawe van *Heredity* getiteld "Molecular Cytogenetics: Karotype evolution, phylogenomics and future prospects"), prof Theresa Wossler (assistent-redakteur van *African Entomology*), prof Hannes van Wyk (redakteur van *African Zoology*), prof Conrad Matthee (*Integrative and Comparative Biology; Koedoe en African Journal of Marine Science*), dr Anton Pauw (vakredakteur vir die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Plantkunde*), dr Susana Clusella-Trullas (*Journal of Thermal Biology; Frontiers in Invertebrate Physiology en Austral Ecology*), dr Cang Hui (*Biological Invasions; Applied Mathematical and Computational Sciences; The Open Zoology Journal en The Scientific World Journal*), dr Jaco le Roux (keurderspaneel vir *Czech Science* en mederedakteur van *Biological Invasions*) en prof Valdon Smith (*Polar Record*).

Verskeie personeellede neem aktief deel aan die organisatoriese of besluitnemingstrukture van 'n aantal diensorganisasies. Dit sluit in SAGP; die Landbounavorsingsraad (LNR); die taakspan vir die ontwikkeling en regulering van uitheemse spesies ingevolge die Suid-Afrikaanse Wet op Biodiversiteit; SCAR, oftewel die wetenskaplike komitee oor Antarktiese navorsing; die DVSA; die Suid-Afrikaanse Raad op Natuurwetenskaplike Beroepe; die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI); die NNS-biodiversiteitsfokuspaneel; die raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sistematiese Biologie; die Inligtingsfasiliteit vir Wêreld-

wye Biodiversiteit; die spesialisgroep oor lagomorfe; die veeartsenykundige navorsingsinstituut by Onderstepoort; die Kalahari Navorsingstrust; die bestuurskomitee van die Werksgroep oor Oewerkonynne; die bestuurskomitee van die Waternavorsingskommissie; die Junior Kaptein Scott-paneel van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en SARCA, oftewel die Suider-Afrikaanse Reptielbewarings-assesseringsprojek.

Van die internasionale diensorganisasies met wie die departement bande het, sluit in die Australiese Antarktiese Afdeling, die Nederlandse Organisasie vir Wetenskaplike Onderzoek (NWO), die Komitee vir Navorsing en Verkenning van die *National Geographic*-vereniging van die VSA, die Internasionale Unie vir Natuurbewaring (IUCN), die amfibieë-spesialisgroep van die Europese Unie se Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD), die Nasionale Omgewings-navorsingsraad van die Verenigde Koninkryk, en die Nederlandse Instituut vir Ekologiese Navorsing.

Toekennings aan personeel en studente

Verskeie van ons personeellede is vir hul werk vereer. Dr Bruce Anderson het 'n Oppenheimer-beurs ontvang en 'n navorsingsjaar in Japan deurgebring. Prof Savel Daniels het 'n Oppenheimer- en 'n Fulbright-beurs vir sy navorsingsbesoek aan Harvard Universiteit ontvang.

Prof Terry Robinson het hoë lof verwerf vir sy rol in die samestelling van die omvattendste stamboom vir soogdiere tot dusver, wat in Januarie 2012 in die toonaangewende vaktydskrif *Science* verskyn het. Prof Michael Cherry is tot lid van ASSAF, die Wetenskap-akademie van Suid-Afrika, en prof Theresa Wossler tot lid van die Komitee vir Leer en Onderrig aan die Universiteit Stellenbosch verkies.

Ook ons studente het, in samewerking met hul studieleiers, verskeie pryse vir hul werk ontvang. Mnr Bernard Coetzee (onder leiding van prof Steven Chown) het die prys vir die beste studentevoorlegging by die 3de Europese kongres oor bewarings-ekologie gewen, terwyl me Genevieve Thompson (onder leiding van prof Dave Richardson en drs Jaco Le Roux en John Wilson) die beste PhD-aanbieding by die byeenkoms van SAGP gedoen het. Me Nina du Toit (onder leiding van prof Conrad Matthee en Bettine Jansen van Vuuren) sowel as dr Sonja Matthee) het die beste voorlegging deur 'n doktorsale student by die 10de byeenkoms van die Suider-Afri-

kaanse Vereniging vir Sistematiese Biologie gelewer. Mnr Adriaan Engelbrecht (onder leiding van dr Sonja Matthee en prof Conrad Matthee) het by dieselfde konferensie die derde prys losgeslaan. Me Natasha Mothapo (onder leiding van prof Theresa Wossler) en mnr Marinus de Jager (onder leiding van dr Allan Ellis) is uit 60 studente gekies om hul werk by die konferensie New Voices in Science 2012 by die Universiteit Stellenbosch aan te bied.

Personeelsake

Dr Jaco le Roux, 'n kundige oor molekulêre indringerbiologie, is met ingang van 1 Januarie 2012 as dosent, en dr Susana Clusella-Trullas met ingang van 1 Oktober 2012 as senior dosent aangestel. Dr Sue Jackson het afgetree as akademiese dosent, maar sit haar verbintenis met die departement as navorsingsgenoot voort. Me Judy Smith het die departement met ingang van November 2012 ná vyf jaar diens verlaat. Prof Steven Chown (professor in Plant- en Dierkunde, en direkteur van die SIB) het 'n aanstelling by Monash Universiteit, Australië, aanvaar, maar sit sy betrokkenheid by die departement as buitengewone professor voort. Prof Dave Richardson is as die nuwe direkteur van die SIB aangestel.

Gemeenskapsdiens

'n Aantal dosente was betrokke by die Maties Natuurwetenskappe Winterweek. Leerders is onder leiding van prof Leanne Dreyer bewus gemaak van die volhoubare gebruik van biodiversiteit vir kommersiële en kulturele gewin.

Die SIB se limbovane-projek is steeds uiters suksesvol met biodiversiteitsonderrig aan onderwysers en hoërskoolleerders. Hierdie uitnemende projek het selfs minister Naledi Pandor se aandag getrek toe sy die departement op 21 Februarie 2012 besoek het.

Samewerking

SUID-AFRIKA

Bedreigde Wildlewe Trust (EWT)
Bosbou en Landbou Biotechnologie Instituut (FABI)
Britse Ekologiese Vereniging
CapeNature
Departement van Omgewingsake en Toerisme
Departement van Landbou, Bosbou en Visserye
DWT/NNS Sentrum van Uitnemendheid in "Tree Health Biotechnology"
Iziko Museum van Kaapstad
Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie
Landbounavorsingsraad, Infruitec-Nietvoorbij
Landbounavorsingsraad, Pretoria
Mediese Navorsingsraad
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
Noordwes Universiteit
Plantbeskermings- en Navorsingsinstituut
Perishable Products Export Control Board (PPECB)
Rhodes Universiteit

Sasol Tegnologie
Suid-Afrikaanse Instituut vir Akwatiese Biodiversiteit
Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut
Suid-Afrikaanse Nasionale Parke
Universiteit van Kaapstad
Universiteit van KwaZulu-Natal
Universiteit van Pretoria
Universiteit van Venda
Universiteit van die Vrystaat
Universiteit van die Wes-Kaap
Veeartsenykunde (Onderstepoort)
Werk vir Water Program
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR)
WNNR Natuurlike Hulpbronne en die Omgewing navorsingseenheid

INTERNASIONAAL

Argentinië

Universiteit van Cordoba
Universiteit van Rio Cuarto

Australië

Australiese Antarktiese Afdeling
Commonwealth Scientific and Industrial Research Organisation (CSIRO)
Curtin Universiteit van Tegnologie
Departement van Omgewingsake en Bewaring, Wes Australië
James Cook Universiteit
Kings Park en Botaniese Tuin
Macquarie Universiteit
Sentrum vir Evolusionêre Biologie en Biodiversiteit, Australiese Nasionale Universiteit
Universiteit van Adelaide (insluitend ACEBB, School of Earth and Environmental Sciences)
Universiteit van Melbourne
Universiteit van Nieu Suid-Wallis
Universiteit van Queensland
Universiteit van Sydney
Universiteit van Wes-Australië (insluitend School of Plant Biology)

België

Flanders Instituut vir Biotechnologie, Universiteit van Ghent

Brasilië

Universidade Federal de Santa Catarina

China

Guandong Universiteit van Tegnologie
Hefei Universiteit van Tegnologie
Lanzhou Universiteit

Denemarke

Universiteit van Kopenhagen
Universiteit van Aarhus

Duitsland

Alfred Wegener Institute for Polar and Marine Research
Universiteit van Braunschweig
Universiteit van Freiburg
Universiteit van Hamburg
Universiteit van Leipzig
Universiteit van Wurzburg

Finland

Universiteit van Jyväskylä

Frankryk

Centre de Biologie et Gestion des Populations, Université Montpellier 2
Campus de Baillarguet, Montferrier sur Lez, Montpellier
Centre d'Ecologie Fonctionnelle et Evolutive, Montpellier



Prof Dave Richardson het ook die John FW Herschel-medalje van die Koninklike Vereniging van Suid-Afrika ontvang.

Indringerbioloog aangestel as reisende professor

Prof Dave Richardson, Direkteur: Sentrum vir Indringerbiologie (SIB) aan die Universiteit Stellenbosch (US), is aangestel as 'n James March-reisende professor aan die Universiteit van Vermont (UV), een van Amerikaanse voorste klein navorsingsunivereiteite.

Gedurende 2012 het Prof Richardson ook die John FW Herschel-medalje van die Koninklike Vereniging van Suid-Afrika ontvang.

Prof Richardson bestudeer die dinamiek van plantindringing en is 'n internasionale deskundige op die gebied van indringerbome en -struik. Baie van sy werk is daarop afgestem om praktiese riglyne vir die beter bestuur van indringerspesies te bied, maar hy dra ook tot teoretiese raamwerke en algemene modelle by vir 'n grondige begrip van indringingsdinamiek.

Sy aanstelling by die UV is vir sewe jaar, waartydens hierdie A-gegradeerde wetenskaplike Burlington vir tot vier resident-tydperke van etlike weke elk sal besoek.

Maties kry pryse vir parasietstudies

Twee doktors studente van die Universiteit Stellenbosch – albei met ’n besondere voorliefde vir die studie van parasiete – was onder die prysweners na afloop van die 10de kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sistematiese Biologie (SASSB) in Arniston. **Me Nina du Toit** het die beste praatjie deur ’n doktors student gelewer, terwyl **mnr Adrian Engelbrecht** die derde plek in hierdie kategorie ingeneem het.

SASSB het ten doel om sistematiek en taksonomie in Suid-Afrika te bevorder en is multidisiplinêr van aard.

Die twee studente deel dieselfde studieleiers – **prof Conrad Matthee**, uitvoerende hoof van die Departement Plant- en Dierkunde wie se navorsingsprogram fokus op molekulêre sistematiek en bevolkingsgenetika, en **dr Sonja Matthee** van die Departement Bewaringsekologie en Entomologie wat op haar beurt die taksonomie en ekologie van parasiete na die tafel bring.

Me Du Toit is besig met ’n uitgebreide filogeografiese studie oor die gestreepte veldmuis (*Rhabdomys pumilio*) en fokus veral ook op die parasitiese luis (*Polyplax arvicantis*) wat net op dié knaagdier voorkom.

Mnr Engelbrecht se navorsing fokus op ’n parasitiese myt, *Laelaps giganteus*, wat vermoedelik op verskeie soorte klein knaagdiere in Suid-Afrika voorkom.

Aangesien daar nie tans werklik duidelikheid is oor hoe gasheerspesifiek *Laelaps giganteus* werklik is nie, behoort sy studie onder andere meer konkrete bewyse hieroor te kan lewer

Volgens *Dr Matthee* is bitter min navorsing nog gedoen oor die genetiese verspreiding van sekere van Afrika se parasietpesies.

Franse Pool Instituut
Institut des Sciences de l'Evolution, Université Montpellier II
Institut National de l'Environnement Industriel et des Risques (INERIS)
Musée National d'Histoire Naturelle
National Centre for Scientific Research (CNRS)
Universiteit van Montpellier
Universiteit van Franche-Comte
Universiteit van Paul Sabatier, Toulouse

Griekeland
Athene Landbou Universiteit

Hongarye
Hongaarse Akademie vir Wetenskappe

Indië
Indiese Instituut vir Wetenskap, Bangalore

Iran
Tarbiat Modares Universiteit

Italië
Universiteit van Bologna
Universiteit van Siena

Japan
Kyoto Universiteit
Nasionale Biologie-instituut, Okazaki

Kanada
Simon Frazer Universiteit
Universiteit van Toronto

Kenya
Universiteit van Nairobi

Mexico
Nasionale Universiteit van Mexico

Nederland
Data-Analyse Ecologie
Wageningen Universiteit

Nieu-Seeland
Universiteit van Auckland

Noorweë
Universiteit van Oslo

Pole
Universiteit van Jagelonië

Portugal
Instituto Superior de Psicologia Aplicada (ISPA)
Universiteit van Evora
Universiteit van Lisbon

Spanje
Centre Tecnològic Forestal de Catalunya
Doñana Biological Station
National Museum of Natural Sciences
Universitat de Autònoma de Barcelona
Universidad de Girona
Universidad de Pablo de Olavida
Universidad de Oviedo
Universidad de Valencia

Swede
Stockholm Universiteit
Sweedse Landbou Universiteit
Universiteit van Lund

Switserland
Universiteit van Zürich

Tsjeggiese Republiek
Botaniese Instituut
Charles Universiteit
Tsjeggiese Akademie van die Wetenskappe
Veeartsenykunde Navorsingstituut, Brno

Verenigde Koninkryk
Britse Antarktiese Opname
Britse Trust vir Ornitologie
Cambridge Universiteit
Koninklike Botaniese Tuin Kew
Natuur-historiese Museum
Plymouth Mariene Laboratorium
Queen Mary Kollege, Universiteit van London
Universiteit van Bristol
Universiteit van Exeter
Universiteit van Sheffield
Wellcome Trust Sanger Instituut

Verenigde State van Amerika
Cornell Universiteit
Field Museum Chicago
The Noble Foundation
Universiteit van Suid-Georgië
Universiteit van Kalifornië Berkeley
Universiteit van Kalifornië Davis
Universiteit van Kalifornië Santa Cruz
Universiteit van Vermont
Universiteit van Villanova
Universiteit van Wisconsin (Madison)
Wes-Virginia Universiteit

Befondsing

Centre National de la Recherche Scientifique (CNRS)
Claude Leon Stigting
Departement van Landbou, Bosbou en Visserye
Departement van Wetenskap en Tegnologie
Duitse Akademiese Uitrui diens (DAAD)
Ernst Oppenheimer Fellowship Trustfonds
John Ellerman Stigting
Kaapse Luiperd Trust
Nasionale Geografie Vereniging van Amerika
Nasionale Navorsingstigting (NNS)
Nasionale Natuurwetenskap Trust van China (NSFC)
Oppenheimer Gedenkruis
Royal Society, Verenigde Koninkryk
Sasol Tegnologie
Sitrus Navorsing Internasionaal
Suid-Afrikaanse Instituut vir Biodiversiteit
Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Program
Tafelberg Fonds
Thuthuka
Universiteit Stellenbosch
Waternavorsingskommissie
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad
Werk vir Water Program

Personeel

Doserend

Prof CA Matthee (*uitvoerende hoof*)
 Dr BC Anderson
 Prof MI Cherry
 Prof SL Chown
 Dr S Clusella-Trullas
 Prof SR Daniels
 Prof LL Dreyer
 Dr AG Ellis
 Dr AF Flemming
 Dr S Jackson
 Prof B Jansen van Vuuren
 Dr JJ Le Roux
 Dr NP Makunga
 Prof PLN Mouton
 Dr CA Pauw
 Dr RV Rambau
 Prof SA Reinecke
 Prof DM Richardson
 Dr TB Robinson
 Prof TJ Robinson
 Dr CA Simon
 Prof VR Smith
 Dr AJ Valentine
 Prof JH van Wyk
 Dr S von der Heyden
 Prof TC Wossler

Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie

Prof SL Chown (*direkteur tot Mei 2012*)
 Prof DM Richardson (*direkteur*)
 Dr C Hui

Buitengewone professore

Prof S Barrett
 Prof AM Bauer
 Prof SL Chown
 Prof MA McGeogh
 Prof KJ Gaston
 Prof MA McGeogh
 Prof L Mumba

Ondersteuningspersoneel

L Willems (*eerste sekretaresse*)
 JL Basson
 A Fransman
 F Gordon
 RM Honing
 S Johnson
 DJD Julies
 A Kleinert
 R Robertson
 MP Sauerman
 M Siebritz
 JN Smith

N Solomons
 RC Thompson
 JP Williams
 H Witbooi

Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie

K Coombe-Davis
 S Davis
 M de Morney
 D du Plessis
 M Gaertner
 A Garthwaite
 K Jumbam
 T Khoza
 S Kritzinger-Klopper
 E Marais
 C Momberg
 E Nortje
 C Scheepers
 D Scott
 M van der Vyver

Navorsers met NNS-graderings

Toonaangewende internasionale navorser

Prof Steven Chown
(indringerbiologie en evolusionêre fisiologie)

Prof Dave Richardson
(indringerbiologie en bewaringsbiogeografie)

Prof Terry Robinson
(evolusionêre genomika en filogenomika van soogdiere)

Internasionaal erkende navorser

Prof Valdon Smith
(Antarktika en Suidelike-eiland biologie en ekologie)

Gevestigde navorser

Prof Mike Cherry
(gedragsekologie)

Prof Leanne Dreyer
(evolusie van die Kaapse flora)

Prof Conrad Matthee
(molekulêre sistematiek en filogeografie)

Prof Le Fras Mouton
(evolusionêre ekologie van akkedisse)

Dr Alexander Valentine
(molekulêre fisiologie van gasheer-mikrobe interaksies van peuldraende plante in fosfor-arme grond)



John Cooper (middel) saam met Mark Anderson, Birdlife SA se hoof-uitvoerende beampte, en Vernon Head, voorsitter van Birdlife SA.

Foto: Lesley Clemens

Birdlife SA vereer seevoëlkenner

Die gesoute ornitoloog **John Cooper**, 'n navorsingsgenoot van die Universiteit Stellenbosch (US), het die eerste plaaslike seevoëlkenner geword om die gesogte Gill-gedenkmedalje van Birdlife Suid-Afrika te ontvang.

Dit is die tweede prys wat mnr Cooper vanjaar ontvang ter erkenning van sy toegewyde navorsing oor, en bewaring van, seevoëls soos albatrosse en stormvoëls die afgelope vier dekades. Mnr Cooper is 'n navorsingsgenoot by die US se DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie.

Dit is maar die 18de keer sedert 1960 wat die gegraveerde brons medalje toegeken word, en die heel eerste keer wat dit 'n ornitoloog vereer wat sy loopbaan aan die studie van seevoëls gewy het. Die Gill-gedenkmedalje, die mees gesogte prys van Birdlife Suid-Afrika, erken 'n amateur óf professionele persoon se uitnemende lewenslange bydrae tot die kennisbasis oor Suider-Afrikaanse voëls.

Birdlife Suid-Afrika se missie is om die genot, bewaring, studie en begrip van wilde voëls en hul habitats te bevorder.

Foto: Engela Duvenage



Dr Sophie von der Heyden

Mariene bioloog skryf boek oor seelewe vir kinders

Het jy geweet 'n seester druk sy maag deur sy mond en plaas dit direk oor sy prooi om te vreet? Of dat seekatte nogal slim is? Of dat Columbus-krappe hemelsblou is?

Dr Sophie von der Heyden, 'n mariene bioloog verbonde aan die Departement Plant- en Dierkunde, het 'n mariene gids met dié en ander interessante feite in vir kinders tussen agt en veertien jaar geskryf. *Southern African Sea Life: A Guide for Young Explorers*, word deur Struik Natuur uitgegee en is sedert November 2012 in boekwinkels te kry.

Die gids bied 'n oorsig van Suider-Afrikaanse seestrome, die belang en bewaring van die see, sowel as verskeie mariene habitats. Seeplante en -diere, soos seegrasse, molluske, visse, strandvoëls en mariene soogdiere en reptiele, word met behulp van maklik verstaanbare teks en lewensgetroue kleurfoto's bespreek.

Die gerekende mariene fotograaf **Guido Zsilavec** van SURG, die Suidelike Onderwatnavorsingsgroep, het die meeste van die foto's bygedra wat gebruik is om die eiening van spesies te vergemaklik. Illustrasies deur **Sally McLarty**, 'n gesoute illustreerder van kinder- en natuurboeke, is ook ingesluit.

Die boek sluit ook 'n vakansiegids in wat konsentreer op die verskillende gewilde dele van die Suider-Afrikaanse kuslyn, onder meer die Weskus, die Wildekus, Namibië en Mosambiek, en bied 'n oorsig van die seelewe wat besoekers waarskynlik in elk van hierdie kusstroke sal teëkom.

Prof Theresa Wossler
(kommunikasie en sosiale organisasie van hymenopters)

Belowende jong navorser

Dr Bruce Anderson
(plant-dier interaksie)

Prof Savel Daniels
(molekulêre sistematiek, filogeografie en bewaring van invertebrata)

Dr Susana Clusella-Trullas
(termiese aanpassing van koudbloedige reptiele en implikasies vir klimaatsverandering)

Dr Allan Ellis
(evolusionêre ekologie van plante en insekte)

Dr Nokwanda Makunga
(medisinale plant biotegnologie)


Dr Anton Pauw
(evolusionêre ekologie van plante en hul pollineerders)

Dr Victor Rambau
(sitogenetika, filogeografie)

Dr Carol Simon
(reproduksie van marine invertebrate en taksonomie van polychaete wurms)


Dr Sophie von der Heyden
(marine molekulêre ekologie en bewaring)

BEELD 1




Departement Wiskundige Wetenskappe

(Wiskunde, Toegepaste Wiskunde,
Rekenaarwetenskap)



BEELD 2

BEELD 3



In 'n poging om die brein se strukturele samehang beter te verstaan, is navorsers in Toegepaste Wiskunde besig om tegnieke te verbeter vir die modellering van die verspreiding van watermolekules in die menslike brein. Die grafiese voorstellings illustreer die moontlike vloei by spesifieke punte in die brein (beelde 2, 3), terwyl beeld 1 wys hoe die inligting geïntegreer kan word om veselbane voor te stel.

Grafiese voorstellings: Dr Stéfan van der Walt
en Dr Eleftherios Garyfallidis

Departement **Wiskundige Wetenskappe**

(Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap)

Navorsingsbelange

Algebra en getalleteorie; teorie van analise, topologie en kategorie-teorie; benaderingsteorie, berekenings-wiskunde, numeriese analise en wetenskaplike berekening; diskrete wiskunde; finansiële wiskunde; biowiskunde en berekeningsbiologie; masjienleer en rekenaarvisie; IP-netwerke; outomaat-teorie en formele tale; program-verifikasie; vloeimodellering in poreuse media; programmatuur-ingenieurswese

Navorsingsuitsette

Artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte	52
Redaksionele bedrywighede (boeke en vaktydskrifte)	vele
Boeke, konferensieverrigtinge, hoofstukke in boeke	27
MSc-studente in 2012 gegradueer	19
PhD-studente in 2012 gegradueer	9

Navorsingshoogtepunte

Navorsers in Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap het die hoë peil wat hulle in hul onderskeie spesialisgebiede behaal het, gehandhaaf. Dit word weerspieël in die groter getal publikasies in hoogaangeskrewe vaktydskrifte en die versterking van samewerking met ander navorsers en die bedryf.

Die Nasionale Navorsingstigting (NNS) het ingevolge die Suid-Afrikaanse navorsingsleerstoel-inisiatief (SARChI) ses navorsingsleerstoele aan die Universiteit Stellenbosch toegeken. Een hiervan, 'n navorsingsleerstoel in Wiskundige en Teoretiese Fisiese Biowetenskappe, is 'n gesamentlike voorlegging van die Departement Wiskundige Wetenskappe en die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS). Dit bied 'n opwindende geleentheid om 'n spesiale multidissiplinêre navorsingsgroep te bou.

Die nuutgestigte IBM Sentrum van Uitnemendheid vir Programmatuur maak deel uit van die IBM Akademiese Inisiatief, 'n wêreldwye program vir die fasilitering van samewerking tussen IBM en opvoeders. Hierdie sentrum sal die Afdeling Rekenaarwetenskap ondersteun in hul opleiding van hoogs vaardige rekenaarwetenskaplikes ten einde in die bedryfsbehoefte aan sodanige beroepslui in die nywerheid en sakesektor te voorsien. Hierdie sentrum sluit in 'n nagraadse rekenaarlaboratorium en 'n omgewing wat

gehalte-onderrig met blootstelling aan voorpunt- en ontluikende tegnologieë aanvul.

Die Hongaars-Suid-Afrikaanse inter-regeringsprogram vir samewerking in Wetenskap en Tegnologie, gekoördineer deur prof Leon van Wyk, het samewerking tussen Suid-Afrikaanse en Hongaarse wiskundiges wat op die gebied van niekommutatiewe ringteorie werksaam is, gestimuleer. As deel van hierdie program werk prof Van Wyk saam met prof Jenő Szigeti van die Universiteit van Miskolc, prof Hab Edmund Puczłowski van die Universiteit van Warskou, en dr Pham Ngoc Anh en dr László Márki van die Renyi-instituut vir Wiskunde in die Hongaarse Akademie vir Wetenskap. Hierdie navorsers het almal in 2012 by die Universiteit Stellenbosch besoek afgelê en prof Van Wyk het op sy beurt almal van hulle gedurende sy studieverlof in die tweede semester besoek. Hierdie navorsings-samewerking die afgelope drie jaar het die publikasie van ses navorsingsartikels en die aanvaarding van nog drie artikels tot gevolg gehad. Een van hierdie artikels is in die *Journal of Algebra*, 'n vooraanstaande internasionale vaktydskrif oor Algemene Algebra, gepubliseer en die res is in *Linear Algebra and its Applications* en *Linear and Multilinear Algebra*, albei leiërs op hul gebied van Liniêre Algebra, gepubliseer.

Dit is prysenswaardig dat 52 navorsingsartikels, waarvan 44 deur navorsers in Wiskunde geskryf is, in geakkrediteerde

Kontakinligting

Tel 021 808 3282

Faks 021 808 3823

E-pos rewitzky@sun.ac.za

Web <http://mathsci.sun.ac.za>

Toegepaste Wiskunde <http://dip.sun.ac.za>

Rekenaarwetenskap <http://cs.sun.ac.za>

Wiskunde <http://math.sun.ac.za>

vaktydskrifte gepubliseer is. Prof Florian Breuer se referaat “Special subvarieties of Drinfeld modular varieties” is in die *Journal für die Reine und Angewandte Mathematik* gepubliseer. Hierdie vaktydskrif word as een van die top 10% van Wiskunde-vaktydskrifte beskou, op grond van artikels se trefkragtelling deur middel van die *Science Citation Index*. Prof Helmut Prodinger, die enigste A-gegradeerde navorser in die departement, het sy hoë jaarlikse publikasiesyfer van meer as tien publikasies gehandhaaf, en vyf daarvan is deur hom alleen geskryf. Prof Stephan Wagner het vyf artikels gepubliseer, waarvan drie deur hom alleen geskryf is, en dr Zurab Janelidze het vyf artikels gepubliseer, waarvan een deur hom alleen geskryf is. Daar is ook 'n toenemende tendens dat promotors hul nagraadse studente aanmoedig om hul resultate te publiseer. Vyf enkelouteur-artikels is deur doktorsale studente in Wiskunde gepubliseer.

Ons is goed by twee nasionale dissiplinekonferensies verteenwoordig. Die Afdeling Rekenaarwetenskap het sewe referate by die 2012 jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rekenaarwetenskaplikes en Inligtingstegnoloë (SAICSIT 2012) gelewer. Dit was 'n groot prestasie en 'n geleentheid om hierdie afdeling van ons departement ten toon te stel. By die 55ste jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging het die Afdeling Wiskunde 24 referate gelewer – tien deur akademiese personeellede en 14 deur nagraadse studente!

Ons personeellede was ook aktief as hoofsprekers by nasionale sowel as internasionale werksessies en konferensies betrokke.

“Relaxation systems and high-order accurate flow computations” was die titel van prof Mapundi Banda se gaslesing by die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD) se internasionale werksessie oor modellering, berekening en optimalisering in Indië. Prof Banda het ook 'n hooflesing getiteld “Networking flow and transport processes” by die 55ste jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging in Stellenbosch aangebied.

Prof André Weideman het 'n hooflesing getiteld “Efficient contour integrals for the numerical inversion of the Laplace transform” aangebied by die 36ste Suid-Afrikaanse Simposium oor Numeriese en Toegepaste Wiskunde (SANUM 2012), wat by die Universiteit van die Witwatersrand aangebied is. Hy het dit ook by 'n colloquium by die Universiteit van Fribourg, Switserland, gelewer.

By 'n spesialis konferensie oor getalleteorie in Duitsland was prof Florian Breuer 'n genooide spreker oor “On Drinfeld modular polynomials”.

Dr Bruce Bartlett het 'n genooide lesing getiteld “Invariants of 3-manifolds via generators and relations of the 1-2-3 bordism 2-category” by die VK/AMS-werksessie oor geometriese analise aangebied. Tydens 'n genooide navorsingsbesoek aan dr David Gay by die Universiteit van Georgia, het dr Bartlett die praatjie “Generators and relations for 1-2-3 topological quantum field theories” by die Georgia Topologie-seminaar gelewer.

Prof Willem Visser het twee gaslesings in die VSA aangebied: “Green: Reduce, reuse and recycle constraints” is by NASA se Ames-navorsingsentrum aangebied en die lesing wat hy by die Fujitsu Laboratories of America aangebied het, was getiteld “Probabilistic symbolic execution”. Prof Visser het dieselfde lesing as 'n genooide praatjie by die Koreaanse Gevorderde Instituut vir Wetenskap en Tegnologie (KAIST) in Suid-Korea gegee.

Prof Willem Visser is verkies tot die uitvoerende komitee van ACM SIGSOFT, die voorste akademiese organisasie vir programmatuuringenieurswese. Sy verkiesing dien as bewys van sy aansien as vooraanstaande, internasionaal erkende navorser in programmatuuringenieurswese. Hy het die afgelope vier jaar sy samewerking met NASA se Ames-navorsingsgroep ten opsigte van twee projekte volgehou: Java PathFinder en Symbolic PathFinder. Hy het ook referate gelewer by die Internasionale Simposium oor Programmatuurtoetsing en -analise (ISSTA) en die 20ste Internasionale Simposium oor die Grondbeginsels van Program-

matuuringenieurswese (FSE 20) (VSA). Prof Visser se referaat gegrond op sy navorsingsbesoek aan NASA in 2012 is vir die 35ste Internasionale Konferensie oor Programmatuuringenieurswese (ICSE 2013) aanvaar.

Verskeie navorsers is studieverlof toegestaan. Prof Mapundi Banda is ses maande lange navorsingsverlof toegestaan as deel van die voorwaardes van sy NSS-beroepstoekenning vir Ygegradeerde navorsers (2011-2012). Gedurende hierdie tyd het hy 'n maand as 'n besoekende professor by die Universiteit van Brits-Columbië deurgebring, waar hy met prof Douw Steyn saamgewerk het.

Dr McElory Hoffmann het die Departement Rekenaarwetenskap van die Katolieke Universiteit van Leuven (België) vir tien maande besoek. Daar het hy as 'n nadoktorsale genoot navorsing gedoen en as studieleier vir magisterstudente in die masjienleergroep opgetree.

Tydens haar studieverlof in die tweede semester het dr Karin Howell op navorsingsvlak met 'n akademikus van Rusland, dr Dennis Chistyakov, saamgewerk as deel van haar navorsingsprojek “Maximal algebras in function algebra”.

Tydens sy navorsingsverlof in die eerste semester het prof Helmut Prodinger sy wetenskaplike vennote dr Rosena Du, dr Michael Fuchs en dr Hsien-Kuei Hwang in Shanghai en Taipei ontmoet. Later die jaar het dr Fuchs prof Prodinger in Stellenbosch ontmoet. Op uitnodiging van dr Hwang het die eerprof Prodinger te beurt geval om 'n inleidende hoofstuk vir die versamelde werk van prof Philippe Flajolet te skryf. 'n Deel van sy navorsingsverlof is aan hierdie spesiale taak gewy, en die bundel behoort in 2013 gepubliseer te word.

Dr Stéfan van der Walt het 'n nadoktorsale navorsingsaanstelling in die Henry H Wheeler Jr Brain Imaging Center in die Helen Wills Neuroscience Institute van die Universiteit van Kalifornië by Berkeley aanvaar. Sy navorsing het gefokus op die analise van die veselstruktuur van die menslike brein, gegrond op diffusie-geweegde data in magnetiese

Foto: Engela Duvenage



BSc-student Heila van der Merwe toets die nuwe toerusting uit saam met prof Willem Visser, hoof van die Afdeling Rekenaarwetenskap in die Departement Wiskundige Wetenskappe (wat Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap insluit) en mnr Clayton Booysen van die IBM Sagtewaregroep.

IBM open eerste SA Sagtewaresentrum van Uitnemendheid by US

Die **Universiteit Stellenbosch (US)** en **IBM** het kragte saamgesnoer om die tekort aan rekenaarvaardighede in Suid-Afrika aan te spreek met die opening van die land se eerste Sagtewaresentrum van Uitnemendheid op 12 Junie 2012.

Dié gesamentlike akademiese inisiatief sal toerusting en opleidingshulpbronne aan nagraadse studente in Rekenaarwetenskap voorsien, waardeur hulle noodsaaklike tegniese vaardighede sal kan ontwikkel.

Dié soort sentrum is 'n nuuttjie in Suid-Afrika, en sluit 'n nagraadse rekenaarlaboratorium in die US se Afdeling Rekenaarwetenskap in. Met gevorderde sagteware soos die Rational®-ontwikkelingsomgewing, bied die fasiliteit 'n volwaardige sagtewareproduksieomgewing vir studente.

Die IBM Academic Initiative is 'n wêreldwye program waardeur IBM met opvoeders saamwerk ten einde studente met die nodige inligtingstegnologievaardighede toe te rus om mededingend te wees en met veranderinge in die werkplek tred te hou.

"Dit is belangrik dat ons die klaskamer 'n bietjie skop gee, en daarvoor moet ons die jongste tegnologie by ons kurrikulum integreer om studente op waardebelaaide werksgeleenthede voor te berei," sê prof Ingrid Rewitzky, Visedekaan: Onderrig in die US se Fakulteit Natuurwetenskappe, sowel as voorsitter van die US se Departement Wiskundige Wetenskappe (wat Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap insluit).

Die opening van die Sentrum is deel van 'n langtermynverhouding tussen die US en IBM.

resonansiebeelding. Ter ondersteuning van die projek, en as deel van 'n toenemende wêreldwye skuif na oop en reproduceerbare navorsing, is bydraes tot verskeie oopbron-programmatuurpakkette gemaak, met inbegrip van DiPy (*diffusion imaging in Python*) en die IPython-webnotaboek, 'n nuwe platform vir die intydse publikasie en deel van wetenskaplike berekeninge en skryfwerk.

Prof Leon van Wyk het sy studieverlof gewy aan sy samewerkingsprojekte met navorsers in Hongarye, as deel van die Hongaars-Suid-Afrikaanse inter-regeringsprogram vir samewerking in Wetenskap en Tegnologie. Hy het ook vir navorsingsamewerking by prof Kirby Smith van die Texas A&M Universiteit besoek afgelê.

Tydens sy ses maande lange studieverlof het prof André Weideman besoek afgelê by prof Bengt Fornberg by die Universiteit van Colorado Boulder (VSA) vir samewerking aan 'n navorsingsartikel getiteld "A computation exploration of the Second Painleve Equation" en by prof Nick Treffethan by die Wiskunde-instituut by die Universiteit van Oxford vir verdere werk aan hul opname-artikel oor die gebruik van die trapesiumreël in numeriese wiskunde. Daarby het hy ook aan konferensies in Italië, die Verenigde Koninkryk en Switserland deelgeneem.

Twee navorsers van die Buro vir Bedryfswiskunde by die Universiteit van Stellenbosch (BIWUS), dr Milton Maritz, die direkteur, en prof Francois Smit, is tans betrokke by navorsings- en ontwikkelingsprojekte op die gebied van Toegepaste Wiskunde in die privaat sektor. Dr Maritz werk saam met Rheinmetall Denel Munition aan die volgende projekte: aanpassing van STREAK; programmatuur vir die analise van strookbeelde in detonasiegebeure; aanpassing van JETP; programmatuur vir die analise (op X-straal) van partikulering in hollading-strale; FRAPP: (nuwe) programmatuur vir die simulering van trajekte van fragmente en die daaropvolgende penetrasie van plate; en driedimensionele rekonstruksie van trajekte van fragmente van twee of slegs een flits-X-straal, met of sonder

'n horisontale plaat ('n geometriese en passingsprobleem).

Prof Francois Smit is in 'n raadgevende hoedanigheid by verskeie projekte vir Rheinmetall Denel Munition (RDM), Denel Dynamics, Reutech Radar Systems (RRS), die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en Formo Fibreglass betrokke. Sy huidige fokus is die interinstusionele projek "FLUXION: Research in the Computational Mechanics of Fluids" vir die Suid-Afrikaanse Departement van Verdediging. FLUXION is daarop gemik om vaardighede op die gebied van berekeningsmeganika en toepassings, met inbegrip van berekeningsvloei-stof-dinamika, eindige-element-analise en vloei-stof-struktuur-interaksie, te ontwikkel. Hierdie gedeelte van die LEDGER-program word deur die Lugvaart-kundestelsels-vaardighedsgebied by die WNNR bestuur. Die LEDGER-program word deur die Suid-Afrikaanse Departement van Verdediging befonds. Drie nagraadse projekte, 'n PhD in Ingenieurswese en twee MSc-projekte in Toegepaste Wiskunde is by hierdie befonding ingesluit. Prof Francois Smit tree as studieleier vir albei MSc-studente op.

As deel van die Memorandum van Verstandhouding tussen die Universiteit Stellenbosch en die WNNR is vier navorsers in Toegepaste Wiskunde betrokke by samewerkingsprojekte met navorsingseenhede by die WNNR en as studieleiers vir magister- en doktorsale studente wat by die Universiteit Stellenbosch ingeskryf is en by die WNNR gebaseer is.

Prof Francois Smit en dr Hardus Diedericks is onderskeidelik promotor en medepromotor vir doktorsale student mnr Luther Terblanche, wat werk aan "Analysis of extreme events in the coastal zone" saam met die groep vir kusingenieurswese en hawe-infras-truktuur in die Eenheid vir Geboude Omgewing by die WNNR. Hulle tree ook onderskeidelik op as studieleier en medestudieleier vir mnr Patrick Shabangu, 'n magisterstudent besig met "Investigating boundary conditions for near-shore area hydrodynamic models" saam met die groep vir kusstelsels in

die Eenheid vir Natuurlike Hulpbronne en die Omgewing by die WNNR. Hulle werk ook aan die verbetering van randwaardes van berekenings-vloeistofdinamikamodelle in toepassings teen die kus.

Dr Willie Brink werk saam met die groep vir mobiele intelligente outonome stelsels (MIAS-groep) in die Eenheid vir Modelling en Digitale Wetenskap by die WNNR.

Prof Mapundi Banda tree op as promotor vir doktorsale student me Belinda Matebese, wat saam met die MIAS-groep in die Eenheid vir Modelling en Digitale Wetenskap by die WNNR werk aan "Sampling-based algorithms for motion planning". Prof Banda tree ook op as promotor vir doktorsale student mnr Tumelo Uoane, wat werk aan "Modelling generation and transport of Acid Mine Drainage (AMD) using computational fluid dynamics (CFD) techniques" saam met die groep vir gevorderde wiskundige modellering en simulاسie in die Eenheid vir Modelling en Digitale Wetenskap by die WNNR.

Akademiese sake

Ons het nuwe inligtings- en kommunikasie-tegnologieë geïmplementeer om die meer tradisionele benaderings tot voorgraadse onderrig en leer in die departement te verbeter.

In reaksie op die behoefte van eerstejaar-Rekenaarwetenskapstudente om lesings in hul voorkeurtaal te ontvang, het dr McElory Hoffmann van video-opnames gebruik gemaak. Hy het vir 'n week die lesings in Afrikaans aangebied met Engelse video's op die web en die volgende week dit omgeruil. Studenteterugvoering was uiters positief.

Dr Milton Maritz het demonstrasies wat hy self in MATLAB ontwikkel het, gebruik in die Vektorrekening-module wat hy vir tweedejaarstudente in Ingenieurswese aangebied het, aangesien die visualisering van konsepte in vektorrekening die grondslag tot hul begrip lê. Die waardering van die studente het dit die moeite werd gemaak.

Dr Bruce Bartlett het kreatief met die uitdaging van groot tutoriaalklasse (klasse groter as die gewenste een tutor vir elke 20 studente) omgegaan. Hy gebruik die Meerveranderlike Kalkulus-kursus van MIT

Open Courseware al sedert 2011 in sy W244-klas. Die nuttigste aspek van hierdie kursus is die voordragvideo's, waarin 'n studente-instrukteur die oplossings vir sekere probleme vir 'n klein groepie studente op die swartbord demonstreer. Studente hou daarvan om te sien hoe 'n oplossing teen hul eie pas vir hulle gedemonstreer word (iets wat nie in groot tutoriaalklasse moontlik is nie). Studente put inspirasie en energie uit die idee dat hulle potensieel op dieselfde vlak as MIT-studente is.

Praktiese rekenaarlaboratoriums vir die derdejaarmodule in Numeriese Analise is deur prof André Weideman ontwikkel sodat studente die metodes wat in die lesings ontwikkel is doelmatig kan implementeer, die resultate sinvol kan interpreteer, die algoritme en/of implementering soos nodig kan verbeter, en ingeligte besluite oor die geskikste algoritme vir 'n spesifieke probleem kan neem.

In die lig van die afnemende beskikbaarheid van swartborde en die versoek van studente vir intydse notas, blyk tablette gewild te wees vir die aanbieding van lesings. Studente baat daarby aangesien lesings direk na afloop van die werklike klas op die web beskikbaar gestel kan word en die lesings deur die gebruik van kleur, prente, demonstrasies en/of uittreksels uit die handboek of ander hulpbronne aangevul word.

Wiskunde-studente van nege Suid-Afrikaanse universiteite het die eerste Somerskool in Getalleteorie, wat deur prof Florian Breuer georganiseer is, bygewoon. Hierdie geleentheid was daarop gemik om talentvolle voorgraadse studente te lok ten einde hulle bloot te stel aan 'n opwindende veld van Wiskunde wat nie deur alle universiteite in Suid-Afrika aangebied word nie en ook om hulle aan te spoor om nagraadse studie in Wiskunde te doen. Klem is op elementêre getalleteorie asook analitiese en kombinatoriese getalleteorie geplaas. Gevorderde onderwerpe soos kriptografie, diofantiese vergelykings, kardinaalrekenkunde, elliptiese kurwes, die Riemann-zetafunksie en Riemann-hipotese, Ducci-sekwensies, en die analogie tussen getalvelde en funksievelde is ook behandel.

Die honneursprogram in Finansiële Wiskunde is van stapel gestuur as 'n gesamentlike inisiatief van die Universiteit Stellenbosch, die Universiteit van Kaapstad en die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS). Dr Peter Ouwehand is die plaaslike koördineerder van die program. Hy bied drie van die modules aan en is ook by projeksupervisie betrokke.

Wiskunde vir Moeder Aarde

Die bekende Amerikaanse wiskundige fisikus en blogger, **Prof John Baez**, het 'n openbare lesing tydens die 55ste jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Wiskundige Vereniging via Skype gegee, en daardeur een ton in koolstofvrystelling gespaar deur nie te vlieg nie.

Dit was die eerste keer dat die kongres, wat deur die Universiteit Stellenbosch se Departement Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap) gereël is, voorafgegaan is deur 'n openbare lesing. Die doel van die lesing was om mense bewus te maak van die feit dat 2013 die jaar vir Wiskunde van die Planeet Aarde (MPE) is. Dit is 'n poging van wiskunde verenigings en instellings wêreldwyd om wetenskaplikes aan te moedig om die wiskunde wat die Aarde se geologiese en biologiese prosesse onderlê, te bestudeer.

Prof Baez is ook nou betrokke by die blog *Azimuth*, wat beskryf word as 'n internasionale samewerkingsprojek om wetenskaplikes en ingenieurs so ver te kry om saam te werk om gemeenskaplike probleme soos klimaatsverandering, massa- uitsterwing en die energiekrisis aan te spreek.

Volgens Prof Baez is aardverwarming deel van 'n groter transformasieproses waartydens die mens moet beseef dat die Aarde 'n geslote sisteem is: "Ons bevolking en energieverbruik kan nie eksponensieel aanhou groei nie. Indien ons samelewing hierdie transformasie oorleef, sal die wiskundige wetenskappe daardeur geraak word – en andersom – met nêr sulke dramatiese gevolge as wat deur die landbou- of industriële revolusie veroorsaak is," skryf hy op sy blog oor die lesing.

Die res van die kongres het gefokus op die rol wat hierdie tipe jaarlikse geleenthede speel om samewerking t.o.v. wiskundige navorsing tussen universiteite in Suid-Afrika en Afrika aan te moedig.

US bied suksesvolle somerskool in getalleteorie aan

Wiskundestudente van nege Suid-Afrikaanse universiteite het van 23 tot 27 Januarie 2012 die eerste somerskool in Getalleteorie by US bygewoon.

Die skool is aangebied deur die Afdeling Wiskunde in die Departement Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap) onder leiding van **prof Florian Breuer** en **Lesley Wessels**.

Volgens prof Breuer was die geleentheid toegespits op besonder begaafde voorgraadse studente ten einde hulle aan hierdie opwindende wiskundige gebied bloot te stel en hulle aan te spoor om ook nagraads Wiskunde te studeer.

Die klem het op elementêre getalleteorie sowel as analitiese en kombinasiegetalleteorie geval. Gevorderde onderwerpe soos kriptografie, diofantiese vergelykings, kardinaalrekenkunde, elliptiese kurwes, die Riemann-zetafunksie en Riemann-hipotese, Ducci-sekwensies en die analogie tussen getallevelde en funksievelde het ook aandag ontvang.

Die lesings is behartig deur PhD-student **Dirk Basson** en US-wiskundiges **prof Stephan Wagner**, **dr Arnold Keet**, **prof Florian Breuer**, **dr Zurab Janelidze** en **Lesley Wessels**, sowel as **drs Christine Swart** en **Kenneth Hughes** van die Universiteit van Kaapstad.

Altesaam 28 studente (15 Suid-Afrikaanse studente en 13 studente van Afrika) in die departement het doktors- en meesters-grade ontvang. Dit het ingesluit twee PhD's in Toegepaste Wiskunde, een PhD in Rekenaarwetenskap, ses PhD's in Wiskunde, twee MSc-grade (cum laude) in Toegepaste Wiskunde, twee MSc-grade (cum laude) in Rekenaarwetenskap, tien MSc-grade (cum laude) in Wiskunde, een MSc-graad in Rekenaarwetenskap en vier MSc-grade in Wiskunde. Onder dié wat 'n PhD in Toegepaste Wiskunde ontvang het, is me Sonia Woudberg, 'n dosent in Toegepaste Wiskunde.

Sowat 20 honneursstudente gradueer elke jaar. Die meeste van hierdie studente kies om aantreklike werksaanbiedinge in Suid-Afrika by finansiële instansies, IT-maatskappye en navorsings- en ontwikkelingsinstansies soos die WNNR te aanvaar. 'n Uitdaging vir al drie afdelings is om meer Suid-Afrikaanse studente vir magister- en doktorsale studie te werf, selfs vir deelydse studie terwyl hulle in die bedryf werk.

Diens aan die wetenskaplike gemeenskap

Die 55ste jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging met die tema "Wiskunde verenig Afrika" is van 31 Oktober tot 2 November 2012 deur die departement aangebied. Die tema is gekies om die belangrike rol te beklemtoon wat hierdie jaarlikse kongresse in die bevordering van samewerkende Wiskunde-navorsingsprojekte tussen universiteite in Suid-Afrika en Afrika speel. Die reëlingskomitee – dr Bruce Bartlett, prof Florian Breuer, dr Cornelia Naude, dr Paul Grobler, dr Karin-Therese Howell, prof Stephan Wagner met prof Ingrid Rewitzky as voorsitter – het verskeie nuwe idees by die normale kongresprogram geïnkorporeer. Dit het ingesluit 'n openbare lesing op die vooraand van die kongres, asook 'n nuwe en billiker stelsel vir die evaluering van nagraadse voordragte om in aanmerking te kan kom vir die toekenning vir die beste praatjie. 'n Beter georganiseerde kongresprogram, kongresmateriaal wat die universiteit se "Go Green"-veldtog ondersteun, verpersoonlike wyngeskenke en 'n konferensiefoto was van die ander positiewe nuwighede.

Dit is 'n eer vir akademici om betrokke te wees by organisasies, verenigings of navorsingsgroepe wat op hul dissiplines toegespits is en verskeie akademiese personeellede is betrokke by die redaksionele werksaamhede van navorsingstydskrifte en/of programkomitees van navorsings-

konferensies in Rekenaarwetenskap.

Dr Sonia Woudberg sal van 2012 tot 2014 as die tesourier van die Reologievereniging van Suider-Afrika (SASOR) dien.

Dr Bruce Bartlett is 'n navorsingsgenoot van die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITHEP) en het gedien in die raadgevende komitee vir die "Berlin 10 Open Access"-konferensie wat in November 2012 by STIAS aangebied is.

Dr Farai Nyabadza dien as direkteur van die Canon Collins Trust in Suider-Afrika, as die sekretaris-generaal van die Afrika-vereniging vir Biowiskunde (ASB), en as die sekretaris-generaal van die Suider-Afrikaanse Vereniging van Wiskundige Wetenskappe (SAMSA).

Dr Zurab Janelidze is aangestel as konsultant vir 'n Portugese toekenningsprojek "Métodos Categoriais em Álgebra Não Abeliana", wat befonds word deur Fundação para a Ciência e a Tecnologia (FCT, Portugal).

Ter erkenning van hul beduidende bydraes tot die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) is prof Stephan Wagner aangestel as 'n AIMS-medefakulteitslid, prof Florian Breuer as 'n AIMS-medena-vorsingsgenoot, en prof Ingrid Rewitzky as lid van AIMS se uitvoerende span.

Toekennings aan personeel en studente

Dr Hendrik Boshoff, mnr Piet Crous, prof Florian Breuer, prof David Holgate, dr Zurab Janelidze en dr Farai Nyabadza is vereer by 'n spesiale Eerstejaarsakademie-aand ter erkenning van hul bydrae tot die sukses van die Universiteit se topeerstejaarstudente.

Ons is trots op sowel dosente as nagraadse studente wat bekroonde referate by konferensies gelewer het.

Mnr Jacques Swanepoel, 'n junior dosent in Rekenaarvaardighede en 'n doktorsale student in Toegepaste Wiskunde, het die Internasionale Grafonomie-vereniging se toekenning vir die beste referaat deur 'n student by die *International Conference on Frontiers in Handwriting Recognition*, ontvang. Die titel van sy wenpraatjie was "Writer-specific dissimilarity normalisation for improved writer-independent off-line signature verification".

Mnr Willem Bester, dr Cornelia Inggs en prof Willem Visser het die toekenning vir die beste Rekenaarwetenskap-referaat, getiteld "Test-case generation and bug-finding through symbolic executions", ontvang by die 2012 jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rekenaarwetenskap-

likes en Inligtingstegnoloë (SAICSIT 2012). Hierdie referaat is op mnr Willem Bester se navorsingswerk vir sy magistertesis gegrond.

By die jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging het mnr Dirk Basson die toekenning vir die beste doktorsale navorsingspraatjie ontvang, en mnr Tovo Randrianarisoa en mnr Anton de Villiers eervolle vermelding vir hul meestersgraad-navorsingspraatjies.

Me Maryke van der Walt het die Fakulteit Natuurwetenskappe se medalje vir 2012 vir die beste magisterstudent in die Fakulteit ontvang. Haar magistertesis getiteld "Ternary interpolation subdivision" is onder studieleierskap van prof Johan de Villiers voorberei. Sy is tans besig met haar doktorsale studie aan die Universiteit van Missouri St Louis onder promotorskap van prof Qingtang Jiang.

Mnr Jan Buys, wat sy honneursprojek in 2011 onder studieleierskap van prof Brink van der Merwe voltooi het, het in 2012 die IBM-toekenning vir die beste honneursstudent in Rekenaarwetenskap ontvang.

DAAD (die Duitse Akademiese Uitruildiens) in samewerking met die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS), ken jaarlikse sewe beurse van drie jaar elk aan uitsonderlike studente (wat Afrika-burgers van lande suid van die Sahara is, maar nie Suid-Afrikaanse burgers nie) toe om 'n PhD-program in Wiskundige Wetenskappe aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit te volg. In 2012 het mnrre Eric Andriantiana, Eyaya Eneyew, Tahina Rakotoniaina en me Ony Minoarivelo sodanige beurse vir hul doktorsale studie in die departement ontvang. In Desember 2012 het 'n verdere drie studente van die Universiteit Stellenbosch – mnr Alex Bamunoba, me Savannah Nuwagaba en mnr Fortunat Solofomampionoa Rajaona – sodanige beurse ontvang.

Personeelsake

Deur die loop van die jaar is die ad hominem-bevordering van verskeie personeellede goedgekeur met ingang 1 Januarie 2013. Prof Florian Breuer, dr Farai Nyabadza en dr Karin-Therese Howell is onderskeidelik bevorder tot volle professor, medeprofessor en senior dosent (Wiskunde). Dr Stéfán van der Walt en dr Sonia Woudberg is bevorder tot senior dosent (Toegepaste Wiskunde).

In Januarie 2012 het ons prof Mapundi Banda as professor van Toegepaste Wiskunde verwelkom. Sy navorsingsbelange lê in numeriese metodes vir vloeï- en transportprosesse. Nadat Dr Gerhardus Diedericks

die akademie vir vyf jaar verlaat het om hom op navorsing as 'n numeriese modelleerder in die Eenheid vir Natuurlike Hulpbronne en die Omgewing by die WNNR toe te spits, het hy as 'n senior dosent in Toegepaste Wiskunde na die Universiteit Stellenbosch teruggekeer.

Prof David Holgate het na 15 jaar diens aan die universiteit in September bedank om die posisie van professor en voorsitter van die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van die Wes-Kaap te aanvaar.

In November het Toegepaste Wiskunde 'n spesiale afskeidsfunksie gehou vir mnr Piet Crous, wat na 43 jaar diens aan die Universiteit Stellenbosch afgetree het. Hy was 'n toonbeeld van professionalisme en het altyd op die geheelbeeld gefokus. Sy reuse bydrae oor die jare kan nie aan getalle of toekennings gemeet word nie – hy het geslagte studente beduidend en positief beïnvloed met sy spesiale vermoë om 'n band met sy studente te vorm. Drie vakatures in die departement is deur die aanstelling van opkomende jong akademici gevul. In Rekenaarwetenskap sal Prof Bernd Fischer in Februarie 2013 in die posisie van medeprofessor begin; hy sal ook tot die navorsingsgroep vir die verifiëring van stelselprogrammatuur bydra. In Wiskunde is dr Gareth Boxall en dr Dimbinaina Ralaivaosaona onderskeidelik aangestel as dosente met ingang April 2013 en Julie 2013. Dr Boxall se navorsingskundigheid is in Modelteorie en Logika, en dié van Dr Ralaivaosaona in Probabilistiese Kombinatorika.

Gemeenskapsdiens

Die Internasionale Wiskunde-unie het "The Mathematics of Planet Earth" as die tema vir 2013 verklaar, en as gevolg van die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging (SAMS) en die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) in aktiwiteite wat hierdie tema vier, is daar besluit om 'n openbare lesing te reël om die 55ste jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging by die Universiteit Stellenbosch vooraf te gaan. Hierdie geleentheid, gereël deur dr Bruce Bartlett, was uniek in die sin dat prof Mark Swilling (direkteur van die Volhoubaarheidsinstituut) en prof John Baez (Universiteit van Kalifornië - Riverside) die hoofsprekers was. Hulle het hul praatjies via Skype en voorafopgeneemde video gelewer. Die geleentheid is deur sowat 190 mense bygewoon, waaronder 'n aantal leerders van die Kaapse Akademie vir Wiskunde, Weten-

skap en Tegnologie in Kaapstad, SAMS-afgevaardigdes, studente en personeellede van die Universiteit Stellenbosch, lede van die publiek en AIMS-studente. Die geleentheid is wyd aan skole in die Stellenbosch-distrik geadverteer: Prof John Baez se praatjie is op YouTube beskikbaar (<http://www.youtube.com/watch?v=L4RpU1iLg34>) en is op intydse forums bespreek.

Die *Maties Computing Club*, 'n rekenaarwetenskapklub wat tans deur mnr Willem Bester en dr Steve Kroon gekoördineer word, is deur die Afdeling Rekenaarwetenskap van stapel gestuur. By die weeklikse eenkomste word 'n interaktiewe informele lesing aangebied om leerders en mense in die bedryf, ongeag hul vlak van tegniese agtergrond, aan te spoor om programmering te doen.

As deel van haar rol as gemeenskapsinteraksie- en bemarkingsvertegenwoordiger het dr Karin-Therese Howell skoolbesoeke geïnisieer om met leerders oor Wiskundestudie en beroepsmoontlikhede te gesels. 'n Program is van stapel gestuur om oor die verloop van hul drie jaar lange graadprogram op hoogte te bly van die vordering van studente met Wiskunde as hoofvak ten einde te verseker dat die Wiskundemodules inspirerend en relevant is. Hierdie program sal volgende jaar voortgesit word.

Prof Lynette van Zijl voel sterk oor bystand vir studente met unieke uitdagings in die leeromgewing – in die besonder studente met visuele struikelblokke, met beperkte gehoor, wat op die outisme-spektrum lê, of met lees- en/of leer- uitdagings soos disleksie of disgrafie sukkel. Deur haar ontwikkeling van rekenaargesteunde terapieë het leerders en universiteitstudente met sodanige uitdagings 'n beter kans op sukses in hul studie. Dit is noemenswaardig dat hierdie tegnologiese toepassings van haar navorsingswerk in outomateteorie is, en dat skole haar vir konsultasie oor bystandstegnologie nader.

Die Departement Wiskundige Wetenskappe, onder koördinering van prof Pieter Maritz, is een van die opleidingsentra van die *Siyanoqoba*-program vir olimpiadeopleiding op streeksvlak (geborg deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie en aangebied deur die Suid-Afrikaanse Wiskundestigting). Die doelwit van die program is om hoërskoolleerders wat vir olimpiade-kompetisies inskryf, te help ten einde hul prestasie en bekwaamheid te verbeter. Prof Stephan Wagner en dr Steve Kroon was by die opleidingsessies betrokke. Die departement het daarbenewens, onder leierskap van prof Stephan Wagner, sy



MSc-student mnr Willem Bester

Rekenaarwetenskapstudent wen toekening vir beste voordrag

Studente van die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Rekenaarwetenskap in die Departement Wiskundige Wetenskappe het 'n rekordgetal voordragte gelewer tydens die jaarlikse navorsingskonferensie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rekenaarwetenskaplikes en Inligtingstegnoloë (SAICSIT 2012) wat van 1 tot 3 Oktober 2012 in Centurion, Gauteng aangebied is.

Boonop het **mnr Willem Bester** die toekening vir die beste navorsingsvoordrag in Rekenaarwetenskap ontvang vir sy navorsing getiteld: "Bug-finding and automatic test-case generation through symbolic execution." Die voordrag is gebaseer op sy MSc-studie onder leiding van **prof Willem Visser** en **dr Cornelia Inggs**.

aktiewe betrokkenheid by die opleidingsprogram vir die Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade (geborg deur Harmony Gold Mining) voortgesit met 'n opleidingskamp elke Desember en deur deel te wees van die komitees wat vir die opstel en moderering van die jaarlikse vraestelle vir die Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade verantwoordelik is.

Samewerking SUID-AFRIKA

Afrika Instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS)
Denel
Gensec Batebestuur
iThemba Labs
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
Reutech Radar Systems
Rheinmetall Denel Munition
SASOL
Universiteit van Pretoria
Universiteit van die Witwatersrand
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

AFRIKA

Nasionale Universiteit van Wetenskap en Tegnologie (Zimbabwe)
Universiteit van Antananarivo (Madagaskar)
Universiteit van Botswana (Botswana)

INTERNASIONAAL

Argentinië

Die Buenos Aires Instituut van Tegnologie (ITBA)

Australië

Universiteit van Melbourne

België

Katolieke Universiteit Leuven

Duitsland

Universiteit van Kassel
Universiteit van Tübingen

Hongarye

Hongaarse Akademie vir Wetenskappe
Universiteit van Miskolc

Ierland

Trinity College Dublin

Meksiko

Nasionale Onafhanklike Universiteit van Meksiko (UNAM)

Oostenryk

Alpen-Adria Universiteit van Klagenfurt
Graz Universiteit van Tegnologie
Weense Universiteit van Tegnologie

Pole

Nasionale Instituut vir Telekommunikasie
Universiteit van Warsaw

Portugal

Sentrum vir Wiskunde aan die Universiteit van Coimbra (CMUC)

Roemenië

Universiteit van Boekarest

Rusland

Gesamentlike Instituut vir Kernkragnavorsing (JINR)
Staatsuniversiteit van Moskou

Serwië

Universiteit van Kragujevac

Switserland

ETH Zürich

Verenigde State van Amerika

Georgia Southern University
NASA Ames Navorsingsentrum
Internasionale Universiteit van Texas A&M (TAMU)
Universiteit van Colorado Boulder
Universiteit van Nebraska-Lincoln

Befondsing

Buro vir Industriële Wiskunde aan die Universiteit Stellenbosch (BIWUS)
Krygkor
Mellon Early Researcher Career Programme (Mentorskapprogram)
Nasionale Navorsingstigting Aansporingsbefondsing
Nasionale Navorsingstigting Bilaterale samewerking:
Hongarye
Nokia Siemens Netwerke
Telkom
Universiteit Stellenbosch

Personeel

Doserend

Prof IM Rewitzky (*uitvoerende hoof*)

Prof MK Banda

Dr B Bartlett

Prof F Breuer (*afdelingshoof*)

Dr WH Brink

EJ Burger

Dr J Coetzee

PH Crous

Dr GH Diedericks

Prof A Fransman

Dr J Geldenhuys

I Govender

Prof BW Green

Dr PJP Grobler

Prof J Hargrove

HA Haroldt

Prof BM Herbst

Dr M Hoffman

Prof D Holgate

Dr K-T Howell

Dr CP Inggs

Dr Z Janelidze

Dr AP Keet

Dr RS Kroon

Dr MF Maritz

Prof S Mouton

Dr MA Muller

Dr NL Muller

Dr CG Naude

Dr F Nyabadza

Dr P Ouwehand

Prof H Prodinge

Prof GJF Smit (*afdelingshoof*)

JP Swanepoel

Prof AB van der Merwe

Dr S van der Walt

Prof L van Wyk

Prof L van Zijl

Prof W Visser (*afdelingshoof*)

Prof S Wagner

Prof JAC Weideman

LK Wessels

Prof M Wild

S Woudberg

Buitengewone professore

Prof JM de Villiers

Prof MB Dwyer

Prof T Krzesinski

Prof JW Sanders

Prof B Schölkopf

Buitengewone medeprofessor

Prof K Scheffler

Buitengewone senior lektore

Dr R Ghomrasni

Dr A Welte

Buitengewone lektor

Dr R Ouifki

Buitengewone navorsers

Prof D Laurie

Prof P Maritz

Dr C Rohwer

Ondersteuningspersoneel

M Abrahams

A Adams

L Adams

W Bester

W Isaacs

B Jacobs

OM Marais

MM Rhoda

AL Roman

D Stephanus

M van Niekerk

Navorsers met NNS-graderings

Toonaangewende internasionale navorser

Prof Helmut Prodinge

(*analise van algoritmes, getalteorie en kombinasieleer*)

Internasionaal erkende navorser

Prof Ben Herbst

(*rekenaarvisie en masjienleer*)

Prof David Holgate

(*kategorieteorie*)

Prof Leon van Wyk

(*ringteorie en matriksalgebra*)

Prof Willem Visser

(*programmatuur-defek, programmatuur-ingenieurswese en programmatuur-ontwikkeling*)

Prof André Weideman

(*numeriese analise en wetenskaplike berekening*)

Gevestigde navorser

Prof MK Banda

(*numeriese metodes vir vloeï- en vervoerprosesse*)

Dr Jaco Geldenhuys

(*programmatuur-ingenieurswese, in die besonder modelkontrolering en proses-algebra*)



By die toekenningsereemonie is Jacques Swanepoel (regs) afgeneem saam met medewenner George Eskander, Angelo Marcelli van die Internasionale Grafonomiese Vereniging (IGV), Sebastiano Impedovo, voorsitter van die internasionale konferensie, en Rejean Plamondon (IGV).

Handtekeningkenner wen toekening in Italië

Jacques Swanepoel, 'n doktorsale student in Toegepaste Wiskunde, het internasionale erkenning ontvang vir die spesifieke algoritmes wat hy ontwikkel het om statiese handskrifverifikasie – soos op 'n tjek – te vergemaklik.

Swanepoel het in Italië die Internasionale Grafonomie-vereniging se toekening vir die beste voordrag deur 'n student ontvang tydens 'n internasionale konferensie oor handskrifherkenning, die International Conference on Frontiers in Handwriting Recognition. Grafonomie hou verband met handskrifontleding, -herkenning en -produksie.

Die titel van sy wenpraatjie was "Writer-specific Dissimilarity Normalisation for Improved Writer-independent Off-line Signature Verification". Die term "off-line" by handskrifontleding verwys na "tradisionele pen-op-papier handtekeninge" wat met 'n skandeerder gedigitaliseer word. Sogenaamde "on-line" handtekeninge word met 'n digitale pen op 'n tablet gemaak.

Sy navorsing het nie om dowe neut 'n toekening ontvang nie. Hy het dit reeds getoets aan die hand van Dolfing se datastel, 'n databasis van 1 530 egte handtekeninge en 3 000 vervalste weergawes, en gevind dat sy stelsel telkens beter daartoe in staat is om die ware Jakob uit te wys as enige ander bestaande stelsel.

Dit sal onder meer van groot waarde wees in die bankwese, waar dit nodig is om eers die egtheid van 'n handtekening op 'n tjek of kredietkaartstrokie vas te stel voordat uitbetalings gemaak mag word.

Swanepoel onderneem sy doktorsale navorsing onder leiding van **dr Hanno Coetzer** van die Afdeling Toegepaste Wiskunde in die Departement Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap). Dit vorm deel van navorsing wat in die afdeling gedoen word oor rekenaarvisie, patroonherkenning en masjienleer.

Dr Sonja Mouton
(Banach algebras en spektraalteorie)

Dr F Nyabadza
(biowiskunde)

Prof Ingrid Rewitzky
(die wiskunde van rekenaarwetenskap)

Prof Brink van der Merwe
(outomaatteorie)

Prof Lynette van Zijl
(teoretiese rekenaarwetenskap en ondersteunende tegnologieë)


Belowende jong navorsers

Prof Florian Breuer
(getalleteorie)

Dr Zurab Janelidze
(kategorieteorie en universele algebra)

Prof Stephan Wagner
(kombinasieleer en grafiekteorie)

Department of **Earth Sciences**



Researchers study the chemical and mineralogical composition of iron particulates in the ocean between Cape Town and Antarctica. This adds to our understanding of how trace nutrients impact on the productivity of oceans, thereby affecting the global carbon cycle, ocean acidification and climate change. The map and pie charts above show the relative distribution of iron species as defined by their spectral features. The results of this study were published in the leading scientific journal, *Science*.

Department of **Earth Sciences**

Research Interests

Tectonics and orogenic processes; sedimentology of the Karoo Basin; petroleum geology; petrogenesis of granitic rocks; metamorphic petrology; trace-element and isotope geochemistry; experimental petrology; shear-zone hosted gold deposits; massive sulphide deposits; heavy mineral placer deposits; metallogenesis of mobile belts; environmental water and soil geochemistry.

Research outputs

Articles in accredited journals	19
Books	1
Conference proceedings	1
Editorial activities (books and journals)	4
MSc students graduated in 2012	8
PhD students graduated in 2012	5

Research highlights

Prof Gary Stevens's SARChI Chair was renewed and upgraded to a Tier I Chair, with increased funding. His NRF research rating was upgraded. He delivered a keynote address entitled "From Anatexis to Granite: an Examination of How Melt Chemistry and Peritectic Assemblage Entrainment Shape Granite Compositions" at the 34th International Geological Congress (Australia).

Prof Abraham Rozendaal chaired and presented a lecture in the Council for Geoscience Namaqualand Initiative Workshop, held in November.

Prof Alex Kisters' NRF rating was upgraded to B and he has secured significant funding for a major, three-year research project in Tanzania with AngloGold Ashanti.

Prof Ian Buick has secured three years of funding as a Special Visiting Researcher as part of the Brazilian Science Without Borders programme.

PhD student Bjorn von der Heyden, his supervisor Prof Alakendra Roychoudhury and a number of other contributors jointly published a high-profile paper in the journal *Science*. The title of the paper is: "Chemically and Geographically Distinct Solid-Phase Iron Pools in the Southern Ocean".

Contact details

Tel 021 808 3124

Fax 021 808 3129

E-mail roy@sun.ac.za

Web www.sun.ac.za/earthSci

Academic affairs

The honours cohort for 2012 is a record 34 students and is indicative of the year-on-year increases that we have been able to sustain since 2007 when we had halve that number. Given the nature of our project-driven honours programme the large numbers are proving difficult to handle. This has no impact on the department's ability to supervise MSc and PhD students, as these are recruited from external sources as well as the best of our own honours graduates.

The department also hosts 18 MSc and seven PhD students, a substantial cohort considering the size of our staff complement.

Service to the scientific community

Prof John Clemens chaired the Earth Sciences Ratings Panel of the National Research Foundation (NRF). He is the founding president of the Igneous and Metamorphic Studies Group (affiliated with the Geological Society of SA) and a member of the Post-NOMAD drilling programme steering committee.

Prof Alakendra Roychoudhury is an associate editor of the international journal *Applied Geochemistry*, a member of the Council for the International Association of GeoChemistry (IAGC), a member of the Awards Committee of the IAGC and the Geochemical Society and a founder member of Africa Earth Observatory Network (AEON). In addition he is also a board member of the Marine Research Institute (MA-RE) at the University of Cape Town, a steering committee member of the Applied Centre for Climate and Earth Systems Science (ACCESS), of the International Geotraces Programme, and of the National Oceanographic Equipment and Planning Committee.

Prof Gary Stevens is a committee member of the Western Cape Regional Expensive Equipment Programme (REEP). He also contributes in his position as Director of the Central Analytical Facility (CAF) at Stellenbosch University and, perhaps most importantly, as the SARChI Chair of Experimental Petrology, hosted within the Department of Earth Sciences, as part of the South African Research Chair Initiative (SARChI) Programme. He is a member of the editorial boards of *Lithos*, *Terra Nova* and the *Journal of Metamorphic Geology*.

Prof Alex Kisters serves on the editorial

board of the *South African Journal of Geology* and as a panel member of the NRF South African National Antarctic Programme (SANAP).

Prof Ian Buick is a member of the editorial boards of *Lithos* and *Gondwana Research*.

Dr Jodie Miller chairs the Western Cape Branch of the Geological Society of South Africa (GSSA).

Prof Dirk Frei is a permanent member of the European Science Foundation's pool of reviewers for research proposals.

The academic staff in the department regularly serve as reviewers of scientific papers, research proposals and rating applications (nationally and internationally). They also acted as external examiners of MSc and PhD candidates.

Awards to staff and students

Ms Tarryn-Kim Rudnick was presented with the Geological Society of South Africa's Houghton Award for the best BSc Honours thesis in earth sciences at a South African university. Her thesis concerns aspects of the origin of the Swartberg Cu-Pb-Zn-Ag deposit in the northwest of South Africa.

Staff matters

Dr Catherine Clarke (environmental and soil geochemistry) left the Department of Earth Sciences and transferred to Soil Science as a lecturer. Her replacement, Dr Susanne Fietz, takes up her duties on 1 January 2013.

During 2012, Prof Axel Gerdes from Goethe University (Germany) was appointed as Extraordinary Professor. Prof Gerdes is a renowned researcher in geochemistry and isotope geoscience.

Collaboration

SOUTH AFRICA

Agricultural Research Council, Nietvoorbij
Council for Geosciences
Council for Scientific and Industrial Research
iThemba Labs
Rhodes University
South African Nuclear Energy Corporation
University of Cape Town
University of Pretoria
University of the Western Cape
University of the Witwatersrand

AFRICA

Geological Survey of Namibia
University of Namibia

INTERNATIONAL General

Geotraces International (Australia, UK, USA)

Australia

Australian National University
Curtin University of Technology
James Cook University
Monash University
Museum Victoria
University of Adelaide

Brazil

Federal University of Ouro Preto

Canada

McGill University
University of Ottawa

China

China University of Geosciences, Wuhan Campus

Denmark

Geological Survey of Denmark and Greenland

Finland

University of Helsinki

France

University Blaise-Pascal, Clermont-Ferrand
University of Brest
University of Paris VII
University of Rennes
University of St Etienne

Germany

Aachen University of Technology
Freiburg University
Memorial University
University of Hamburg

India

University of Rajasthan
Indian Institute of Technology Kharagpur

Ireland

University College Dublin

Italy

University of Padova

Japan

Shizuoka University

The Netherlands

Delft University of Technology
Rijks University of Groningen
University of Utrecht

Spain

University of Grenada

Sweden

Linköping University

Switzerland

University of Lausanne

Photo: Engela Duvenage



Mr Bjorn von der Heyden and his study leader Prof Alakendra Roychoudhury.

Doctoral student publishes in Science

